voordat Apartheid wordt afgeschaft en er democratische verkiezingen in Zuid Afrika zijn (1994), verbeeldt deze roman al het einde van die dominantie. Wat deze roman werkelijk opmerkelijk maakt, is dat zij ook al de principes formuleert op basis waarvan de Truth and Reconciliation Commission het verleden zal proberen te gaan verwerken. Niet door daders en schuldigen aan te wijzen en hen vervolgens te veroordelen, maar door zowel daders als slachtoffers te laten getuigen als onderdeel van een nationale verzoening.

In haar indrukwekkende verslag van de Truth and Reconciliation Commission constateert Antjie Krog echter het volgende:

> [...] the word "reconciliation" is used most often by Afrikaner politicians. Although you might expect them to use it as a cover-up for their fear that they alone will be held responsible for the country's shameful past, they mainly prefer to use it as a threat: Give us what we want, or we *won't* reconcile with a black government. (143)

Zonder dat Van Heerden het woord "reconciliation" in zijn roman gebruikt (zijn woord is vergiffenis), is de functie van Kaatjie Danster als de persoon die de geschiedenis inkadert, inleidt en afrondt precies die van *reconciliation*. Nadat de waarheid aan het einde aan het licht gekomen is en Abel de schuld van zijn clan op zich genomen heeft, verleent zij met haar blik en in haar gedachten amnestie. Dit moment van amnestie is de *reconciliation*; een verzoening met de geschiedenis, in plaats van een rechtvaardiging ervan.

Dit werpt een heel ander perspectief op de rol die literatuur in geschiedenis speelt dan die ik in het begin van mijn betoog besprak. Het gaat niet langer om literatuur als een performatieve handeling die met zijn geschiedenis een status quo rechtvaardigt. Het gaat nu om literatuur als een performatieve handeling die een uitweg zoekt naar de toekomst. Antjie Krogs reflectie op de uitdrukking "reconciliation" is wederom uiterst belangrijk:

> But in this country, there is nothing to go back to, no previous state or relationship one could wish to restore. In these stark circumstances, "reconciliation" does not even seem the right word, but rather "conciliation". (143)

De uitdrukking *conciliation* betekent ook verzoening, maar deze is toekomstgericht, hij betreft een performatieve handeling die de persoon of de groep tot wie hij is gericht "overhaalt" en daarmee "verwerft".

Vanuit dit perspectief lijkt Etienne van Heerden met zijn literaire roman al een ontwerp geleverd te hebben voor de Truth and Reconciliation Commission en daarmee voor het nieuwe Zuid-Afrika. Er is echter een aspect aan deze roman dat de visionaire verbeelding ervan in een ander daglicht stelt. Voor Mark Sanders, met wie ik mijn betoog begon, is "*complicity*", medeplichtigheid, niet alleen onvermijdelijk maar ook noodzakelijk. *Com-plic–ity* betekent letterlijk "*folded-together-ness*", een samen-geplooid-zijn. Maar zo merkt hij op, "*complicity* takes place *on behalf of another* – an other whose otherness is scripted by racism." (5). In zijn theoretische analyse van medeplichtigheid, is zijn "*case*" niet Zuid-Afrikaans, maar Frans. Het racisme verwijst hier naar het antisemitisme dat door Zola in zijn pleidooi "J'accuse" voor de Joodse officier Dreyffus

aan de kaak werd gesteld. De vraag die zich daardoor opdringt is: Wie is die ander in naam van wie de verzoening via *Toorberg* verbeeld wordt? Het is niet Kaatjie Danster en haar clan via wie de verzoening voltrokken wordt. Zoals Antjie Krog opmerkte, waren het met name de Afrikaners die het woord "reconciliation" aanvoerden, of in dit geval via een roman bepleitten. Deze *complicity* gebeurt niet in naam van een ander, maar in naam van de eigen groep, door de literaire verbeelding van de Afrikaner Van Heerden, niet door die van Kaatjie Danster. Daarmee lijkt de in literatuur tot stand gebrachte verzoening toch weer heel veel op een rechtvaardiging, een rechtvaardiging van een toekomst die in 1986 nog in het verschiet ligt. Want rechtvaardiging, althans zoals die door zowel Nederlanders als Afrikaners in het verleden gepraktiseerd werd, betrof altijd het eigen handelen en de eigen positie.

Universiteit Leiden

Bibliografie

Coetzee, J.M. 1980. *Waiting for the Barbarians*. New York: Penguin.

Coetzee, J.M. 1988. *White Writing: On the Culture of Letters in South Africa.* New Haven: Yale University Press.

Diala, I. 2000. Biblical Mythology in André Brink's Anti-Apartheid Crusade, *Research in African Literatures* 31,1, 80-94.

Gallagher, S.Vanzanten. 1991. *A Story of South Africa: J.M. Coetzee's Fitcion in Context.* Cambridge MA: Harvard University Press.

Jacobs, Alan. 1994. The Nightmare of History Revisited: André Brink 's *An Instant in the Wind*, in Susan Vanzanten Gallagher (ed.), *Postcolonial Literature and the Biblical Call for Justice.* Jackson: University Press of Mississippi, 183-97.

De Klerk, W.A.1975. *The Puritans in Africa: A Story of Afrikanerdom.* London: Rex Collings.

Krog, Antjie. 1998. *Country of My Skull: Guilt, Sorrow and the Limits of Forgiveness in the New South Africa.* New York: Random House.

Lubbe, H en R. Wiehahn. 2000. Die Afrikaanse plaasroman in die 20ste eeu, *Stilet* XII (2).

van der Merwe, C.N. 1994. *Breaking Barriers: Stereotypes and the Changing of Values in Afrikaans Writing 1875-1990.* Amsterdam: Rodopi.

Postel, Gitte. 1996. *Unheimlich moederland: (Anti-) Pastorale Letteren in Zuid-Afrika.* Leiden: Leiden University Press.

Sanders, Mark. 2002. *Complicities: the Intellectual and Apartheid.* Durham: Duke University Press.

Schama, Simon. 1987. *The Embarrassment of Riches: An Interpretation of Dutch Culture in the Golden Age.* New York: Knopf.

Van Coller, H.P. 1995. Die Afrikaanse plaasroman as ideologiese refleksie van die politieke en sosiale werlikheid in Suid-Afrika, *Stilet*, VII (2).

Van Coller, H. P. 2006. Die representatie van plaas, dorp en stad in die Afrikaanse prosa, *Stilet*, XVIII (1).
van Heerden, Etienne. 1986. *Toorberg*. Kaapstad: Tafelberg.
Van Heerden, Etienne. 1992. *Ancestrial Voices.* New York: Viking.
Walzer, Michael. 1985. *Exodus and Revolution.* New York: Basic.
Walzer, Michael. 1992. The Idea of Holy War in Ancient Israel, *Journal of Religious Ethics* 20 (2), 215-28.

Noten

1 De Nederlanders en Afrikaners zijn hierin overigens niet uniek. In zijn boek *Exodus and Revolution* laat Michael Walzer zien dat het boek *Exodus* in de politieke geschiedenis van het Westen door bijna iedere "bevrijdingsbeweging" als centrale analogie wordt gebruik.

2 Voor een uitvoerige bespreking van hoe de zestiende en zeventiende eeuwse Nederlandse republiek gebruik maakte van analogieën met het Oude Testament, met name het boek *Exodus*, zie Simon Schama, *The Embarrassment of Riches: An Interpretation of Dutch Culture in the Golden Age.* (1987)

3 Zie voor een bespreking van Bijbelse intertekstualiteit en Van Heedens *Toorberg* ook C. N. van der Merwe (1994).

4 Zie voor een uitstekende analyse van het genre van de *plaasroman*, Gitte Postel (2006).

Stories wat die waarheid lieg, en stories wat leuens verdoesel – 'n blik op die "stories" in *Indische Duinen* (Adriaan van Dis, 1994), *Sleuteloog* (Hella Haasse, 2002) en *Agaat* (Marlene van Niekerk, 2004)

Annette Jordaan

In this article the focus is on the role of stories and "fabrications" in constructing an "invented" version of the truth. The telling of such stories is seen not only as a manifestation of man's search for truth and meaning, but also as an effort to deal with painful memories or to cloak past lies. The discourse deals with two post colonial Dutch novels, Indische Duinen *(Van Dis, 1994) and* Sleuteloog *(Haasse, 2002), and one "post colonial" Afrikaans novel,* Agaat *(Van Niekerk, 2004). It is concluded that the narrator of the "stories/fabrications" in each is trying to free him-/herself from a painful memory or from a deeply rooted sense of guilt. The implication is that the story teller is dealing with these memories by means of a "healing tale", and is reminiscent of the viewpoint of Estes in* Women who run with the wolves*: stories are not used for entertainment alone, but story telling is, in its oldest sense, "a healing art".*

1. Inleiding

Die volgende aanhalings uit uiteenlopende bronne hou almal verband met wat beskryf kan word as die "waarheidskeppende" en "singewende" rol van stories. Die samehang tussen die aanhalings behoort uit die kort bespreking verderaan in die inleiding duideliker te word. (Alle kurisverings is die skrywer s'n om belangrike frases en sentrale idees te beklemtoon.)

> Storytelling is… not an idle practice… Although some use stories as entertainment alone, *tales are, in their oldest sense, a healing art*… In dealing with stories, we are handling archetypal energy, which is a lot like electricity… Archetype changes us; if there is no change, there has been no real contact with the archetype. *The handing down of a story is a very big responsibility*… (Estes, 1992:463).

> En alles –
> die *essentials vannie dinge Here* –
> is niks ma' niks oek minder
> *as 'n storie* … (Small, 1987:14)

> I am busy with the truth … *my* truth. Of course, *it's quilted together from hundreds of stories* that we've experienced or heard about in the past two years. *Seen from my perspective, shaped by my state of mind* at the time and now also by the audience I'm telling the story to. *In every story there is hearsay, there is grouping together of things* that didn't necessarily happen together, there are assumptions, there are exaggerations […], there is downplaying … (Krog, 1998:170 -171).

> *We all are, I suppose. Trying to invent our version of the story. All human odes are essentially one: 'My life: what I stole from history, and how I live with it'. (…) Myths are stories of our search through the ages for truth, for meaning, for significance*… (Campbell in: Flowers, 1988:5).

Dit gaan in hierdie diskoers oor die "waarheidskeppende" en "singewende" rol van stories. Maar watter soort stories is ter sprake? Nie die sprokies en feëverhale wat kleintyd aan kinders voorgehou word as die "heilige waarheid" nie, en ook nie dit wat studente in die letterkunde leer ken as die intriges en oorkoepelende temas van letterkundige werke nie.

Wat in hierdie geval met "stories" bedoel word, is die kleiner stories binne dié letterkundige tekste - die verhale en versinsels wat deur vertellers of karakters bedink of vertel word met uiteenlopende oogmerke: vir vermaak, vir troos, vir gemoedsrus, as verskoning vir werklike of vermeende oortredings, om die ander of die self te bluf of selfs om met ander stories af te reken. Daarom dan die formulering: stories wat die waarheid lieg of stories wat leuens verdoesel.

In 'n gesprek rondom stories as konstruksies van die waarheid is die kwessie van waarheid en leuen uiteraard kernfasette. Hier bevind die ondersoeker haar egter in 'n mynveld van uiteenlopende sieninge rondom die kwessie van die waarheid.

Wat ís **waarheid**? Dit was die vraag wat Pilatus vir Christus gevra (volgens Johannes 18:38), en wat toe onbeantwoord gebly het, alhoewel Christus elders na Hómself as die weg en die waarheid verwys. Sedertdien word dieselfde vraag steeds oor en oor gevra – deur wysgere, teoloë, wetenskapsnavorsers, geskiedskrywers, biografwe, en selfs outobiografwe: Wat is waarheid? Wie weet? Wie sê? Wie se waarheid is dit? Is die waarhede van die dag dieselfde as die meesternarratiewe van die heersers van die oomblik, of is waarheid universeel en ewigdurend "waar"?

Binne die konteks van die postmodernisme is daar ook heelwat oor die aangesig van die waarheid bespiegel. Bertens en D'Haen (1988:9) sien die postmodernisme nie as 'n definiërende term nie, maar as 'n heuristiese instrument – dit wil sê 'n instrument waarmee **waarhede** ontdek word deur antwoorde te verskaf op bepaalde vrae. Volgens die twee outeurs verskaf die postmodernisme dus "een interpretatief kader dat ons in staat stelt dingen te zeggen over een literaire teks… die binnen een ander interpretatief kader – dat van het realisme bij voorbeeld – niet gezegd kunnen worden."

Een moontlikheid is om die waarheid binne die konteks van miteskepping te sien as daardie faset van die menslike bestaan wat gemoeid is met 'n soeke na sinvolheid. Vergelyk in hierdie verband die aanhaling hierbo van die bekende mitoloog Joseph Campbell wat mites en stories gelykstel en beide sien as in diens van die soeke na sinvolheid en waarheid.

Met betrekking tot die ander aanhalings hierbo, kan die volgende samevatting voorts gemaak word:

Adam Small sien die "essentials" (wat moontlik gelyk gestel kan word aan die **kernwaarhede**) as niks anders as 'n storie nie.

Elke storie word egter vertel vanuit die verwysingswêreld van die verteller, en kan dus nie anders as om wesentlik subjektief te wees nie. Vergelyk in hierdie verband Barbara Kingsolver se uitspraak in *The Poisonwood Bible* dat ons elkeen besig is om ons eie versie ("our version") van die storie te probeer vertel – of eintlik te versin. Ook Antjie Krog wys op die rol van die subjektiewe in die "opbou" van 'n verhaal: die "storie" wat sy in *Country of my skull* vertel, is soos 'n lappieskombers aaneengeryg uit honderde kleiner stories. Haar storie word dan doelbewus gerekonstrueer vanuit die

eie perspektief, met inagneming van die spesifieke gehoor en deur seleksie en ordening van die gebeure en die gehoorde. Die uiteindelik waarheid is dus in 'n hoë mate 'n gemanipuleerde een.

Oor die genesende krag van storievertelling is daar binne die perspektief van die narratiewe terapie reeds heelwat geskryf. Hier kan byvoorbeeld verwys word na die werk van teoloë en psigoloë soos onder andere Julian Müller van die Universiteit van Pretoria. In *Om tot verhaal te kom: pastorale gesinsterapie* (1996) verduidellik Müller dat die sinspeling in die titel daarop dui dat "'n mens tot herstel van jou kragte kom deur te kom tot die vertel van jou verhaal." Binne die konteks van storievertelling as terapie vind innerlike genesing dus plaas deur pyn en trauma tot verhaal te bring. Stories het nie vir die narratiewe terapeut in die belangrikste instansie 'n fiksionele of estetiesliterêre funksie nie, maar wel 'n terapeutiese een. Die aanhaling hierbo van Clarissa Pinkola Estes uit *Women who run with the wolves*, is hier ter sake – "tales are, in their oldest sense, a healing art."

2. Die postkoloniale konteks van die drie romans

Wanneer daar na die "stories" in die drie romans gekyk word, moet een van die belangrike ooreenkomste tussen die drie tekste in gedagte gehou word. Al drie kan naamlik in hoë mate gesien word as postkoloniale romans: in die geval van *Indische duinen* en *Sleuteloog* "post"-Indonesië en in die geval van *Agaat* post-apartheid.

Die fokalisator in elkeen kom ook uit die koloniste-groep of is 'n nasaat van dié groep en dus nie self 'n gekoloniseerde nie. Agaat se rol in die gelyknamige roman is byvoorbeeld van kardinale belang, maar sy bly deurgaans "die ander", die raaiselagtige, in wie gedagtewêreld die leser nooit 'n eerstehandse insae kry nie.

Nog 'n ooreenkoms is myns insiens dat die verteller van die stories of versinsels hom of haar daardeur wil bevry van 'n ongemaklike wete of wil vrystel van die een of ander skuldbesef. Hierdie pogings tot vergoeiliking impliseer dan ook dat daar óf pynlike herinneringe óf 'n diepgewortelde skuldgevoel bestaan wat by wyse van verskeie "herskeppende konstruksies van die waarheid" bygelê moet word. 'n Gemene deler in die post-koloniale diskoers, so wil dit voorkom, is verduideliking en verweer, of andersyds belydenis en boetedoening.

In *Indische duinen* en *Sleuteloog* worstel die hoofkarakter deurgaans met die raaisels, geheime en herinneringe aan die Indonesiese verlede. In *Agaat* probeer Milla, die sterwende wit plaaseienaar, haar hartelose optrede lank terug teenoor die bruin kind as 't ware teenoor haarself goedpraat. Ook in die romanverlede van *Agaat* is daar blyke van bepaalde tegnieke wat Milla aanwend en tot versinsels omvorm om haar optrede vir haarself te regverdig.

Daar volg nou 'n kort bespreking van die genoemde rol van "stories" in elkeen van die drie romans afsonderlik.

3. *Indische duinen* (Adriaan van Dis, 1994)

Carel Peeters noem Adriaan van Dis se 1994-roman, *Indische Duinen*, "een genadelose autobiografische roman" (soos in die flapteks). Die verteller praat met verwysing na sy vader se lewensverhaal van die "leugens uit zijn jeugd" en daarteenoor die "mooie theorieën" wat hoofsaaklik daarop gemik was om dié leuens te verdring.

'n Nederlandse vrou word na die oorlog en die onafhanklikheidswording van Indonesië gerepatrieer na Nederland en kry 'n huis tussen die duine. Sy is swanger ten tye van die repatriasie, en vergesel van haar drie bruin dogtertjies en haar minnaar, die vader van haar ongebore kind. Die herinnering aan Indonesië en al die belewenisse daar is egter deel van haar en die dogters – kinders van 'n inlander wat tydens die oorlog in diens van die KNIL 'n heldedood gesterf het – se geheue, en die Nederlandse duine bly dus vir hulle "Indiese duine" – metafoor van die ruimte wat hulle verlaat het.

'n Nederlandse vrou word na die oorlog en die onafhanklikheidswording van Indonesië gerepatrieer na Nederland en kry 'n huis tussen die duine. Sy is swanger ten tye van die repatriasie, en vergesel van haar drie bruin dogtertjies en haar minnaar, die vader van haar ongebore kind. Die herinnering aan Indonesië en al die belewenisse daar is egter deel van haar en die dogters – kinders van 'n inlander wat tydens die oorlog in diens van die KNIL 'n heldedood gesterf het – se geheue, en die Nederlandse duine bly dus vir hulle "Indiese duine" – metafoor van die ruimte wat hulle verlaat het.

Die seun wat in Nederland gebore word, is die kind van haar tweede man met wie sy egter nooit wettig kan trou nie omdat haar vorige eggenoot se dood nie bevestig is nie. Hierdie seun, nou die volwasse verteller vanuit 'n agterna-perspektief , is dus die buitestaander, die enigste lid van die gesin sonder die gedeelde koloniale verlede. Hy merk later omtrent die jongste van sy drie halfsusters, Saskia, die volgende op: "Als kinderen maakten we altijd ruzie: zij zag mij mokken voor een vol bord, verwend, in welvaart opgevoed. Ik voelde me buitengesloten en mocht niet delen in het indische verleden. Zij was jaloers op mijn vrede. Ik was jaloers op haar oorlog."

Sy eerste lewensjare word boonop bemoeilik deur sy vader se obsessiewe pogings om hom gehard te maak vir die volgende oorlog wat glo onafwendbaar is. Hy vertel voortdurend vir sy seun van sy eie jeug in Indonesië, sy suiwer blanke afkoms, en sy heldedade in die oorlog, ook in diens van die KNIL – stories wat, soos later blyk, in baie opsigte "die waarheid lieg".

Wanneer die seun op sy beurt op die speelgrond vertel van sy vader se "dapper dood" aan 'n siekte wat 'n hartoperasie geverg het, is dit ook 'n "storie" om aansien vir sy vader te verwerf. In werklikheid het sy vader – nou werkloos by die huis – volkome herstel van die operasie en sterf hy later eerloos aan die A-griep as gevolg van "een doodgewone Hollandse kou".

Een van die vader se stories rondom die eie identiteit wat ter sprake kom, is dié rondom sy "suiwer Europese" bloedlyn. Die verteller soek die waarheid, maar kom teenstrydighede teë, wat hy soos volg verwoord:

"Ik ben op zoek gegaan naar je verleden, pap, veel is anders dan ik dacht. Ik vroeg het de familie, maar ik hoor tegenstrijdige verhalen." (1994:176).

Tante Edmee bring hom egter op die spoor van 'n versweë waarheid wat sprekend is

van die "leugens uit zijn jeugd" waarna die seun elders met betrekking tot sy vader se verhaal verwys. Volgens sy tante het hulle moeder – die verteller se Franse grootmoeder - 'n geheime minnaar (en moontlik meer as een) in Indonesië gehad. Dit het uiteindelik gelei tot die selfmoord van haar "ziende blind" eggenoot , die "sogenaamde grootvader" van die seun. Die implikasie is dus dat die vader nooit sekerheid oor sy afkoms kon hê nie. Wanneer die verteller egter van tante Edmee wil weet of sy biologiese grootvader moontlik Javaans was (wat sy vader se "lelieblanke" afkoms in gedrang sou bring), ontken sy dit. Volgens haar was die grootmoeder se minnaar haar Italiaanse haarkapper. Hierdie "konstruksie van die waarheid" word egter verdag gemaak deur die siniese uitspraak van die verteller: "Alsof ik zulke verhalen niet al vaker had gehoord. Italiaans bloed, half Nederlands-Indië had Italiaans bloed, er moet een heel regiment kappers overheen zijn getrokken" (1994:188).

Die volwasse verteller bevraagteken uiteindelik feitlik alles wat sy vader oor die oorlog en sy afkoms te sê gehad het. Die gevolg van sy twyfel is 'n volgehoue speurtog na die "waarheid" omtrent sy vader se lewe, waarvan die hoofdoel 'n verbete soeke na sy eie indentiteit is. Teen die einde van die roman is die "waarheid" van al die stories wat die vader oor sy afkoms en oorlogservaringe, en die moeder en susters oor die lewe in die Japanse kamp vertel het, egter nog steeds nie agterhaalbaar nie. Hy besef ook dan tot sy skok dat hy fasette van dit wat wel meegedeel is, doelbewus self uit sy geheue uitgewis het:-

"Het geheugen is kieskeurig, alles word ingeschreven, maar veel vervaagt" (1994:296). Soos sy halfsustertjies in die proloog, en sy moeder in die epiloog, wil hy graag "de kust zien", maar – ook soos hulle – sien hy "alleen maar golven".

4. *Sleuteloog* (Hella Haasse, 2002)

In *Sleuteloog* is die motiewe vir die "stories" nog meer kompleks. Die verteller en hoofkarakter, die bejaarde kunshistorikus Herma Warner-Tadema wat in Indonesië gebore is en opgegroei het, probeer nooit om die waarheid omtrent Indonesië en haar latere lewe doelbewus te verswyg of te verdraai wanneer die vryskutjoernalis en politieke navorser, Bart Moorland, haar daarna vra nie. Sy maak dit egter in haar vertelling duidelik dat sy nie die verlede sou opgerakel het as dit nie vir die brief van die genoemde Moorland was nie.

Herma se eggenoot, Taco, wat intussen oorlede is, het ook in Indonesië grootgeword as die seun van 'n vooraanstaande Nederlandse professor. Na sy dood woon Herma nou weer in Nederland in die huis van haar grootouers, terwyl sy wag op plek in 'n ouetehuis.

"Zo leef ik naar mijn dood toe, in harmonie met die onbegrijplijke orde der dingen… Het verleden wijkt terug in nevels, en is alleen te interpreteren vanuit een heden dat ik evenmin in zijn ware gedaante kan zien" (9). Haar koloniale verlede veroorsaak dus 'n bepaalde gespletenheid – die gevoel van nêrens werklik tuis te wees nie.

Bart Moorland vra inligting oor Herma se vriendinnetjie uit die Indonesiese tydperk, Dee Mijers (later bekend as Mila Wychinska), wat volgens hom in die sestiger- en sewentigerjare 'n belangrike rol gespeel het as menseregte-aktivis in Suidoos-Asië.

Hierdie versoek bring ou en dikwels pynlike herinneringe, wat Herma voorheen in die onderbewuste weggebêre het, na vore.

Sy erken teenoor haarself dat sy lank reeds besef het dat die "verzonken wereld van haar jeugd voor een groot deel illusie is geweest." Die vraag is nou: wat was die illusie waarin sy as kind in Indonesië geleef het?

Die antwoord hierop lê opgesluit in haar vriendskap met Dee, saam met wie sy opgegroei het - albei is in 1920 in Batavia gebore nadat hullle vaders in 1918 op dieselfde posboot van Nederland af daarheen is. As skoolvriendinnetjies in die middelbare skool het hulle gereeld by mekaar se huise oorgeslaap en laatnag nog gegiggel en geklets. Herma het haarself destyds wysgemaak dat die vriendskap ongekompliseerd is en dat sy en Dee op volkome gelyke voet verkeer. Sy wou glo dat daar tussen haar – die Belanda, die wit Europese kind - en Dee, met haar "gemengde bloed", geen onderskeid bestaan het nie. Dee se 17de eeuse Nederlandse voorvader was naamlik met 'n "vrou van die land" getroud. Hy het ryk geword, en ook sy nakomelinge het hulle fortuin gemaak deur handel en huwelike met lede van ryk Chinese families. Teen die laaste kwart van die 19de eeu trou die enigste erfgename van die landgoed Pakembang met 'n adelike Fransman, en Dee se grootmoeder Adele word uit dié verbintenis gebore. Dee se vader, Louis, is 'n sjarmante jong man met 'n "exotisch knappe uiterlijk", maar sy suster Non, Dee se tante, is "donker van huid, en mager zonder gratie" (21).

Dee se moeder was 'n danseres in 'n reisende Poolse dansgroep, op wie Louis halsoorkop verlief raak. Nadia Wyschinska kan haar egter glad nie by die "Indiese" leefwyse en tropiese hitte aanpas nie, en verlaat haar man en dogter kort na Dee se geboorte. Herma se moeder impliseer by geleentheid dat Nadia geskok was toe sy besef dat haar eggenoot, ten spyte van sy familie se rykdom, tot die "tweederangse bevolkingsgroep" gereken word.

Herma meld in haar agterna-vertelling dat Dee se grootmoeder nooit eenmaal gesinspeel het op die feit dat haar familie van "Indiese" afkoms was nie, en selfs na ander werksmense as "Indo's" verwys het. In Herma se eie huis het haar Europese ouers sulke beledigende verwysings verbied. Dit het Herma as kind nietemin opgeval dat mevrouw Mijers baie gewoontes gehad het wat haar afkoms verraai het, en wat "soos die motiewe van 'n grondpatroon steeds teruggekeer het in die weefsel van haar bestaan".

Een van die "stories" wat die Europese koloniste hulself probeer wysmaak het, is dat daar geen onderskeid in die kolonie gemaak word tussen verskillende groepe op grond van etniese afkoms nie. Dié onderskeid lê egter diep gewortel (hoewel oënskynlik verbloem) in die koloniale samelewing, en word in die loop van Herma se vertelling geleidelik deur Dee ontmasker.

Dee as kind en jong meisie is intelligent, vurig, rebels, baie mooi , met 'n "matte licht getinte huid" en oënskynlik ook baie selfversekerd. Maar in haar vertelling vanuit die agternaperspektief moet Herma erken wat sy as meisie nie kon of wou raaksien nie: Dee se afkoms – die "gemengde bloed"- was vir die meisie 'n groot struikelblok. Dee het die waarheid gelieg: haar uitdagende houding was 'n poging om 'n diep minderwaardigheidsgevoel te verberg. Herma sê hieroor:

"Maar nu begrijp ik dat die houding camouflage was. Zelfs voor mij droeg zij een

masker. Achter trots en 'branie' verborg zij de vernederende overtuiging niet voor vol aangezien te worden" (12).

In die loop van haar en Dee se verslegtende verhouding vaar Dee teen Herma uit met die aanklag: "Jij weet van helemaal niets, jij bent blank!" Sy sê ook dat, as sy 'n broer sou gehad het, Herma nie met hom sou kon trou nie, omdat haar ouers dit nie sou goedvind nie. "Zo zijn me ouders niet, je kent ze toch," probeer Herma haar tevergeefs verweer. Dee verwyt haar ook dat sy neersien op die groep inlandse meisies wat hulle gereed maak vir universiteitstudie en met wie Dee bevriend geraak het, maar wat vir Herma as buitestaander sien. Wanneer sy Dee oor haar nuwe vriende pols, bars Dee los in 'n kwetsende woordestroom: "Ze vraagt zich af wat ik, Herma, eigenlijk af weet van die lui… Kan ik me voorstellen wat het wil zeggen in je eigen land te behoren tot mensen van een mindere soort? Ik doe wel heel aardig over Sula en over Javaanse en Ambonse medeleerlingen, maar kijk ik eigenlijk niet ook op hen neer?" (99) En, sê Herma, sy kon geen woorde vind om Dee van die teendeel te oortuig nie.

Daar is ook nog ander storielyne in die komplekse roman, waarop nie nou verder ingegaan word nie. Innerlike konflikte rondom identiteit, vervreemding, en daarteenoor die poging tot begrip en versoening, is egter die belangrikste leitmotiewe.

Die rol van Non, die "donkerder" Meijer, is 'n studie op sigself. Sy is die geesgenoot van Herma, want net soos Non sien Herma ook snags die mitologiese hadji - 'n witgeklede gedaante, moontlik die gees van 'n gestorwe pelgrim op weg na Mekka wat daar begrawe is – in die Meijerse se tuin wanneer sy by Dee oorslaap. Non se passie is die kweek van orgideë, en haar vroeëre droom is om die wit soort te kruis met die geel en donkerbruin gevlekte tierorgidee. Per geleentheid merk sy bietjie tergend teenoor die kind Herma op: "Blank en bruin, Toet. Boleh tjampoer, toch?" (23) (Dit is: Vermenging mag plaasvind.). Baie jare later, in 1967, soek Herma vir Non weer in Indonesië op waar sy nou as 'n Moslemvrou, Sjarifa, 'n kwekery op haar familie se landgoed bedryf. Herma verwys na Non se droom om die hibried te kweek, waarop Non kortaf antwoord: "Mislukt".

Nog 'n waarheid wat Herma vir haarself probeer wegsteek het, is die wete dat Taco eintlik op Dee verlief was, maar met haar, Herma, getrou het omdat dit vir hom, as "beliggaming van die Hollandse jong seuns uit hulle kinder- en jeugboeke", die meer gewenste verbintenis was. Daar is ook die baie sterk suggestie van'n affaire tussen Taco en Dee na sy huwelik met Herma, waarvan sy na Taco se dood toevallig uitvind deur die brief van 'n Amerikaanse navorser wat saam met Taco in die Molukke navorsing gedoen het en van hom gehoor het dat "Day"- soos hy gemeen het Taco se vrou - binnekort by hom kom aansluit. Herma se kommentaar hieroor is: "Weer veronderstellingen in plaats van feiten…" Oor Dee se rol in hierdie verband sê sy egter: "Zij heeft miij nooit willen kwetsen… " en uiteindelik probeer sy sin maak van haar pyn deur die volgende verklaring van die situasie: "Taco en ik waren gelijken binnen eenzelfde soort, die van die blanke 'hier-geborenen'… maar hij en Dee …vulden elkaar aan, elk de belichaming van een essentieel verlangen van die ander…" Maar tog is haar slotsom: "Ook nu kan ik de gedachte daaraan, die ik al die jaren uit mijn bewustzijn heb gebannen, alleen verdragen door te berusten, pasrah, in wat was voorbestemd…" (186)

'n Laaste vermeldenswaardige faset rondom die "stories" in *Steuteloo*g is natuurlik die

sentrale metafoor van die ebbehoutkis en die verlore sleutel wat dié kis moet oopsluit. Alle memento's van die "Indiese tyd" - briewe, dokumente en foto's - lê volgens Herma se kommunikasie met Moorland weggebêre in hierdie hermeties verseëlde kis; maar aan die begin van die vertelling is die sleutel soek. Daelange soektogte lewer niks op nie, en selfs die slotmaker uit Zutphen kan die kis nie oopkry nie, tensy die koperplaat gebreek sou word, waarvoor Herma aanvanklik nie kans sien nie.

Dit is in die lig van die voorafgaande bespreking nie verbasend nie dat die kis, wanneer Moorland dit in ontvangs neem en uiteindelik met deskundige hulp oopgemaak kry, leeg blyk te wees. Die kis is immers metafoor vir Herma se Indonesiese geheue. En sy het teen die einde van die roman reeds alles onthou waarvoor sy kans gesien het: die memento's sou dus niks verder kon bydra nie. Die Persiese inskripsie in die "sleuteloog", wanneer 'n kenner dit vertaal, lui: "AL WAT JE OOIT ZAG OF HOORDE, AL WAT JE DACHT TE WETEN, IS NIET MEER DAT, MAAR ANDERS". En uiteindelik moet Herma weer erken dat sy in werkliheid nog nooit die waarheid omtrent die verlede **wou** raaksien nie, hoewel die verskillende dele, as sy hulle byeen sou bring, inderdaad 'n geheelbeeld van die waarheid sou kon vorm:

> Ik weet dat ergens in mijn geheugen alle stukken te vinden zijn die samen een sluitend beeld van de waarheid vormen. Ik heb ze niet herkend, *of ze niet willen zien toen ze opdoken in de werkelijkheid van mijn leven* (189) (my kursivering).

5. *Agaat* (Marlene van Niekerk, 2004)

In *Agaat* is daar 'n wisselende vertellersperspektief: soms bevind die leser haar in die hede van Milla se droewige en uitgerekte stryd teen die geleidelike aftakeling deur motorneuronsiekte. In die romanhede word daar dus slegs by wyse van Milla se gedagtes gefokaliseer en beleef die leser Agaat as die uiters deeglike, maar redelik afstandelike en soms grimmige, versorger van haar voormalige "meesteres". Die twee vroue – die sterwende wit vrou en haar bruin versorger - is alleen op die plaas Grootmoedersdrif, hoewel die koms afgewag word van Milla en oorlede Jak de Wet se enigste kind, Jakkie, wat na Kanada geëmigreer het en deur Agaat van sy moeder se toestand ingelig is. In hierdie "hede" is Milla volkome van Agaat afhanklik: "My nek is gesluit teen die hoek wat Agaat vir my bepaal het. Haar kussings is soos bunkers om my gebou. In die spieël kan ek iets sien, 'n skadu van myself…" (24).

Soms word Milla se gedagtes rondom die siekte en versorging egter onderbreek deur 'n toenemend verwarde flardes gedagtestroom, waardeur die aftakeling deur die siekte aangrypend uitgebeeld word. Dié gedeeltes word in die teks kursief aangegee. 'n Enkele voorbeeld uit bladsy 38: "… *ek versmoor in woorde wat niemand kan hoor nie ek heg my ek versamel my waters my waterhoudende kluite my leem my skalie ek is ouland maar nie deur my besluit nie wie sal my liggies op kontoer omploeg my stoppels inbraak*…"

Milla se gedagtes sluit egter uiteraard nie net die huidige stryd teen die siekte of die flardes gedagtestroom in nie. Dikwels word daar afgedwaal na die verlede, wat sy dan in die tweede persoon "vertel", sodat die oorgange tussen hede en verlede só duidelik word.

So byvoorbeeld word die kontak tussen haar ouers en die arrogante Jak de Wet, op die dag toe hy kom ouers vra het, terugskouend uitgebeeld:

"Jy het hom dopgehou die hele tyd. Hy het die bos (sleutels) met 'n swierige gebaar gevang. Aspris, van 'n hoogte af, het hy dit in jou skoot laat val, vermakerig na jou ouers toe waar hulle julle op die trap afgesien het. Tenger het hulle gelyk teen die huis en die lug. Maar jy wou dit nie sien nie…"

Die derde vertelperspektief kom uit Milla se dagboeke, waaruit Agaat stuk-stuk vir haar voorlees. Die inskrywings kom egter nie in die romanteks altyd kronologies aan die bod nie, wat help om spanning op te bou en in sekere opsigte aan 'n speurroman herinner. Hier is die leidraad na die dagboekoorgange die datum wat kursief bo-aan die inskrywing staan. Baie van die "stories" waarmee Milla haarself oor jare probeer bluf het, kom waarskynlik in hierdie dagboekinskrywings die sterkste na vore.

Dit is natuurlik nie binne hierdie bestek moontlik om reg te laat geskied aan die grootse omvang van Marlene van Niekerk se Hertzogprys-meestertuk nie. Wat hier van belang is, is die feit dat die Milla van die sestigerjare, uitgelewer aan die meesternarratiewe van die dag, en bewus van haar en Jak se oënskynlike status in die boerderygemeenskap as suksesvolle en aantreklike egpaar – hoewel dié status feitlik volkome op leuens gebou is - die waarheid vir haarself probeer lieg: in haar moederhart wil sy bitter graag die bruin dogtertjie, wat sy sewe jaar tevore van verwaarlosing en mishandeling gered en in haar eie huis ingeneem het, soos haar eie kind in haar huis bly behou. Maar die druk word mettertyd te groot, omdat dit nie slegs van Jak en haar ma af kom nie, maar ook by implikasie van die konserwatiewe wit gemeenskap waarbinne sy leef. Uiteindelik word haar swangerskap na soveel kinderlose jare die verskoning om die jong Agaat vanuit haar bevoorregte posisie as kind uit te skuif na die buitekamer en haar nuwe rol as huishoudster en kinderoppasser. Daar is dus deurgaans sprake van die "groter verhaal" – die meesternarratief – van die apartheidsjare, maar binne die romangegewe ook van die kleiner verhaal: die van Milla en Agaat en Grootmoedersdrif.

Een van die interessante tegnieke wat Milla op dié stadium gebruik om die haar hartelose optrede teenoor Agaat te probeer vergoeilik, is die obsessiewe neerskryf van lyste benodighede vir sowel die baba as vir Agaat en haar buitekamer. Die twee lysies vorm deel van haar dagboekinskrywing op 12 Mei 1960. Tekenend van Agaat se verlaagde status is onder meer die 7 uniformrokke, 7 voorskote en 7 wit keppe. Afgesien van die bediendeklere is daar egter ook 'n lang lys persoonlike en toiletbenodigdhede vir die jong meisie op die grens van puberteit, en dan 'n klompie opsionele aankope: 'n blik gemmerkoekies, blik beskuit, Mariebeskuitjies, Suurklontjies en Peppermint Humbugs, Milla se vergeefse pogings om aan die "storie" 'n gelukkige einde te verleen.

Die ironiese gevolge van haar besluit om Agaat uit te skuif, is dat Milla met verloop van tyd steeds eensamer word. Alle pogings om haar huwelik met Jak te red, blyk tevergeefs. 'n Innige band van vriendskap en gemeensaamheid ontwikkel tussen Agaat en Jakkie, waardeur Milla na die periferie van hulle albei se lewens uitgeskuif word. Na Jak se ongeluk en dood, en Jakkie se uitwyk na Kanada, is sy en Agaat egter noodwendig weer op mekaar aangewys. En wanneer die siekte sy tol begin eis, word sy ook wat haar fisieke behoeftes betref toenemend afhanklik van die bruin vrou, aan wie sy jare tevore so 'n onreg aangedoen het.

In die laaste stuk verwarde gedagtestroom kom haar diepe verbondenheid met Agaat tot uiting by wyse van verskeie Bybelse verwysings, onder meer die herderbeeld van Psalm 23 en Rut se verklaring van trou teenoor Naomi:

> *Waar is jy Agaat? Hier is ek 'n stem wat vir my spreek 'n raaisel waar daar rus is 'n kers wat vir my aangesteek word in 'n spieël my stok en my staf my draaiende rad 'n mond wat saam met myne wasem op glas in die dal van doodskaduwee waar jy gaan sal ek gaan jou huis is my huis jou land is my land die land wat die here jou god vir jou gegee het…*

6. Slotsom

Daar is in al drie die genoemde romans duidelike spore van "stories" of "versinsels" wat deur die karakters vertel word in 'n poging om óf leuens uit die verlede te verdoesel of te vergoeilik, óf, andersyds, om "die waarheid te lieg" sodat die aanskyn daarvan vir die verteller of fokalisator versag kan word. Die afleiding kan ook gemaak word dat, in ooreenstemming met die aanhaling van Estes in die inleiding, die betrokke "stories" nie in een van die gevalle beskou kan word as stories in diens van vermaak ("entertainment") nie. Die doel daarvan is telkens dat die storie of versinsel moet bydra tot verontskuldiging of vertroosting of ten minste moet dien as wegwyser in die soeke na waarheid en singewing.

Universiteit van Pretoria

Bronnelys

Bertens, J.W. 1988. *Het postmodernisme in de literatuur.* Amsterdam: Arbeiderspers/ Querido.
Estes, C.P. 1992. *Women who run with the wolves*. Londen: Rider.
Flowers, B. S. (ed.) 1988. *Joseph Campbell, the power of myth.* New York: Doubleday.
Haasse, H.S. 2002. *Sleuteloog*. Amsterdam: Querido.
Kingsolver, B. 1999. *The Poisonwood Bible.* Londen: Faber and Faber Ltd.
Krog, A. 1998. *Country of my skull.* Cape Town: Random House South Africa.
Malan, C. 1978. *Misterie van die alchemis: 'n inleiding tot Etienne Leroux se negedelige romansiklus.* Pretoria: Academica.
Müller, J. 1996. *Om tot verhaal te kom: pastorale gesinsterapie.* Pretoria: RGN.
Small, Adam 1987. *Kitaar my kruis.* Pretoria: HAUM-Literêr.
Van Dis, A. 1994. *Indische duinen.* Amsterdam: Meulenhof.
Van Niekerk, M. 2004. *Agaat*. Kaapstad: Tafelberg

Vaste werkwoordelijke verbindingen in het Nederlands en het Afrikaans

Joop van der Horst

Verbal combinations such as "afscheid nemen" (to say goodbye) and "zorg dragen" (to look after) (Afrikaans: "afskeid neem", "sorg dra") form an increasing category in both Dutch and Afrikaans. This article will illustrate how the fixation of the elements comes about. Then it wil be demonstrated how such combinations fit in with the larger framework of verbal combinations and "separable verbs", and with the general tendency of the Germanic languages to develop fixed combinations. A tendency which is probably the most dominant one in these languages at the moment..

1. Inleiding

De Nederlandse taal kent allerlei vaste verbindingen zoals *afscheid nemen* en *zorg dragen (voor)*. Ik gebruik de term "vaste verbinding" hier zonder definitie, dus niet als wetenschappelijk term maar als woord in gewone-mensentaal.

Een zekere vastheid is in ieder geval onmiskenbaar. We kunnen *afscheid* niet combineren met bijvoorbeeld doen, of *geven* (**afscheid doen*, **afscheid geven*); de combinatie ligt vast. Er zijn ook andere beperkingen. We kunnen bijvoorbeeld niet zeggen: **ik nam mijn afscheid* of **hij nam het afscheid*. Lidwoorden of bezittelijke voornaamwoorden zijn niet mogelijk. Ook een meervoud is uitgesloten: **Wij namen afscheiden*.

Een vergelijkbare vastheid zien we bij *zorg dragen (voor)*. Het werkwoord dragen kan niet vervangen worden door bijvoorbeeld uitoefenen (**zorg uitoefenen voor*), of door geven (**zorg geven aan*). Wel is het vervangbaar door besteden (*zorg besteden aan*). Wat dan weer niet kan, is een meervoud: **zorgen dragen voor*; en wat ook niet kan is een bezittelijk voornaamwoord: **zijn zorg dragen voor*. Een twijfelgeval lijkt me de toevoeging van een lidwoord: *de zorg dragen voor*.

Kortom: de exacte vastheid vergt nog wel een nauwkeurig onderzoek, en kan van geval tot geval enigszins verschillen. Maar allebei, zowel *afscheid nemen* als *zorg dragen* vertonen onmiskenbaar een zekere vastheid. Sommigen spreken ook wel van een "idiomatische verbinding".

In de *Algemene Nederlandse Spraakkunst* (ANS) (1997) , vindt men over dit soort verbindingen nagenoeg niets. Is het omdat de ANS de combinatie eigenlijk beschouwt als een woord? Anderzijds vermeldt de dikke Van Dale geen werkwoord *afscheidnemen*, en ook geen *zorgdragen*.[1] Het lijkt dus wel alsof dit soort werkwoordelijke verbindingen tussen wal en schip vallen: niet in de grammatica behandeld worden, maar ook niet in het woordenboek. Dat is om verschillende redenen jammer.

In de eerste plaats omdat dergelijke vaste verbindingen in het onderwijs Nederlands-als-tweede-taal een berucht struikelblok zijn; in de tweede plaats omdat ze taalsystematisch en diachronisch zo bijzonder interessant zijn.[2] De eerste kwestie lijkt me duidelijk genoeg; ik wil in deze bijdrage vooral iets zeggen over de tweede kwestie. Eerst iets over hun totstandkoming in het Nederlands (paragraaf 2) en in het Afrikaans (paragraaf 3). Vervolgens wordt erop gewezen dat dergelijke processen van vast worden niet beperkt zijn tot werkwoordelijke combinaties, maar deel uitmaken van

een veel algemenere tendens die we ook bij andere grammaticale categorieën kunnen waarnemen (paragraaf 4). Vervolgens ga ik nog wat dieper in op de werkwoordelijke vastwording (paragraaf 5).

2. Nederlands

Om te beginnen: de combinatie *afscheid nemen* is niet altijd zo'n vaste verbinding geweest. Kijken we enkele eeuwen terug, dan treffen we daar zinnen aan als:

1. wy **gaven** de kaechman heerken boon **syn afscheyt** en gaven hem bryeven (17de eeuw).[3]
2. Wel, ik moet **myn afscheid van u neemen** (18de eeuw).
3. Inmiddels **nemen** de Bremer heeren **hun afscheid** (19de eeuw).

Een combinatie met een bezittelijk voornaamwoord was vroeger wel mogelijk, en is dus onmogelijk gewórden. Het 17de-eeuwse voorbeeld toont meteen dat destijds ook wel een ander werkwoord mogelijk was: *afscheid geven*.

Vergelijkbaar is de geschiedenis van *zorg dragen (voor)*. Ook daar zien we in voorgaande eeuwen "vrijere" toepassingen:

4. Den Pensionaris ofte Secretaris, die **de sorghe** zal moeten **draeghen** op de vernieuwinghe (17de eeuw);
5. Wat meer haast heeft (...), is mijne opregte dankbetuiging voor **de zorg** die gij niet ophoudt **te dragen**, om mijne bibliotheek met de vruchten van uwen milden en rijken geest te verrijken (19de eeuw).

Blijkbaar zijn *afscheid nemen* en *zorg dragen* vaster geworden dan ze vroeger waren. Dat is te zien aan het wegvallen van syntactische mogelijkheden. En in het geval van *afscheid*: er vallen ook combinaties met andere werkwoorden dan *nemen* weg (**afscheid geven*).

Er is ook een volgordekwestie in het geding. Dat laat zich tonen aan de hand van de volgende zin:

6. het bleke oprechte wezentje dat achter de schermen met boven-menselijke toewijding **ervoor zorg draagt** dat alles toch weer in het gerede raakt (NRC/Handelsblad 17 april 1992).

Deze volgorde is mogelijk in het hedendaagse Nederlands; toch zullen veel mensen de voorkeur geven aan:

7. ...er **zorg voor draagt** dat ...

Hoe moeten we deze volgordevariatie tussen (6) en (7) interpreteren?

Waar staat in andere gevallen een voornaamwoordelijk bijwoord als *ervoor*, *erop*, *ernaar*, enzovoort? Dat hangt af van de functie die het in de zin vervult. Met name zijn

er twee functies te onderscheiden: (a) als het voorzetsel-voorwerp is; (b) als het afhangt van een zelfstandig naamwoord. Allebei verdienen ze enige toelichting.

(a) We noemen iets een voorzetselvoorwerp als het hoort bij een werkwoord met vast voorzetsel: *waarschuwen* (*voor*), *wachten* (*op*), *kijken* (*naar*). Dan staat het voornaamwoordelijk bijwoord ver naar achteren in de zin, vlak voor het werkwoord:

8. omdat ze **ervoor** waarschuwde; dat ze **erop** wacht; terwijl ze **ernaar** keken.

Voornaamwoordelijke bijwoorden kunnen ook gesplitst optreden. Het eerste stuk staat dan meer naar voren; het tweede element behoudt zijn plaats vlak voor het werkwoord:

9. omdat ze **er** vorige week **voor** waarschuwde; dat ze **er** ondanks alle protesten **op** wacht; terwijl ze **er** de hele middag op de bank uitgestrekt **naar** keken.

Dat is de "gewone" volgorde als het om een voorzetselvoorwerp gaat.

(b) Wanneer woorden als *ervoor*, *erop* en *ernaar* niet afhangen van een werkwoord maar van een zelfstandig naamwoord, gelden er andere regels. Dat blijkt uit zinnen als:

10. de gevolgen **ervan**; ik kan **er** de gevolgen niet **van** overzien; het zicht **erop**; het verlangen **ernaar**.

In zo'n situatie staat het voornaamwoordelijk bijwoord achter het zelfstandige naamwoord; meestal in zijn geheel, en bij splitsing toch minstens het tweede element.

Er zijn nog andere gevallen, die het beeld ingewikkelder maken, maar het algemene patroon is duidelijk: als *ervoor*, *erop*, *ernaar* en soortgenoten afhangen van een werkwoord, staan ze meestal direct vóór dat werkwoord; als ze afhangen van een zelfstandig naamwoord, staan ze achter dat zelfstandig naamwoord.

Met deze kennis gewapend keren we terug naar de zinnen (6) en (7). Toch is de kwestie daarmee nog niet meteen opgelost. Want wat is in deze zinnen het werkwoord? In zin (7) is *draagt* het werkwoord: en het tweede element van het gesplitste *ervoor* staat er inderdaad pal voor. Of beter gezegd: het staat keurig achter het zelfstandige naamwoord *zorg*. Precies volgens de algemene regel van het Nederlands. Maar in zin (6)? Als we *zorgdragen* als het werkwoord opvatten, dan staat ook in zin (6) het tweede stuk van het gesplitste *ervoor* pal voor het werkwoord: *–ervoor zorg draagt* (ook al zouden we het dan beter aaneen schrijven: *–ervoor zorgdraagt*).

Met andere woorden: beide volgordes zijn overeenkomstig de (-zelfde) regels van het Nederlands; alleen wordt er kennelijk uitgegaan van een verschillend werkwoord: in zin (6) van *zorgdragen*, en in zin (7) van *dragen* plus het zelfstandige naamwoord *zorg*.

Het ziet ernaar uit dat er op dit punt dus niets verandert in de volgorde-regels van het Nederlands, maar wel bij het werkwoord *zorg*()*dragen*. In welke richting gaat die verandering? Is *zorg* + *dragen* bezig tot *zorgdragen* te worden? Of is het andersom,

en valt *zorgdragen* uiteen in *zorg* + *dragen*? Zonder twijfel is het het eerste scenario: de oorspronkelijke combinatie van de losse elementen *zorg* (zelfstandig naamwoord en lijdend voorwerp) + *dragen* wordt meer en meer tot een samengesteld werkwoord *zorgdragen*.

De zinnen (7) en (6) tonen de woordvolgorde die bij twee stadia in de ontwikkeling past. In (7) *er zorg voor draagt* heeft *zorg* nog wel zoveel van een zelfstandig naamwoord, dat *ervoor* er omheen splitst; in (6) *ervoor zorg draagt* weegt de combinatie van *zorgdragen* al zwaarder dan de delen: het is de werkwoordelijke combinatie die een voorzetselvoorwerp regeert, en niet meer het zelfstandig naamwoord; bijgevolg moet *ervoor* ervóór.

Hierdie projeksies van die een objek op die ander (wat kan lei tot kategorieversnyding) was in sommige gevalle van so 'n aard dat daar nie 'n verskil tussen die landier en die seedier was nie, soos in die geval van die zeevark (sien VB, f.273v) en zeewolf (sien VB, f.375r); in ander gevalle was die onderskeid tussen die diere wel groot maar het die naamgewing berus op 'n mate van ooreenkoms (soos die naam *zeearend/-adelaar* vir die seeskilpad; VB, f.169r). Soos Coenen tereg opmerk, kan mens die see nie ondersoek soos die land nie (" want men die zee soe wel niet ondersoecken mach als men wel opt lant doen mach" (VB, f.10v.)), maar die beginsel van ooreenkoms het die moontlik gemaak om allerlei hipoteses oor moontlike seediere te kon maak wat die taksonomie op verskillende vlakke sou kon invul.

Die geloof dat die wereld een semantiese netwerk is, het ook deurgewerk na die semantiese onderskeidinge wat ten opsigte van elke dier en sy verbintenis met die heelal getref is. Hierdie emblematiese semantiese netwerk wat binne elke kategorie ingebed lê, het volgens Ashworth (1990:314) 'n hoogtepunt bereik in die ensiklopediese werke van Aldrovandi wat vir die ensiklopediese omskrywing van 'n natuurkategorie drie en dertig relevante definiërende semantiese kenmerke onderskei het:

aequivoca	aetas	moralia
synonyma	volatus	hieroglyphica
genus	mores	symbola
differentia	ingenium	proverba
descriptio	sympathia	usus in sacris icones
locus	antipathia	usus in externis
coitus	corporus affectus	usus in medicina
partus	cognominata	usus in cibus
incubatus	denominata	apologi
educatio	praesagia	fabulosa
vox	mystica	historica

Die emblematiese kosmologiese denke onderliggend aan hierdie kenmerkmatrys omskryf Foucault (1970:140.) soos volg

> Until the time of Aldrovandi, History was the inextricable and completely unitary fabric of all that was visible of things and of the signs that had been discovered or lodged in them: to write the history of a plant or animal was as much a matter of describing its elements or organs as of describing the resemblances that could be found in it, the virtues that it was thought to possess, the legends and stories with which it had been involved, its place in heraldry, the medicaments that were concocted from its substance, the foods it provided, what the ancients recorded of it, and what travelers might have said of it. The history of a living being was that being itself, within the whole semantic network that connected it to the world.

Teenoor die semantiese verweefdheid van sommige viervoetige, is die meeste visse egter veel eenvoudiger gekonseptualiseer (sien Hassig 1995). Hierby moet mens ook in gedagte hou dat Coenen soms die eerste Nederlandse optekeninge van die visspesies gemaak het (of geen ander bronne oor hulle kon geraadpleeg het nie; sien Egmond, Mason & Lancaster 2003) en dat hy dan in hoofsaak op die morfologie van die betrokke visse gelet en dié beskryf het. Dit beteken egter nie dat Coenen nie ’n omvangryke skematiese voorstelling van die onderskeidende kenmerke van die kategorie VIS kon gehad het nie. Dit blyk maar al te duidelik uit ’n kenmerkontleding van sy beskrywing in VB van wat as die prototipe van die lekker eetbare vis beskou kan word: die haring (“den coninck boven alle vischen, onsen groten gouden berch in Hollant, doer Godts garsij almachtich oock Zeelant ende Vlaenderen” (VB, f.16)).

Coenen tref ’n onderskeid tussen die (gewone) haring, die haringkoning (wat geen haring is nie) en die pelser (’n soort haring). Die kenmerke wat hy van die haringkoning verskaf, is saamgevat in Tabel 1. Sy bespreking van die kenmerke van die gewone haring is veel omvattender, soos aangedui in Tabel 2. (Bewysplekke uit die manuskrip word hier ter wille van die ruimte weggelaat.) Saam suggereer hierdie kenmerkontledings (d.i. die kenmerkkategorieë, nie die besonder inhoud/kenmerk self nie) dat Coenen ten opsigte van die kategorie VIS ’n omvattende skematiese mentale representasie gehad het, al word die meeste spesies nie in al hierdie detail beskryf nie.

Kenmerk	
Etimologie/naamgewing	koninck van den harinck altijt is genament Ende dit om dat hij alle te mets mede onder een groote menichte van den haringhen ghevanghen worde
Morfologie (fisionomie)	beeld + gans root als den zeehaen; dan hij heeft scillen grooter dan den harinck ende is bij naest dat faetsoen dan hij ronder ende dicker is
Smaak /voedsel	ende is versche gegeten den selfden smaecke als den zeehaen
Vangs Bote Plek Tyd	harinck buysen inde Noortzee onder Engelant ende Schotlant ende die eylanden als Fayerhil ende Hitland inden somer tijt
Betekenis	-want haer gelove ende meninghe is dat daer den koninck es dat daer ghroote menichte zijn van haringhen Aldusdanighe gelove hebben onse vischers veele ende oock van andere vischen -maer wat van aldusdanighen gelove is seker of onseker het is altijt van ouden afcomen maer na mijn verstant den besten vanc es Goedes gratie Almachtich daer op te hopen ende te betrouwen ende hem altijt biddende hem zij lof inder ewicheijt tot ewicheijden Amen Amen
Verhale (raaiselgedig)	Het es een coninck van groote macht die altijt reijst bij dage en bij nacht Nochtans en heeft hij burch noch casteel Hi en heeft in hemel in aerde inde helle geen deel Het is heyden noch kersten u wel versint Nochtans is hi aller werelt vrient elc wenst hem doot of ghevanghen nae hem hebben veel menschen verlangen wij kersten laten voor hem so menich man soe dat wijf ende kinderen bescreijen dan.

Tabel 1: Kenmerkontleding van die inskrywing vir haringkoning in VB

Naamgewing en etimologie	Gratia Dei, gulden berch slabharing, maatjesharing, pekelharing, volle (kuitrype) haring, kuitsieke haring, ydele haring en panharing
Morfologie	beeld + een cleijn visken
Vangplek	kaart + Noortzee tusgen Hollant ende Engelant; tusgen Vryeslant Oost ende Schotlant ende Noortsche Eylanden...
Haringbote	kerveel buijsen, pincken, slabbesceepen...
Haringhawens	Sceveningh Katwijc Noortwijc Zantvoort van de Wijck Egmont Petten...
Vangseisoen	in de winter beginnende voor kersmis tot varde in de maert inde Zuijderzee...
Smaak, bewerking en voorbereiding:	een welsmaeckelijck viscken; versche gegeten es beter smaeckelijck dan die gesouten es; Die gesouten harinck es oock een goede spijse.
Betekenis	Religieus: Almag en voorsienigheid van God: Maer altijt is den harinck de bloome boven alle vischen Hier af Godt almachtich gelooft van sijn wonderlijcke gratie Amen
Verhale/anekdotes	dat die haring ongesond is; Coenen se teenargument:"laeten wij hem soberlijck eeten hij en sal ons niet onghesont sijn"; haring en Rome waar iemand geglo het dat haring /rou vis mens dood sou maak
Ander outeurs oor haring	Olaus Magnus oor die haring wat op Schonen gevang word: vangs in die herfs, smaak, verwerking en bewerking (gesout en geberg in vate)) verhale oor verkoop van die haring; verskille in smaak en kwaliteit tussen haring wat langs verskillende kuste gevang word

Tabel 2: Kenmerkontleding van die gewone haring

Tabel 1 en Tabel 2 maak geen aanspraak op volledigheid ten opsigte van alle relevante kenmerke in terme waarvan lede van die kategorie VIS beskryf sou kon word nie. Daarvoor sou 'n ontleding van die kenmerkonderskeidinge in elke ensiklopediese inskrywing van elke lid van die kategorie VIS in VB gemaak moes word. Ten opsigte van die eetbare visse word daar byvoorbeeld soms ook beskrywings gegee van die wyse waarop hulle gevang word en die aas wat gebruik word. Van ander visse gee Coenen ook 'n bespreking van hulle gedrag en karaktertrekke , stapelvoedsel/vreetgewoontes, voortplanting,optrede teen natuurlike vyande, emosies, simbolies-morele waarde, samelewingskritiek en 'n goeie paar sedelesse na aanleiding van een of ander eienskap van die dier.

Die betoog hier is eenvoudig dat by die seleksie van materiaal uit sy bronne, Coenen dit nie alles lukraak gedoen het nie. Coenen moes hiervoor ook gesteun het op sy eie skematiese kennis van die kategorie VIS en van die matrys onderskeidende kenmerke in terme waarvan lede van die kategorie beskryf en onderling van mekaar onderskei word.

Een kenmerk in Tabel 1 en 2 verdien hier meer aandag, naamlik die betekenis van 'n seewese/vis. Benewens die voorspellende (sekulêre) betekenis van uitsonderlike gebeure en verskynsels (soos die stranding van walvisse of die verskyning van komete) waaroor Coenen besin, gee hy ook uitgebreid aandag aan sy lesings van die natuur as boek waarin die wonder, almag, en voorsieningheid van God openbaar word (sien oor hierdie tradisie die insiggewende bespreking van Soffer 2005). Verskeie van die inskrywings in VB gee eers 'n bespreking van 'n natuurverskynsel en sluit dan af – byna op 'n ekstatiese toon – met 'n uiteensetting van die religieuse betekenis daarvan, meestal hoe dit God se voorsienigheid en skeppingsmag openbaar; byvoorbeeld:

> Want wij fier als wij wel willen in mercken dat alle firmamenten des hemels alle ghewas der aerden alle beesten inder velden wilt en tamme alle voogelen des luchts alle vische inde wateren dit alle tot onsen menschenm behoefticheid ons gegeven heeft Aldus hier omme ic dit boock vergadert vanden vischen omdat wij Godt almachtich van alle zijn mindelijcke gaven tot allen tijdens als wij sijn wondern sien ende van sijn smakelijcke visschen smaken hem dar altijt mogen loven prijsen nu ende tot allen tijden dits mijn begeeren Amen.
> (VB, f.11)

Hierdie voorsienigheid geld ook vir die diere. By sy inskrywing oor die garnaal meld Coenen byvoorbeeld:

> Den garnoeten es een cleijn zeevisken geen visghe gelijc dan gelijckenisse bijnaest den creeften het es spijse van andere visgen alsoo van Godt almachtich ende die natuere daervan geordineert door de milde gave Godts die alle dinck zijn spijse ende voetsel geeft.
> (VB, f.157v)

Coenen was ook oortuig dat God met die mens kommunikeer deur natuurtekens. In VB (f. 64) wys hy daarop dat na die verskyning van allerlei komete en sonne peste die aarde getref het – almal

> altijt waerschouwinghe van Godt almachtigh om wij menschen daer op te bedencken ende godt om gratie en genade te bidden want hij zoe goet ende barmhartig es. En zijn heijligen Naem selfs die goetheid ende barmhartigheid is, hem zij loff prijs ende danckbaerheijt nu ende tot allen tijde inder eeuwicheit ghepreen Amen Amen Amen".
> (VB, f.64)

Oor die grootheid van God se skeppingskrag is voorbeelde te vinde in die bespreking hieronder van die wonders en verwondering as seleksiebeginsel.

3. ’n Seleksie uit die wonders van die natuur

> dit vremt ende wonderbaer visboock
> (VB, f.40)

Soos Coenen meld na sy proloog, is daar in VB inskrywings oor “menigderleij vischen die seer vremt sijn ende wonderlijck van faetsoene ... Ende oock vremde onbekende ghedierten ende monsteren die opter aerden bevonden worden” (VB, f.13).

Na eie bekentenis, (sien die aanhaling bo) kon Coenen in sy samestelling van sy visboeke, VB in die besonder, eenvoudig nie nalaat om ook alle wondere wat hy in sy bronne teengekom het in VB op te neem nie. Daarbenewens het hy ook allerelei ander wonderlike verskynsels opgeneem wat hyself waargeneem en na sy mening as vreemd, seldsaam en wonderlik beskryf moes word. Die adjektiewe *vremt*, *selsame*, *sonderlincx* en *wonderlijk* kom dan ook telkemale in die inskrywings voor ter beskrywing van die kenmerke van ’n verskynsel of ’n gebeure, soos die vreemde “fatsoen” van die poelomp (seekat) (VB, f.37), vreemde rasse (sien die proloog, VB, f. 1-12), vreemde natuurverskynsels, soos vuurspuwende berge en komete, vreemde seemonsters en uiteindelik ook vreemde verhale, soos die verhaal van die seebiskop (VB, f.178v-179v) en die verhaal van die persoon te Rome wat geglo het dat mens sal sterf as jy rou vis (haring) eet (VB, f.17). (Sien Egmond 2005: 106-134 se bespreking van die wonderlike visse en vreemde wesens uit vreemde lande in VB.)

Gegee Coenen se geloof in die almag van God (en dus sy vermoë om enigiets te skape), het hy self nooit rede gehad om aan die moontlike bestaan van hierdie wonderwesens (veral dan die wat hy self nie gesien het nie, maar slegs van gelees of gehoor het) te twyfel nie. Hy was egter bang dat sy kyker-lesers aan die outentisiteit van die materiaal wat in VB opgeneem is, kon twyfel. Hy het duidelik met so ’n skeptiese teikenpubliek te make gehad:

> Die menschen hier te lande connen qualijc ghelooven datter dusdanighe vremde menschen zijn, sij meenen tis gelogen. Aldus sullen die verde van der zee woonen ist scrijven mijn dat dit meede vanden visschen in dit boock gescreven oock loeghenen zijn”.
> (VB, f.9)

Coenen gee sy kyker-leser egter die gerusstelling dat as hy die betrokke dinge nie self gesien het nie, hy sy bronne volledig sal vermeld, dus dat die gesag van die outeur en die teks as sodanig vir die outentisiteit/waarheid/bestaan van die betrokke verskynsel of gebeure sal instaan:

> Dit Vis Booc daer zijn in vergadert menigderleij vischen die seer vremt sijn ende wonderlijck van faetsoene daer hem den leser ende den besiender mogelijck aen stoten sal ende hem duncken laten dattet looghenen ende fabulen zijn. Nochtans dat ic of dien ic scrijver van dit boock selfs niet ghesien en hebbe sette ic mijn autoers ende ander scrijvers die mede van deser materie ghescreven hebbe. Ende hierom hebbe ic in dit boock voor in der maniere van een prologe ofte voorreeden gheset menichderleij ghemeene beesten ende voogelen. Ende oock vremde onbekende ghedierten ende

> monsteren die opter aerden bevonden worden argo soe est wel gheloeflijck mijn guede leser datter veel wonderlijcke dinghen inder zee zijn hem zij gheloeft den scepper van dien Godt Almachtich inder euwicheit gepresen Amen.
> (VB, f.13)

Verder sorg Coenen ook dwarsdeur VB dat sy inskrywings oor wonderverskynsels, waar moontlik, voorsien is van die datum van verskyning en naam van die persoon wat die waarneming gemaak het. Goeie voorbeelde van hierdie werkwyse is sy beskrywng van die Brasiliaanse seemonster (sien VB, f. 43 - 44) en die tonyn wat in die buurt van Gibraltar gevang is en waarvan die lyf 'n tekening van skepe op gehad het:

> Certificatie wt Gibraltar ghecomen van eenen wonderlijcken thonijnvisch...met de scheepen gevangen bij Ceuta en geattesteerd door mr Johan Frutuoso notaris te Gibraltar op 13 mei 1565...Ic dit Adriaen Coenensz van Sceveninck ghescreven wut eenen gheprinten brief die gheprint hadde stont aldus geprint t Hantwerpen bij Hans Liefrinck [of Lafrinck] figuersnijder op de Lombaerdeveste in t Gulden Turcxhooft...
>
> Van ditselfde figuere van desen tonijn mit die sceepen opt lijf is mijn int jaer voorscreven eenen figuere daervan ghegheven van mijn heer van Rijswijk meester Cornelis Zuijs president van Hollant die hem wut Brabant gesonden was ende was van een scilder naer leven gedaen geweest. En dit selfde conterfeijtsel hebbe ic in mijn groote visboock gebonden dat nu ter tijt nog in zijn bewaringhe heeft den Edelen Prins van Orangen Onsen vromen pellicaen van Hollant en Zeelant. Ic Adriaen Coenensz dit ghescreven anno 1578 den 22 februarius.
> (VB, f. 41; sien verder Daston 1994 oor bewysvoering vir wonders.)

Oor sy eie, bykans besete, belangstelling in die natuur meld Coenen per geleentheid dat hy 'n vreemde, gedroogte krab van 'n vriend gekry het "omdat ic jeloers bin in dese vremde dinghen" (VB, f. 150vso). Duidelik het hy hom bevind in 'n klub wat ewe gedryf is deur hulle belangstelling in die wonderlike dinge in die natuur. Van sy vriend die heer Cornelis Zuijs, "heere tot Rijswijck president van Hollant" meld hy dat

> Dese goede heere was zeer spekelatijf in vremde dinghen te hooren van selsame dinghen van vremde vischen, alsoe dat hij dicmaels mijn groote boeck heeft gehadt daer ic van veel selsame vischen ende gheschiedenissen in ghescreven hadde

Coenen self was verskaffer van marinekuriositeite aan versamelaars, waarvan St. Omer, heer van Moerkercke een was – 'n persoon wat Coenen per geleentheid beskryf as "een groot beminder van selsame vremde dinghe van visschen ende vogelen" en wat twee voltydse skilders aangehou het om sy versamelings by wyse van tekeninge/ skilderye te dokumenteer (VB, f. 195).

In sy belangstellng in dit wat vreemd, seldsaam, raar, eksoties en (dus) wonderlik is, was Coenen en sy kennisse natuurlik nie uitsonderlik nie aangesien persoonlike "nuuskierigheid" oor die wonders van die natuur in die sestiende eeu die dryfveer en die perspektief was vanwaaruit liefhebbers, versamelaars en ander kenners die natuur en natuurlike historie benader het (sien Daston & Park 1998 vir 'n uitgebreide bespreking).

Soos reeds vermeld, poneer Egmond (1997, 2005) dat Coenen VB as *Wunderkammer* of rariteitekabinet op papier gekonsipieer het. Argumente wat sy hiervoor aanvoer, is die opname van soveel wonderverskynsels in VB, die feit dat VB saam met Coenen se versameling rariteite met die feesvieringe van die onsetting van Leiden op die mark tentoongestel is en die feit dat die bladuitleg van VB (omlying en cartouchewerk en die plasing van items in vakkies) sterk ooreenkom met die uitstallaaitjies van die rariteitekabinet. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die bladuitleg van sy beskrywing en tekening van 'n versameling insekte (VB, f.309v; sien Illustrasie 2).

As VB soos 'n wonderkamer of rariteitkabinet ontwerp is, dan is die eerste vraag of die items van so 'n kamer/kabinet nie self volgens 'n bepaalde sistematiek gestruktureer is wat ook die ordening van die materiaal in die visboeke sou kon onderlê nie. Die tweede vraag is, wat as wonders gedefinieer of geklassifiseer is en op basis van watter soort kenmerke van die objekte of gebeure hulle binne of buite die kategorie geval het.

Verskeie navorsers het hulle al met die eerste vraag besiggehou en die algemene slotsom is dat, ten spyte van uitsprake dat die rariteitekabinette en wonderkamers

gepoog het om 'n mikroweergawe van die makrokosmos te wees, daar geen vaste en duidelike sistematiek uit die ordening van die verskillende versamelings te agterhaal is nie (sien byvoorbeeld Daston 1988 en Mullaney 1983, maar ook Van de Roemer 2004). Volgens Daston (sien Daston 1983: 456 – 460) het hierdie versamelings gefaal as verteenwoordigers van die makrokosmos (gekonsipieer en gestruktureer in terme van die struktuur van die Groot Ketting van Bestaan – sien hieronder) omdat hulle nie verteenwoordigende elemente vir negentig persent van die makrokosmos bevat het nie. Die fokus het juis geval op die uniekheid van elke item. Versamelitems is ook so uitgestal om hulle uniekheid en variëteit eerder as hulle ooreenkoms met enige ander item te beklemtoon. In plaas van lidmaatskap van 'n duidelik kategorie, was al bindende faktor volgens Daston (1988:458) eerder die emosionele reaksie van verwondering wat elke item moes uitlok. Volgens Mullaney (1983: 42) kon hierdie uniekheid van elke item juis bereik word deurdat die items sonder enige singewende konteks uitgestal is, wat mens weer terugbring by Foucault se opmerkings in afdeling 1 oor die verwarring wat konfrontasie met so 'n versameling by die kyker kan oproep. Soos Foucault, argumenteer ook Mullaney (1983: 43) dat 'n konfrontasie met so 'n versameling in feite 'n direkte konfrontasie behels met die Ander.

Volgens Daston (1988: 458) is die interessante vraag dus nie dié na die sistematiek onderliggend aan die struktuur van die rariteitekabinette nie, maar eerder die vraag oor wat as wonder beskou is en op basis van watter kenmerke items tot die versameling toegelaat is - 'n vraag wat mens ook ten opsigte van VB moet probeer beantwoord. Ten eerste was daar wat mens die "standaard" of algemeen bekende wonderverskynsels in Wes-Europa in Coenen se tyd kan beskryf. Verskeie hiervan het in die *Cosmograhia* van Sebastiaan Münster voorgekom en word deur Coenen in die proloog van die VB (f.1-13) ten tonele gevoer: die eenhoring en olifant (f.3); 'n wolf wat kinders soog en ape (f.4); drake en basiliske, die kameelpaard en die panther/leopardus (f.5); vreemde voëls

(f.7); vreemde volkere, insluitende die Pliniaanse rasse, soos die eenogiges, eenvoeters, hoofloses en hondkoppiges, mensvreters, summe, wildemans en –vroue en natuurwonders soos (vuurspuwende) berge. Tweedens het Coenen uit sy bronne ook nog materiaal gehaal oor die eksotika uit die Nuwe Wêreld, soos die Eskimos en die armidillo, bekende en oorgelewerde wonderverskynsels uit die Nederlande, talle ander wonders wat as sodanige deur hulle outeurs vir hulle lesers aangebied is, veral in die pamfletliteratuur (*broadsides*) wat op uitsonderlike natuurverskynsels en misgeboortes gefokus het. (Sien Egmond 2005: 192- 211 vir 'n bespreking van Coenen se bronne.)

Derdens is daar in VB verskynsels en gebeure wat op basis van hulle eienskappe as wonders deur Coenen beskryf word en wat hy nie direk van sy bronne oorgeneem het nie. Die vraag is dan ook uiteindelik op basis van watter kriteria Coenen hulle as "wonders" gesien en in VB ingesluit het.

'n Algemene antwoord op hierdie vraag word gegee deur outeurs soos Kenseth (1991a,b), Morillo (1991) en Asworth (1991) wat 'n estetika van die wonder en verwondering formuleer na aanleiding van die versamelwoede en die wonderkamers en rariteitekabinette van die sestiende en die sewentiende eeu.

Die hoofkategorieë van wonders was die bonatuurlike, die natuurlike (*naturalia*) en die nagemaakte (*artificialia*), en volgens Kenseth (1991b) kon die lede van hierdie kategorieë

met een of meerdere van die volgende adjektiewe of naamwoorde beskryf word: *novel*, *rare*, *foreign*, *exotic*, *strange*, *bizarre*, *variety*, *unusally large*, *unusually small*, *virtuosity*, *achievement of the impossible*, *vividness*, *verisimilitude*, *the trancendental*, *the sublime*, *the surprising*, en *the unexpected*. Hierdie naamwoorde en adjektiewe verwys egter almal na relasionele konsepte waarin die inhoud relatief (of as afwykend) ten opsigte van 'n bepaalde norm (byvoorbeeld van normaliteit, grootte, lewendigheid, waarheidsgetrouheid) of kennis- of waardesisteem van 'n bepaalde persoon en tydperk geïnterpreteer moet word.

Ruimte laat nie toe om hier in besonderhede in te gaan op hoe die verskynsels in VB wat as *vremt*, *selsame*, *sonderlincx* en *wonderlijk* beskryf word, een of meerdere van sulke kenmerke van die wonder en die verwonderingswaardige vertoon nie. Van belang is egter dat Coenen se kennissisteem van die see en seelewe, soos beskryf in afdeling 2, hier as norm gefunksioneer het en dat wat hy as "wonderlik" bestempel het, as afwyking van hierdie kennissisteem gesien moet word. Hierdie kennissisteem was egter ingebed in 'n omvattender normatiewe kulturele kennisraamwerk waarvan sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing ten nouste verweef was. Deel hiervan is wat outeurs soos Lakoff en Turner (1994, 166 e.v.) en Matthey en Stoffers (1994) as die Christelik Wes-Europese skematisering van die heelal beskou en wat vergestalting kry in die vorm van die Groot Ketting van Bestaan:

Skematisering van die Heelal

(Hemel)
GOD
(Die eerste oorsaak van alles)
Hemelese wesens (engele)
(Aarde/see)
MENS
[+LEWEND,+BEWEGING, +SINTUIGLIKE WAARNEMING +REDE] — Normale mens [+SIEL]; afwykende kategorieë [-SIEL}
⋆
HÖER-ORDE EN LAE-ORDE DIERE:
Viervoetige diere; voëls, watermonsters, visse, slange, insekte
[+LEWEND,+BEWEGING,+SINTUIGLIKE WAARNEMING]
⋆
PLANTE: Gewone bome, speserybome, geneeskragtige plante
[+LEWEND,+BEWEGING]
⋆
GROND: Bronne, edelstene en metale uit die aarde
{-LEWEND, -BEWEGING]

(Hel)

Tabel 3: Die Groot Ketting van Bestaan

Die skema gee weer wat in die hemel en ondermaans bestaan en wat die hiërargiese verhoudinge tussen hulle is. As sodanig definieer die ketting ook wat as afwykend (en dus as wonderlik) beskou sou moes word: (a) dit wat afwyk van die bestaande entiteite op elke vlak van die hiërargie of die prototipebeeld van sulke entiteite op elke vlak en (b) ook dit wat as't ware tussen hierdie vlakke val en tot "spesiekorrupsie" aanleiding gegee het . Ter illustrasie: op die menslike vlak was daar al die fisiologies (maar ook kultureel) afwykende Plinaanse rasse (sien die bespreking hieronder) en die monsterlike misgeboortes; tussen die menslike en die dierlike is daar die talle monsters met menslike en dierlike eienskappe; op die vlak van die diereryk is daar al die wonderlike monsters wat samestellings van verskillende diere is. Sommige hiervan is buitengewoon groot (soos die walvisse, wat as norm vir visse funksioneer, en baie van die seemonsters), of buitengewoon klein, soos die klein goggatjies (papiervreters) wat Coenen met soveel bewondering as wonderwerk beskryf:

> Van dier zier int pampier Dit is een cleijn dier". "Die zierkens die opt pampier lopen worden oock pampiereeters geheten Dese hebbe Ic soe cleijn gesien dat men geen stip met een penne mach stippen het was noch cleijnder cleijnder dan een van dese ses stippen .. zijn die in dit rondeken gestipt staen hoe wonderlic is .... Godt in zijn wercken Dese cleijne dierkens lopen so vaerdich alsmen ooghen mach hier moeten immers beenen an wesen maer een menschen ooghe es niet moghelic om die te sien ende dat dier es soe cleijn hoe cleijn zijn dan zijn oghen hart ende ingewant men soude seggen ten es niet moegelic hieran mach men mercken dat Godt almachtich onsienlijcke dingen machtich ende hier af es Ende oock mede dat wij met onsen ooghen niet sien en mogen noch met onse zinne begrijpen ende moghen daer es hij een almachtich heer ende scepper af hem zij lof prijs danck nu ende inder ewicheijt gepresen Amen hierin kan men sien ende mercken zijn wonderdaden ons onbegrijpelick".
> (VB, f. 313v.)

Hierdie Christelik Wes-Europese skematisering van die heelal is natuurlik self weer 'n produk van en moet geïnterpreteer word teen die leerstelling van die Middeleeus-Christelike dogma wat in dié tyd aksiomatiese status gehad het en telkens in VB opduik. Sonder om hier volledigheid of presisie na te streef, is aksiomas en afleidings soos die onderstaande ter sake, en dié word op bestaande en nie-bestaande entiteite betrek:

- Hierdie verskynsels bestaan.
- As hulle bestaan, is hulle deur God self geskape.
- As God hulle geskape het, dan het Hy hulle met 'n doel geskape, naamlik om Hom te verheerlik en om die mens na liggaam en siel tot nut te wees.
- God openbaar Hom (naas die Bybel) in sy skepping.
- Die skepping (self 'n "boek" van die natuur) kan dus vir die mens belangrike lesse oor God se heilsplan met die mens leer.

(Sien Thomas 1983:17-49 vir 'n uitgebreide bespreking van die ontlogiese en epistemologiese aannames wat hierdie skema onderlê en hulle religieuse begronding.)

’n Goeie voorbeeld van hoe hierdie aannames Coenen se waarneming en interpretasie van die natuur beïnvloed het, is sy inskrywing vir die kwal waarin hy oor die doel/ funskie van hierdie oënskynlik nuttelose “gedrochte” besin:

> Dese quallen es een vremt faetsoen ende gedrochte die de natuer in der zee voortbrenckt het waeromme es den mensch onbegrijpelijck Dese groijselen ofte gedierten hebben beroerlijck leven in hem aldus vergaen sij mede met sterven ende verdwijnen tot weder water daer het scijnt dat sij afgecomen sijn want ic dicmaels daerop gelet ende gemerckt die aen onsen overgheworpen werden met het slach van der zee ende leggen opt droge sant”...Ic hebbe oock dicmael gesien ende ondervonden als ic dese groote quallen vont leggen op den overe ende aengetast ende ghesien haer contenacie ende gesteltenisse dat Icker van die cleijne dierkens in ende onder vondt die men bij ons zeeluijsen noemt die daeronder berchden voor de hetten van den sonne gelijck Ic oock dicmaels ghesien hebbe ende oock warachtich gheboert dat die vlieghe moesien ende cleijn gewormten ende veel oorwormen die men bij ons soe noemt ende ander cleijne gedrochten hem bergen onder die groote distelen ende scerpe neetelen hieromme mach men dese quallen well heeten zeenetelen want Ic en kanne niet bevinden dat dese quallen ergens toe nut ende profijt zijn ofte doen gelijck oock de groote scarpe neetelen opt lant mede doen dan onbequaem ende hinderlick den menschen ende beesten dan alleen dese cleijne dierkens die hier haer bescutsel ende bescherminghe in soecken ende vinden Aldus en heeft Godt Almachtich niet tevergeefs ghescapen want die natuer soeckt altijt zijn behulp O wonderlijcke goede Godt hoe onbegrijpelijck zijn u wercken u si lof glorij ende dancbaerheijt inder ewicheijt gepresen Amen”.
> (VB, f.151vso -152)

Coenen relativeer plek-plek ook sy eie normsistem aan dit wat in Holland (vir hom altans) as bekend of afwykend beskou is – ’n punt waarop hy in die proloog van VB telkens terugkom. Oor die berge en rotse met ’n waterval meld Coenen dat “Dusdanighe vremde geberchte is in onse Hollant onbekant“ (Vb, f.9); oor die vuurspuwende berge dat “ Dit dunckt onse Hollanders wonder sijn”. Oor die pigmieë en hulle stryd teen die kraanvoëls meld hy: “Het luit ons in Hollant een vremt verstant sijn datter menschen van een kupens of drie spannen lanc sijn die inde broetijt die cranen moeten vernielen(?) ende stoeren Of dese cleyne luijden bleven gans vernielt vande cranen ende verloren” (VB, f. 10).

Hierteenoor was kategorietransformasie ’n besonder verwonderingswekkende gebeurtenis . In VB spreek hierdie verbasing in Coenen se uiteensetting van wurms wat in ‘cappellekens’ (vlinders) verander:

> sach altijt wel dat die rijpen in een faetsoen van een cappelle was verandert Dit scijnt wel dat een specie es of een geslachte in t wilt van die zijt wormen die de zijde maken.
>
> Dit most ic mede scrijven dit docht mijn grote vremdicheijt te wesen O hoe wonderlijck werckt Godt inder natueren alsmen hier siet in dese beestkens dat van een leelijcke rijpe off leelijcke worme int smenschen aenscouwen afcomt een lieflijck kappelleken als ic hebbe voorscreven die wij bij ons zielkens nomeneren. Ende alsoo [=d.w.z. zieltjes] altijt geheeten van dat Ic een kint was ende daarmee speelde ende als wijse gegreepen hadde dat wij veel zielkens hadde maer wij en wisten die misterij niet waerom zij zielkens ghenaemt waren. Maer nu weten wij die misterije ende dat waeromme dese kapellekens zielkens ghenaemt zijn Ende dat hieromme alsoe die leelijcke wormen

> sterven en van dieselfde materie comt een lieflijck kapelleke alsoe scrijven die geleerde dat beduijt daerop tot versterckinghe van ons gelove van die verrijsenisse ende opstandinghe van ons leelicke stinckende lichaeme dat veranderen sal in een lieffelijcke glorioes lichaem mit ziel ende lijf Aldus werckt Godt aldusdanighe dinghen in dese cleijne dierkens Ende alsoe hij Almachtig es waerom soude wij dan cranck int ghelove wesen dat wij niet opstandich soude wesen als onse gelove inhout. Dit is ghescreven tot versterckinghe van ons Kristen gelove Godt geve ons een vast gelove ende Christus vrede ons ende onse vianden mede Amen.
> (VB, f. 312)

'n Subkategorie van die wonders wat in VB voorkom, is die verskillende etnografiese kategorieë, die interne randkategorie ("subalterne kategorieë") en die monsterlike geboortes wat in verskillende opsigte afwyk van wat in 'n skema soos die Groot Ketting van Bestaan as mens, of meer kultuurbepaald, prototipiese Wes-Europeër, of selfs as sestiende eeuse Nederlander beskou is. Gegee dat sowel monsters as wonders afwykings van die normale verteenwoordig het, gebeur dit dat Coenen na sommige lede van hierdie kategorie as *wonderlike monsters* verwys.

Die eerste van hierdie groep is die bekende Pliniaanse rasse wat reeds in die proloog aan bod kom. Benewens die kwessie van "afwykende" huidskleur wat deur die moorin gesinjaleer word ("swarte moerinne tis waer sien wij hier wel is waer"(VB, f.9)), voer hy die bekende Pliniaanse rasse (eenogiges, eenvoeters, hoofloses en hondkoppiges, mensvreters, pigmieë, ens) op. Soos Mason (1991:17) dit uiteensit, gaan dit by al hierdie rasse wat hulle fisiese voorkoms betref om een of ander vorm van afwyking ('n reduksie, 'n oordaad of 'n hibridisering), wat op negatiewe wyse die grense van die (normale) menslike liggaam definieer. Liggaamlike gebreke is egter op hulle beurt fisiese manifestasie van een of ander geestelike of kulturele gebrek waarvan die positiewe teenpool die identiteit van die gekultiveerde SELF definieer ten opsigte van sake soos eetgewoontes, die besit van taal, vorming van dorpe en stede, beoefening van die kunste, wetgewing, sosiale interaksie, godsiens, kuns, filosofie en arbeid.

Die fisiese gebreke van die Pliniaanse rasse stem deels ooreen met die monstergeboortes, soos babas sonder monde of oë, of met vier bene of ses tone of met een of ander dierlike liggaamsdeel (d.i. individuele anomalië) (sien Mason 1991:18-26). Coenen voer ook 'n hele groep van hierdie fisiese anomalië - waarvan sommige in die Nederlande - in VB op. Ter illustrasie:

> Anno 584 in desen tijt baerde een vrouw een kint sonder ooghen sonder handen ende was van sijn navel neder waerts als een vischen staert.
> (VB, f.67)

Aan die einde van VB kom verskeie van die monsterlike geboortes aan bod wat Coenen gesien het as "seltsaem ende wonderbaerlicke gestalten formen ende ghedaente buijten den ghemeenen loop der natueren so an menschen als an beesten diewelcken dan gemeenlick als monster wat besonders beduijden" (VB, f. 321).

Godafvalliges of duiwelsaanbidders in Calicut, wat die Christelik-religieuse karakter van die Nederlandse identiteit moes beklemtoon, word ook behandel in VB (f. 236-

237). Godafvalligheid is ook geassosieer met menslike offerandes, duiwelaanbidding en son- en maanaanbidding. In sy bespreking van die krygers van Calicut (VB, f. 407v-408.) word daar naas die vreemde eetgewoontes en gedrag van hierdie mans ook hulle seksuele promiskuïteit aangedui:

> Dese voorgenoemde edelluijden (want sij malcanderen wel betrouwen) verwisselen haer vrouwen dick ende menichmael.

Dit het Coenen byvoorbeeld ook nie ontgaan nie dat die god van Calicut afgebeeld word met 'n kroon op sy kop soos dié van die pous:

> mij dunckt na mijn fantasie dat dat een wonderlijcke misterie in heeft dat die van Calickoeten haren afgodt den duvel aldus afmalen ende afbeelden met een paeus croene op sijn hoeft. Ende in elcke hant een ziele dien hij op slint.
> (VB, f.)

Interessant is ook Coenen se kennismaking met die eerste Eskimo's wat "Capiteijn Fourboisher" in Julie 1577 na Engeland teruggebring het en wat soos ander natuurlike rariteite teen betaling besigtig kon word. Opvallend hier is eerstens hoe Coenen verskillende rame aanbied van waaruit die Eskimo as ANDER van die Nuwe Wêreld beskou sou kon word. Eerstens as wildeman ("Een wonderlijcke gheschiedenisse van eene wilden man hoe dat hij is ghevanghen gheworden en tot londen ghebracht in de maent van November" ((VB, f.39v)). Verder meld hy dat hy die pamflet oor hierdie Eskimo van iemand anders ontvang het om as *monster* in die VB opgeneem te word (" Dit figuer met dit ghescrift is mijn Adriaen Coenenzoon gedaen ende gegeven om in dit vremt ende wonderbaer visboock mede te setten bij ander vremde monsteren inden jare ons heeren 1577 in December"(VB, f.).

Die wildeman het as skema 'n lang Europese geskiedenis (sien die uitvoerige bespreking in Dudley & Novak 1972). Sekerlik kon Coenen daarop staat maak dat sy leser/kykers hierdie skematiese kennis sou kon aktiveer by die intepretasie van die gegewens in VB. Van die wildeman na die wildeman/-vrou wat ook in die water woon (sien VB, f. 182v), is dit maar 'n kort stappie; tewens in Coenen se uitbeelding van die wildeman en die mense wat in die water gewoon het, was daar min verskille, net soos tussen laasgenoemde en die meermin/meerman (sien VB, f. 184-184v). Die mense wat in water woon ("mensschen die hem soe wel generen int water als op dat lant ende anders" (VB, f. 181v; sien ook f. 182-183) knoop Coenen direk aan die Nederlandse ervaring deur sy verhaal oor die vrou wat in die Purmermeer gevang is en 'n man wat in Vriesland wat uit die see uit gekom het (sien VB, f. 181v).

Kortom: Daar sit sistematiek in wat as "wonder" geklassifiseer sou word en Coenen het hom hierin deur èn sy bronne èn sy eie (kultuurbepaalde) normatiewe waardesisteem laat lei.

Slot

Soos hierbo aangevoer, is Adriaen Coenen se omgang met die natuur en die verwoording daarvan in sy manuskripte bepaal deur 'n aantal komplekse skemata. Gegee die historiese afstand, is dit nie moontlik om hierdie hipoteses empiriese te gaan toets nie. Nog minder kan mens eenvoudig aanvaar dat daar 'n een-op-een-korrelasie bestaan het tussen wat mens uit die inhoud en struktuur van VB kan aflei en Coenen se mentale skemata wat die seleksie van die materiaal vir VB bepaal het. Maar al het hierdie hipoteses maar deels empiriese ondersteuning, dan ondersteun dit Egmond se stelling dat die seleksie van die materiaal 'n manuskrip soos VB maar slegs oënskynlik chaoties was. Inderdaad is daar ondersteuning daarvoor dat die seleksie deur ten minste twee sterk beginsels bepaal is.

Universiteit van Suid-Afrika

Bronnelys

Ashworth, W.B. 1990. Natural history and the emblematic world view. In: Lindberg, D.C & Westman, R.S. (Eds.)1990. *Reappraisals of the scientific revolution.* Cambridge: Cambridge University Press, pp. 303-332.

Ashworth, W.B. Remarkable humans and singular beasts. In Atran, S. 1998. Folk biology and the anthropology of science: Cognitive universals and cultural particulars. *Behavioural and Brain Sciences*, 21: 547-569.

Coenen, A. 1581. *Visboeck.* Ongepubliseerde manuskrip, Koninklike Biblioteek, Den Haag. Transkripsie, Florike Egmond. Oorspronklike ms. toeganklik aanlyn by:<www.kb.nl/visboek>.

Coenen, A. 1585. *Walvisboeck*. Ongepubliseerde manuskrip, Biblioteek van die Koninklike Maatskappy vir Dierkunde, Antwerpen. Transkripsie, Florike Egmond. Oorspronklike ms.

Copenhaver, B.P. 1991. A tale of two fishes: Magical objects in natural history from Antiquity through the Scientific Revolution. *Journal of the History of Ideas*, 52(3): 373-398.

Dancygier, B. 2006. What can blending do for you? *Language and Literature*, 15(1): 5-15.

Daston, L.J. 1988. Review: The factual sensibility. *Isis*, (Special issue on artifact and experiment), 79(3): 452-467.

Daston. L. J. 1994. Marvelous facts and miraculous evidence in early modern Europe. In: Chandler, J., Davidson, A.I. & Harootunian, H. (Eds.) 1994. *Questions of Evidence.Proof, practice, and persuasion across the disciplines.* Chicago: University of Chicago Press, pp.243-274.

Daston, L. J, & Park, K. 1998. *Wonders and the order of nature 1150-1750*. New York: Zone Books.

Dudley, E. & Novak, M.E. (Eds.) 1972. *The wild man within. An image in Western*

thought from the Renaissace to Romanticism. Pittsburg: University of Pittsberg Press.
Egmond, F. 1997. *Een bekende Scheveninger. Adriaen Coenen en zijn Visboeck van 1578.* Den Haag: Centrum voor Familiegeschiedenis van Scheveningen.
Egmond, F. 1999. Natuurlijke historie en savoir prolètaire. In: Egmond, F., Jorink, E. & Vermij, R. (reds.) 1999. *Kometen, monsters en muilezels. Het veranderende natuurbeeld en de natuurwetenschap in de zeventiende eeuw.* Haarlem: Uitgeverij Arcadia, pp. 53 -71.
Egmond, F. 2005. *Het Visboek. De wereld volgens Adriaen Coenen 1514-1587*. Zutphen: Walburg Pers.
Egmond, F. & Mason, P. 1992. De walvis en de poelomp. De kosmologie van een zestiende-eeuse strandvonder. *Volkskundige Bulletin*, 18(2): 170-222.
Egmond, F. & Mason, P. 1995. Report on a wild goose chase. *Journal of the History of Collections*, 7(1): 25-43.
Egmond, F. & Mason, P. 1997. *The mammoth and the mouse. Microhistory and morphology.* Baltimore & London: John Hopkins University Press.
Egmond, F. & Mason, P. 2000. "These are people who eat raw fish": Contours of the ethnographic imagination in the sixteenth century. *Viator, Medieval and Renaissance Studies*, 31: 311-360.
Egmond, F. Mason, P. & Lankester, K. 2003. *Het Walvisboek. Walvissen en andere zeewezens beschreven door Adriaen Coenen in 1585.* Zutphen: Walburg Pers.
Ellen, R.1979. Introductory essay. In: Ellen, R.F. & Reason, D. (Eds.) 1979. *Classifications in their social context.* London: Academic Press.
Foucault, M. 1970. *The order of things: an archaeology of the human sciences.* London: Tavistock Publications.
Fouconnier, G. 1996. *Spaces, worlds, and grammar.* Chicago: University of Chicago Press.
Hassig, D. 1995. *Medieval bestiaries. Text, image and ideology.* Cambridge: Cambridge University Press.
Keesing, R.M. 1974. Theories of culture. *Annual Review of Anthropology*, 3: 73-97.
Kenseth, J. 1991(a). The age of the marvelous: An introduction. In: Kenseth, J. (Ed.) *The age of the marvelous*. Hanover, New Hampshire: Hood Museum of Art, Dartmouth College, pp.25-59.
Kenseth, J. 1991(b). "A world of wonders in one closet shut". In: Kenseth, J. 1991. (Ed.) *The age of the marvelous*. Hanover, New Hampshire: Hood Museum of Art, Dartmouth College, pp.81-101.
Lakoff, G. 1987. *Women, fire, and dangerous things. What categories reveal about the mind.* Chicago: Chicago University Press.
Lakoff, G. & Turner, M. 1989. *More than cool reason. A field guide to poetic metaphor.* Chicago: Chicago University Press.
Mason, P. 1990. *Deconstructing America. Representations of the Other.* London and New York: Routledge.
Mason, P. 1991. Half a cow. *Semiotica*, 85 (1/2): 1-39.
Matthey, I. & Stoffers, M. 1994. *De middeleeuwse ideeënwereld, 1000-1300. Werkboek.* Heerlen: Open Universiteit.

Morillo, J.V. 1991. The aesthetics of the marvelous: The wondrous work of art in a wondrous world. In: Kenseth, J. (Ed.) *The age of the marvelous*. Hanover, New Hampshire: Hood Museum of Art, Dartmouth College, pp.61-79.

Mullaney, S. 1983. Strange things, gross terms, curious customs: The rehearsal of cultures in the Late Renaissance. *Representations*, 3: 40-67.

Soffer, O. 2005. The textual pendulum. *Communication Theory*, 15(3): 266-291

Swanepoel, P. H. 2001. Oor die unieke en die universele in die Afrikaanse en Nederlandse etnobiologiese nomenklatuur. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 8:2.

Swanepoel, P. 2004. Wonderbaarlike volke en monsterdiere in Der naturen bloeme van Jacob van Maerlant en die kognitiewe verankering van denkbeeldige kategorieë in die Middeleeuse lewens- en wêreldbeskouing. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 11(2).

Taylor, J.R. 1995. Linguistic categorization. *Prototypes in linguistic theory. Second edition.* Oxford: Clarendon Press.

Thomas, K. 1983. *Man and the natural world. Changing attitudes in England 1500-1800.* London: Allen Lane.

Van de Roemer, B. 2004. Neat nature : The relation between nature and art in a Dutch cabinet of curiosities from the early eighteenth century. *History of Science*, 42(1):47-84.

Note

1 Die navorsing vir hierdie artikel is onderneem met die finansiële ondersteuning van die Noordelike Kennisnetwerk vir Neerlandistiek. In die ontleding van Coenen se *Visboek* en *(Wal)visboek* maak ek dankbaar gebruik van die transkripsies van die oorspronklike manuskripte van Florike Egmond. Folioverwysings is in ooreensteming met die hernommering van die manuskrip vir die transkripsies.

2 Coenen was 'n boorling van Scheveningen, sekretaris van die visveiling, self visafslaer, strandjutter, versamelaar en verskaffer van seekuriositeite, skrywer en illustreerder, wesentlik outodidakt en "selfmade man" (sien Egmond 1997 vir 'n biografiese schets van Coenen, maar ook Egmond & Mason 1996).

3 *Visbooc* (afgekort tot: *VB*) word in die Koninklike Biblioteek in Den Haag bewaar. Die manuskrip is sedert 2005 in digitale vorm toegank via die Internet (www.kb.nl/visboek). Die tweedelige *Het Walvisboek* word bewaar in die biblioteek van die Koninklike Maatskappy vir Dierkunde in Antwerpen. 'n Moderne Nederlandse byna-faksimilee uitgawe het in 2003 verskyn (sien Egmond, Mason & Lakester 2003).

4 Ek laat hier eers buite beskouing die vraag of dit inderdaad moontlik is en die beste is om hierdie kennis as 'n vertakkende, hiërargies-geordende geheel te gee.

5 Goodenough (sien Keesing 1974: 77) omskryf sulke lewens- en wêreldbeskoulike rame of kultuurmodelle soos volg:

> A system of knowledge - what it is one has to know or to believe in order to operate in a society. It is specific models for perceiving, relating, and otherwise interpreting material phenomena.... standards for deciding what is, ... for deciding what can be, ...for deciding what one feels about it, for deciding what to do about it, and ... for deciding how to go about doing it.

Anak Betawie: 'n verkenning van die skryfwerk van Tjalie Robinson

Steward van Wyk

This article explores the work of the Indo-Dutch writer Tjalie Robinson, in particular his short stories published under the pseudonym of Vincent Mahieu. An introductory biographical sketch is followed by an analysis of a few key themes in his work e.g. hunting, representation of the ordinary man and the use of the vernacular. In conclusion, a few ideas are propounded for a comparative study with Black Afrikaans writing.

1. Inleiding

Tjalie Robinson en Vincent Mahieu is twee van die meer bekende skrywersname[1] van Jan Johannes Theodorus Boon. Hy was die oudste seun van Cor Boon en Fela Robinson en word op 10 Januarie 1911 in Nijmegen gebore toe sy ouers vir 'n kort tydjie in Nederland vertoef sodat sy vader, 'n beroepsoldaat in die koloniale leër, opleiding kon ondergaan. Wanneer hy drie maande oud is, vertrek hulle weer na Nederlands-Indië waar Boon opgroei en sy opvoeding ontvang.

Omdat hy nie die familie van sy vader, 'n totok[2] (volbloed Hollander) geken het nie, voel Boon hom meer aangetrokke tot die Indo-familie van sy moeder. Sy is die dogter van 'n Engelsman en 'n Javaanse vrou. Hierdie gemengde agtergrond en die Indo-kultuur is bepalende faktore in die vorming van Boon se lewensuitkyk. Sy twee skrywersname is gesetel in hierdie wêreld: Robinson, die nooiensvan van sy moeder en Tjalie 'n Indo vervorming van die Engelse naam Charles. Ook Mahieu is 'n bekende van in hierdie wêrelddeel: die stigter van die Stamboel-teater[3] was ene Auguste Mahieu en Vincent was 'n algemene naam. Vir sommige kritici sit daar ook iets ideologies betekenisvol in die name Robinson en Mahieu.[4] In hierdie artikel word die algemene gebruik gevolg om die naam Tjalie Robinson, soms slegs Tjalie, vir al hierdie persoonlikhede te gebruik.[5]

Sy kinderjare word gevorm deur die wêrelde van die Nederlander aan die een kant en die Indo en inlandse mense aan die ander kant. In Nederlandse skole kry hy sy formele skoolopleiding, terwyl hy op straat deur middel van die speletjies en taal 'n ander kultuur en waardes leer.

Hy was besonder talentvol en begaafd met 'n voorliefde vir die literatuur en joernalistiek terwyl hy ook sy hand waag aan skilderkuns en spotprente. Daarbewens blink hy uit op die terrein van sport. Na 'n kort loopbaan as onderwyser begin hy werk as joernalis en kultuur-stryder. Tydens die Tweede Wêreldoorlog word hy aangehou in die Japanse konsentrasiekamp Tjimahi waar hy Rob Nieuwenhuys ontmoet. Nieuwenhuys onthou die besondere vertelkuns van Robinson tydens die kultuuraande in die kamp (Beekman, 1996:524).

Na die oorlog word hy die hoofredakteur van *Wapenbroeders*, die koerant van die Nederlandse leër en daarin skep hy die spotprente "Taaie en Neut". In 1950 begin hy skryf aan die stukke wat hom die meeste bekendheid gee, die *Piekerangs*

van een straatslijper. Hierdie tekste toon Tjalie se meelewing en skerp waarneming van mense en situasies, veral diegene aan die onderend van die samelewing, die gemarginaliseerdes, die sogenaamde kleine Indo/kleine boeng. Hy toon ook sy skerp sin vir humor en aanvoeling vir taal met sy optekening van Indies-Nederlands en Petjo (Anthonio, 1990:105).

Na die rewolusie (bersiap) en onafhanklikwording van Indonesië in 1949 oefen hy die keuse uit om hom met sy gesin in Nederland te vestig. Dit is iets wat hy onder druk en met 'n mate van teësin doen omdat hy nie *warga negara* ('n Indonesiër) wou word en sodoende sy Nederlandse verbintenis afsny nie. Ook hierdie besluit plaas hom in 'n ambivalente posisie: om te bly, beteken dat hy sy Nederlandsheid afsny en deur te vertrek, verraai hy sy Indiese agtergrond.

Robinson beskryf hierdie ambivalensie as hy verwys na die Indo as "in de marge tussen twee eindeloos grote vlakken" (aangehaal in Nieuwenhuys, 1992: 489). Dit val op dat soortgelyke terme elders gebruik word om die tussenposisie van die Indo aan te dui. Elsa Joubert in *Gordel van smarag* (1997), haar reisboek na Indonesië op die spoor van Leipoldt, gebruik die term tussenlander met verwysing na haar Indo vriendin en later maak sy dit ook van toepassing op die posisie van die Afrikaner wat sigself tussen Afrika en Europa bevind. In die bundel opstelle *Tussenfiguren: schrijvers tussen de culturen* verwys die tussenfiguur onder andere na iemand gevorm tussen Ooste en Weste, Europa en Asië, met ander woorde tussen twee kulture.

In sy opstel in hierdie bundel meen Bert Paasman (1998: 211) egter dat Robinson net in een kultuur geleef het; dié van die halfbloed, die Indo met al sy ambivalensies, in 'n mengkultuur. Nieuwenhuys (1972:513) voer aan Robinson "is eigenlijk de enige Nederlandse schrijver die bewust vanuit een Indo-cultuur schrijft". Skrywers soos E. Du Perron, Maria Dermoût en E. Breton de Nijs wat in Indonesië gebore is, het aanwysbare invloede ondergaan, maar hulle het nooit "vanuit dit gemengde levenspatroon geleefd als Tjalie Robinson" (Nieuwenhuys, 1972:513).

In Nederland beywer Robinson hom vir die saak van die Indo's wat hulself as selfstandige groep moet vestig en nie geassimileer word in die Nederlandse samelewing nie. Hy stig verskeie tydskrifte om uiting aan hierdie idees te gee, onder andere *Gerilja* (1955) en *Onze Brug* wat later *Tong-Tong* word.

Anthonio (1990:110) voer aan dat Robinson se idees onder die Indo in Nederland 'n louwarm ontvangs gekry het. Baie Indo's wou so gou moontlik assimileer en negeer dus hul Indo agtergrond ondanks hul nostalgie na hul geboorteland. Voorts wou hulle vergeet van die gruwels in die Japanse konsentrasiekampe en die bersiap-tyd. Ten spyte van die feit dat die Nederlanders koud en afstandelik was en aanvaarding dus stadig plaasgevind het, het hulle gevoel dat sodanige probleme van korte duur was en oorkom sou word.

Vir kort periodes vestig Robinson hom in die VSA waar hy voortgaan om aktief die saak van Indies-Nederlanders wêreldwyd te bevorder. Hy is 'n stigterslid van die Pasar Malam Besar wat in 1959 tot stand kom en sedertdien uitgegroei het tot een van die grootste kulturele saamtrekke in Nederland. Hy sterf in 1973 in Den Haag.

Hierdie artikel fokus vervolgens op die literêre werk wat onder die naam Mahieu verskyn het, maar sal ook aandag gee aan ander aspekte soos sy joernalistieke werk en

sy sienings omtrent taal. Ter afsluiting word enkele raakpunte met die konstruk Swart Afrikaanse skryfwerk aangedui.

In Robinson/Mahieu se literêre oeuvre, hoofsaaklik kortverhale van wisselende lengte, is die bundels *Tjies* (1958) en *Tjoek* (1960) die belangrikste. Hierdie bundels is opgeneem in sy *Verzameld Werk* wat in 1992 verskyn het en waarin ook die verhale uit *Schuilen voor de regen* (1989), *Schat, schot, schat* (1990) en ander ongepubliseerde gedigte en verhale met 'n nawoord deur Rob Nieuwenhuys opgeneem is. Die bespreking van hierdie verhale geskied aan die hand van 'n aantal temas.

2. Die Jag-tema

Die bundeltitels *Tjies* en *Tjoek* wys reeds op die sentrale rol wat jag in die werk van Robinson en oor die algemeen in die Indies-Nederlandse sfeer ingeneem het. "Tjies" is die troetelnaam vir 'n klein kaliber geweer wat jong seuns gekry het wanneer hulle die laerskool verlaat en "tjoek" is die vervorming van die Engelse woord "choke". Dit beskryf 'n geweer met 'n vernouing aan die einde van die loop wat 'n gekonsentreerde skoot tot gevolg het, 'n soort haelgeweer dus. Altwee vuurwapens stel eise aan die skut en is ewe gevaarlik, maar juis daarmee word die jongeling belangrike waardes oor lewe en dood geleer. Hieroor laat Mahieu hom as volg uit: "Met leven en dood in zijn hand is er voor de opgroeiende jongeling geen leven meer met 'mooie praatjies' … het leven wordt juist subtieler. Hardheid maakt plaats voor gehardheid, wreedheid voor barmhartigheid, met de macht om te doden leert de jongeman leven te sparen" (aangehaal in Anthonio, 1992:203).

Op die jagveld bevind die jagter en prooi mekaar op gelyke voet. Dit is vir Robinson 'n belangrike onderskeid met byvoorbeeld 'n slagter of met mense wat ter wille van ontspanning jag want hulle maak die dier 'n weerlose slagoffer vir die bevrediging en konsumpsie van die mens. Die jagveld leer die mens egter eerlikheid en soberheid en bied 'n geleentheid om midde-in die natuur sy kernwaardes te ontdek (Anthonio, 1992: 200-201).

Hierdie opvattings word weerspieël in die titelverhaal "Tjoek". Die hoofkarakter Tjoek is 'n jong Indo meisie wat met haar moeder in een van drie verwaarloosde huise woon wat gebou is op 'n afgeleë terrein tussen 'n Chinese begraafplaas en 'n groot moeras (rawah). In een van die ander huise bly die eksentrieke Mnr. Barrès wat die tjello met groot virtuositeit bespeel. Die huis in die middel is verlate omdat geglo word dat dit vervloek is, maar op Sondae leef dit van uitbundigheid wanneer die jagters daar bymekaar kom. Tjoek is 'n vreemde figuur in hierdie omgewing omdat sy 'n weersin in jag het en heftig daarteen reageer. Aan die ander kant voel sy 'n band met die Sondagjagters. Sy vind haar gelyke in Elmo Wyatt, die beste jagter in die omgewing, met wie sy heftig argumenteer. Hy sterf egter wanneer sy geweer per ongeluk afgaan en hy getref word. Sy geweer verdwyn spoorloos en later blyk dit dat 'n arm Indo seun die geweer in sy besit het.

Dié seun se naam is Sylvester wat eintlik Zilwerster moes wees en boonop is hy meer bekend onder die bynaam Man. Man is aan homself uitgelewer omdat sy ouers

onkapabel is en om te oorleef jag hy in die uitgestrekte gebied van die moeras. Hy lei 'n primitiewe lewe in 'n Chinese graftombe en Tjoek ontferm haar oor hom. Sy trek by hom in en omskep die tombe in wat sy die Groen Huis noem. Man voorsien in hulle behoeftes deur meer en meer te jag en die prooi op die mark te verkoop. Hy droom daarvan om die legendariese wildebeer Si Badak te skiet. Tjoek raak self meegesleur deur die soektog na Si Badak en die kommersiële voordele van jag word vir haar meer aantreklik. Nadat Man haar geleer het om te skiet, gaan sy een nag uit om die beer te soek. In die wasigheid van die naglug wond sy Man noodlottig en so eindig die verhaal op 'n noot van dood en verlies.

Hierdie verhaal het vele simboliese lae en intertekste. Nieuwenhuys (1972:514) sê dat "Tjoek" nie 'n jagverhaal is nie, maar 'n verhaal oor die jag en Beekman (1996: 525-527) wys onder andere op die simboliek van die moeras, die graftombe, die wildebeer en die skimmige gras-snyer in die slot van die verhaal. Beekman (1996:528-529) brei ook uitvoerig uit op die raakpunte met opvattings van die Spaanse filosoof Ortega y Gasset met wie se werk Robinson bekend was. Vir Gasset was die jag 'n verfynde aktiwiteit wat vir die mens vervulling kan bied, maar eweneens iets wat sy ondergang kon beteken. In hierdie verhaal gaan die karakters Elmo, Man en in 'n mate ook Tjoek onder wanneer hulle die suiwer, instinktiewe en oer-ingesteldheid van die jagter in die natuur offer vir kunsmatighede, wedywering, naywer en materialisme.

In die verhaal "Tjoek" skemer Robinson se lewensfilosofie en sy gedagtes oor die Indo deur en die kritici beskou dit as 'n kernteks vir die verstaan van sy idees. Hy sê dan ook op die flapteks van *Tjoek* "Voor wie het leven ziet als een jacht … is de techniek van 'tjoek' van een aparte bekoring en tarting. Maar zal die techniek begrepen kunnen worden door mensen wier levensgeluk bestaat in het buiten schot blijven?" (aangehaal in Nieuwenhuys, 1972:514). Vir Robinson behels die jag waardes soos eerlikheid en moed, maar ook risiko en dit is wat die Indo voor oë moet hou om te oorleef as groep met eie kulturele waardes (Anthonio, 1992:202). Die verhaal se einde in die tragiek van dood en verlies word allegories gelees as verwysend na die lot van die Indo sou hierdie waardes genegeer word.

Die jag en sy waardes ontspring uit 'n wêreld waarmee die Indo vertroud is en waarmee hy 'n natuurlike verbondenheid het. Anthonio (1992: 1998-199) wys daarop dat die Indo-bestaan in Nederlands-Indië nou verweef was met die jag. Dit was 'n bestaanswyse en 'n aktiwiteit wat status en uniekheid verleen het. Die jag onderskei die Indo enersyds van die Nederlanders vir wie dit òf ontspanning òf 'n barbaarse tydverdryf was en andersyds van die inheemse mense wat hoofsaaklik uit die verbouing van rys 'n bestaan gemaak het.

In ander verhale van Robinson figureer die jag ook as tema en telkens gaan dit oor magsposisies wat omgeruil word en die verontregte, manhaftige, eerlike en wyse figuur wat oorwin. In "Posteerjacht" misbruik die a-r (assistent-resident) sy magsposisie om die naïewe vroutjie van die niksvermoedende onderwyser, Lolo, te probeer verlei. Wanneer Lolo daarvan uitvind, sweer hy om die a-r terstond te skiet. Hy lê dus aan op die huis van die a-r en bly selfs daelank uit die skool wat behels dat die a-r ook in sy huis gevange gehou word. Om dit vry te spring, vra die a-r sy kontakte om Lolo na 'n

ander eiland te verplaas. Wanneer Lolo dus uiteindelik gedwing word om te vertrek, behaal hy tog 'n oorwinning deurdat hy die eer en selfrespek van homself en sy vrou beskerm het en die a-r ontbloot het as 'n lafaard.

By Robinson kry mens dikwels die klein figuur in die aangesig van 'n groter onregverdige mag waarteen hy/sy die stryd voer en alhoewel sy hoofkarakters dikwels 'n tragiese afloop beleef, is daar ook 'n mate van heroïese verset aan die kant van die mindere teen 'n oorweldigende mag (Willems, 1994:17). Dit gebeur met die hond in "De Maaltijd" en die bedelaar in "Zondag" wat uiteindelik met die prys wegstap nadat hulle lank daaroor getreiter is. Op 'n grieselrige manier gebeur dit ook in "Het geval Douwes" wanneer Mnr. Douwes, wat onder meedoënlose pantoffelregering gebuk moes gaan, sy vrou koelbloedig vermoor en doodgewoon met sy lewe aangaan.

Daar is 'n oorlewingsdrang, avontuurlus en vitalisme in Robinson se verhale – 'n aspek wat die kritici dikwels vergelyk met die werk van Ernest Hemingway (kyk Anthonio, 1992 en Beekman, 1996). Sy karakters leef voluit en kompromisloos en skrik nie terug van gevaar en konfrontasie nie. Die motorfietsryers in "Wharr-wharr-wharr", die boksers in "Little Nono" en die vegters in "Arcola" getuig hiervan. Dit strook met Robinson se opvatting dat "leven is alles, schrijven is niets" en "schrijven is alleen een facet van leven" (Derksen, 1994:25) . Die verhaal "Geen boeken voor de levenden" handel oor die jong seun Leo wie se bene na 'n ongeluk geamputeer word, maar wat daarna nog meer vreesloos met sy kunsbeen op die trems ry. Leo het geen erg aan boeke gehad nie. Trouens, wanneer die ek-verteller Leo in die hospitaal besoek, sê Leo neerhalend dat hy (die verteller) hom 'n boek mag gee as hy die dag dood is. Hierdie woorde word ironies waar aan die einde van die verhaal. Leo word noodlottig deur 'n motor getref nadat hy op 'n keer net te veel wou waag. Met sy begrafnis bring die verteller die boek, wat hy aanvanklik vir Leo in die hospitaal wou gee, na sy (Leo se) huis.

In hierdie verhale is dit die klein figuur wat iets groots laat blyk. Hierdie voorstelling sluit aan by die volgende tema wat bespreek word, nl. die voorstelling van die klein Indo, die kleine boeng.

3. Die klein Indo, die kleine boeng

Robinson identifiseer onomwonde met die gewone man, die gemarginaliseerdes en uitgeworpenes in die samelewing, die klein Indo, die kleine boeng (broer). Cleintaur (1989:84) noem dat Robinson se figure "de vergeten groepen van de Indische samenleven ... gedeklasseerden, bohémien-achtige personages" verteenwoordig. In baie van sy verhale gaan dit om die verskoppelinge wat iets van hul trots en menswaardigheid laat blyk, herwin en terugeis.

"De Indringster" vertel van 'n persoon wat een nag gaan hengel en hom voorberei vir 'n nag net met homself en die stilte van die viswaters in die hawe van Djakarta. Hy het onder andere vir hom 'n smaaklike ete op pad gekoop. Hy is taamlik vererg en afsydig wanneer 'n jong straatvrou ook daar opdaag. Teen wil en dank word hy betrek in 'n gesprek met die vrou en is soms verbaas deur die wyshede wat sy kwytraak. Hy merk op "Het was niet de eerste keer dat ik wijsheid hoorde uit de mond van een paria.

Ook op vuilnishopen groeien bloemen, toch".

Om van haar ontslae te raak, stuur hy haar om 'n ete te gaan koop welwetende dat al die besighede al gesluit sal wees. Hy meen dat sy in elk geval met die geld sal verdwyn. Hy is verbaas wanneer sy wel met die ete wat sy aan die anderkant van die stad gaan koop het, opdaag. In die vroeë oggendure neem hulle afskeid nadat hy haar sy visse aangebied het. Die slot is gelaai met ironie; op pad na sy huis, kom hy 'n kennis teë wat nie kan glo dat hy 'n hele nag lank niks gevang het nie. Met 'n ondeunde stemtoon maak dié persoon die insinuasie dat die verteller die nag met 'n vrou deurgebring het en vra of sy wel aardig was. Daarop kan die verteller net verbaas en bevestigend antwoord.

Hierdie verhaal toon Tjalie se aanklank met gemarginaliseerdes en sy behoefte om die volheid en nuanses van hul lewens voor te stel, die "sappelen van de kleine man en vrouw" waarna Willems (1994:18) verwys. Die vertellersperspektief is dikwels dié van 'n middelklaspersoon wat met sy/haar geveindshede hom-/haarself verhewe bo die ander beskou maar dan beteuterd moet terugkyk en besef dat die ander tog geluk en tevredenheid ervaar.

"Adieu aan Josephine" begin met 'n ek-verteller wat terugdink aan sy jeug toe hy opgegroei het met drie broers en hul suster Josephine, ook Djos genoem. Sy is net so, indien nie meer, waaghalsig as hulle nie en is hulle gelyke in al die avonture wat hulle aanpak. Jare later ontmoet hy haar weer en wanneer hulle uitgaan, beleef hy haar met ambivalensie. Hy skaam hom vir haar ongekunstelde en uitbundige gedrag; sy fluit byvoorbeeld vir die taxi. Hy is egter ook getref deur haar beeldskoonheid en onberispelike gedrag in die restaurant. Aan die einde van die aand laai hy haar by haar losiesplek af en hy gaan dans tot vroegoggend. Hy besef dan dat hy haar weer wil sien en haas hom na die stasie net betyds vir 'n laaste paar woorde met haar. Hy besef dat hy iets verloor het.

"Het vriendje van de rups" word vertel uit die perspektief van 'n kind wat homself vergelyk met 'n vlinder wat 'n omgekeerde ontwikkeling terug na 'n larwe ondergaan, dus van skoonheid na lelikheid. Dit is wat hy sien in sy omgewing – armoede, ontbering, verval en vuilheid en daarvan wil hy ontvlug. Hy vertel dan van 'n hond wat hy in die kampong opgemerk het. Dié is verwaarloos, verskrik en menssku. Die seun voer die hond kos en bevry hom later, maar dit lyk of die hond steeds gevange wil bly. Hy merk nog later die hond op straat op en kyk hulpeloos toe hoe dit weer deur gesondheidinspekteurs gevange geneem word. Sy onsteltenis word gepaai deur 'n persoon wat hom wys op die gesondheidsrisiko en die noodsaak om rondloperhonde te verwyder.

Hierdie verhale kan allegories gelees word as 'n toespeling op die wyse waarop die koloniale samelewing met die Indo omgaan en soms word ook die rol van die skrywer-intellektueel Robinson se posisie bygehaal (kyk Boekholt, 1994: 38-41). Met sy empatie en skerp aanvoeling vir gewone mense en die genuanseerdheid van sy voorstelling wou Robinson die stigmas en stereotipes wat aan die Indo kleef, omkeer. Dit is verder deur die gebruik van taal dat Robinson nader aan die gewone man kom en sy identifikasie met hulle laat blyk.

4. Petjoe/Petjok

Petjoe is die taal eie aan die Indo. Volgens Van Rheeden (1994) het Petjoe ontstaan as 'n mengtaal wat gepraat is deur Indo-kinders wat tuis met Maleis opgegroei en op skool in kontak met Nederlands gekom het. 'n Aantal variasies van die taal het bestaan waarvan die Maleis-Nederlandse vermenging die mees algemene was. In hierdie vorm betref dit 'n taal gebaseer op die Maleise grammatika met Nederlandse leenvorme. Van Rheeden (1994:48) bevind dat ongeveer 83% van die leksikon van Petjo uit Nederlands afkomstig is terwyl die klanksisteem, woordvolgorde en woordvormingsprosesse getrou aan Bataviaanse Maleis is.

Omdat dit die taal was wat deur die laer klasse gepraat is, is dit gestigmatiseer en is daarop neergesien as 'n kromtaal wat nie deur opgevoede mense gepraat word nie. Robinson wou hierdie stigma ongedaan maak; hy sê dat hy met die skryf daarvan nie met die mense wou spot nie, maar die aandag wou vestig op 'n taalvorm wat onderdruk word en wat net soveel uitdrukkingsmoontlikhede as ander tale het.

Met die optekening daarvan in die bundel *Ik en Bentiet* verrig Robinson belangrike bewaringswerk omdat die taal vandag nie meer gepraat word nie. Robinson se uitsprake en werk betreffende Petjo herinner aan dié van Adam Small en Peter Snyders betreffende Kaaps en Loit Sôls se uitsprake oor Ghoema. Small se bekende woorde in die Naskrif by *Kitaar my kruis* resoneer hier; soos Kaaps is Petjo nie 'n taal van spot nie, maar 'n volwaardige taal: "Het 'Petjoh is ontegenzeggelijk ook een 'sfeertaal' van een groep met eigen sociaal-culturele kenmerken, met eigen vreugden, eigen trots en met eigen vrijheden" (Robinson,1984:6).

Slot

Vir die (Suid-)Afrikaanse leser kan Robinson en sy werk meer as 'n kuriosum wees en noop dit die vraag wat mens daaruit kan neem. In sy intree-rede as buitengewone professor aan die UWK het Vernie February onder andere opgemerk dat in "Suriname, die Nederlandse Antille en in Indonesië (is) daar 'swart' skrywers, digters en wetenskappers wat deur hulle literêre corpus die Nederlandse taal en letterkunde op 'n opwindende wyse 'maatschappelijk relevant' kan maak aan die Kaap"(1991:10).

'n Mens sou onder andere dan kon kyk na 'n vergelykende studie met die konstruk swart Afrikaanse skryfwerk. Met betrekking tot die voorstelling van gemarginaliseerdes, die verdruktes en verontregtes, die Ander in sy/haar volheid en nuanse, kan mens Robinson se werk vergelyk met dié van S.V. Petersen, P.J. Philander, Arthur Fula, Abraham Philips, S.P. Benjamin, EKM Dido om enkeles te noem. S.V. Petersen gee in sy vroeë kortverhale en sketse 'n beeld van die geestigheid en gevatheid van die bruin Afrikaanse werkersklas in die stad en platteland van die 1940's terwyl hy ook onomwonde die armoede en ontbering in hierdie tydvak blootlê. Sy unieke figure herinner aan Robinson se karakters in 'n verhaal soos "De kip, de hond en de muis". Tant Wonnie en haar dogters Kaatjie en Susan, Sus Bet en Oom Flip in A.H.M. Scholtz se Vatmaar is vergelykbaar met Robinson se kleine boeng wat teenspoed en vooroordeel

oorwin. Ook Philips se spiritusdrinkers en die ambagsmanne en werkloses in verhale van Karel Benjamin en Leonard Koza kry 'n pendant in Robinson se "straatslijpers". Die piekerangs kan vergelyk word met die gevathede en sêgoed van Adam Small se "bruin pellie" en die smouse en vrugteverkopers in sy gedigte en dramas. Dit kan selfs verder teruggeneem word na die satire van Piet Uithalder in sy Straatpraatjies-rubriek.

Robinson se uitbeelding van die ambivalensies en problematiek van die persoon van gemengde afkoms, die mestiese en mulatte, en sy/haar tussenposisie herinner ook aan Adam Small se hantering van iets soortgelyks in die drama Krismis van Map Jacobs. Ek het elders (Van Wyk, 2004) geargumenteer dat Small daarin 'n aantal representasies van die mulat ondersoek wat wissel van die tragi-komiese, die satiries-skeptiese, die daadlose en die soeklig laat val op identiteitskwessies. Robinson se uitsprake oor die Indo en sy figure in onder andere "Tjoek" en "Adieu aan Josephine" gee 'n aanduiding van die manier waarop hy hierdie kwessies hanteer.

Vir eers is dit met sy beskrywing van die figure en sfeer van die vroeëre Nederlands-Indië, uit die perspektief van 'n anak Betawie (kind van Batavia), en die wyse waarop hy die problematiek van die Indo opneem, dat Robinson uitsonderlike werk verrig. Kousbroek (1989:134) sê dat Robinson daarmee"meer waard is as honderd historici"!

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnelys

Anthonio, Winniefred. 1990. Tjalie Robinson: "reflections in a brown eye". Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Michigan.

Anthonio, Winniefred. 1992. De jacht: levensfilosofie in het werk van Tjalie Robinson. In: Willems, Wim (red.) *Sporen van een Indisch verleden.* Leiden: Centrum voor Onderzoek van Maatschappelijke Tegenstellingen, 197-206.

Beekman, E.M. 1996. *Troubled Pleasures: Dutch Colonial Literature from the East Indies 1600-1950.* Oxford: Clarendon Press.

Boekholt, Ralph. 1994. Tai koetjing. In: Paasman, e.a., *Tjalie Robinson, de stem van Indisch Nederland.* Den Haag: Stichting Tong Tong. 34-43.

Cleintaur, G.L. 1989. *Tjoek* van Vincent Mahieu. *Indische Letteren* 4(2): 81-94.

Cleintaur, Guus. 1994. Tjalie Robinson, een verscheurde ziel. In: Paasman e.a., *Tjalie Robinson, de stem van Indisch Nederland.* Den Haag: Stichting Tong Tong. 63-68.

Derksen, Ellen. 1994. "Ik ben nou eenmaal geen boekenmaker". In: Paasman, e.a., *Tjalie Robinson, de stem van Indisch Nederland.* Den Haag: Stichting Tong Tong. 25-33.

February, V.A. 1991. Laat het ons ernst wezen: die verhouding Afrikaans-Nederlands. Intreerede by die aanvaarding van die amp van buitegewone hoogleraar in die Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Wes-Kaapland. Bellville: UWK.

Groeneboer, Kees (red.) *Studi Belanda di Indonesia, Nederlandse Studiën in Indonesië:*

Kongres 23-27 November 1987, Program Studi Belanda, Fakultas sastra,Universitas Indonesia. Jakarta: Djambatan.
Joubert, Elsa. 1997. *Gordel van smarag: 'n reis met Leipoldt*. Kaapstad: Tafelberg.
Kousbroek, Rudy. 1989. Lief Java. Over Tjalie Robinson. In: Groeneboer, 133-140.
Kousbroek, Rudy. 1994. Nogmaals Tjalie. In: Paasman, e.a., *Tjalie Robinson, de stem van Indisch Nederland.* Den Haag: Stichting Tong Tong. 69-80.
Leijnse, Elisabeth & Van Kempen, Michiel (reds.). 1998. *Tussenfiguren: schrijvers tussen de culturen.* Amsterdam: Het Spinhuis.
Mahieu, Vincent. 1958. *Tjies*. Den Haag: H.P. Leopolds Uitgeversmij.
Mahieu, Vincent. 1959. *Tjoek*. Den Haag: H.P. Leopolds Uitgeversmij.
Nieuwenhuys, Rob. 1972. *Oost-Indische Spiegel: Wat Nederlandse schrijvers en dichters over Indonesië hebben geschreven, vanaf de eerste jaren der compagnie tot op heden.* Amsterdam: Querido.
Nieuwenhuys, Rob. 1992. Nawoord. *Vincent Mahieu Verzameld Werk*. Amsterdam: Querido: 488-492
Paasman, Bert, Scheffers, Wilma, Seriese, Edy, Van Zonneveld, Peter & Zuiderweg, Adrienne (reds.). 1994. Tjalie Robinson, de stem van Indisch Nederland. Den Haag: Stichting Tong Tong.
Paasman, Bert. 1998. Tjalie Robinson als tussenfiguur. In: Leijnse, & Van Kempen, *Tussenfiguren: schrijvers tussen de culturen.* Amsterdam: Het Spinhuis. 211-224.
Robinson, Tjalie. 1984. "Petjo" en "Super-Nederlands" In: *Ik en Bentiet*. Den Haag: Moesson: 5-11.
Van Rheeden, Hadewych. 1994. Tjalie Robinson en het Petjo. In: Paasman, e.a., *Tjalie Robinson, de stem van Indisch Nederland.* Den Haag: Stichting Tong Tong. 44-54.
Van Wyk, Steward. 2004. Mulat-Estetiek: 'n Analise van Adam Small se dramas, *Journal of Literary Studies/Tydskrif vir Literatuurwetenskap* (JLS/TLW), jg. 20 nr. 3 & 4: 283-301.
Willems, Wim. 1994. Tjalie Robinson: een vooruitziend migrant. In: Paasman, e.a., *Tjalie Robinson, de stem van Indisch Nederland*. Den Haag: Stichting Tong Tong. 15-24.

Voetnote

1 Ander pseudonieme is o.a. Andronikus Favre, Jan van Nimwegen en Erik van Roofzand (Kousbroek, 1989:133).

2 Die term word hier in 'n neutrale betekenis gebruik. Kousbroek (1994) wys egter op sy belewing van die stigmatiserende waarde wat in sommige kringe hieraan gegee word.

3 Die teater Stamboel, krontjong-musiek en die taal Petjo/Petjok word gereken as die belangrikste kulturele uitings van die Indo (Van Rheeden, 1994:46).

4 Cleintuar (1994:66) maak gewag van 'n gespletenheid in Jan Boon. Vir hom sou die naam Tjalie Robinson aanduidend wees van die skrywer se behoefte om aansluiting te vind by die gewone man op straat, terwyl Vincent Mahieu verwys na die persona van die skrywer-literator.

5 Die ironie hiervan is dat Jan Boon soms as een van die pseudonieme van Tjalie Robinson beskou word.

18de-eeuwse brieven, taalverandering en de "language history from below"

Marijke van der Wal

This article draws the attention to the recently rediscovered collection of about 38,000 Dutch letters from the second half of the seventeenth to the early nineteenth centuries, comprising over 15,000 private letters, which were confiscated during the wars fought between The Netherlands and England. These letters, nowadays kept in the National Archives (Kew, U.K.), represent priceless material for historical linguists of the 21st century. The quick scan of twenty letters written by Aagje Luijtsen, gives us an impression of how the language of 'ordinary' people differed from the language found in contemporary printed texts. The opening up of the unique Kew collection of Dutch letters will allow large-scale research from the perspective of the language history from below and will thus lead to a new, multifaceted picture of the linguistic past.

1. Vooraf

Om veranderingen in de taalgeschiedenis duidelijk te maken wordt vaak het Middelnederlands tegenover het huidige Nederlands gezet. Zelfs een oppervlakkige vergelijking laat zien hoe veel er op alle taalniveaus in de loop van vijf tot acht eeuwen is veranderd. Het is dan ook niet verwonderlijk dat vaak voor hertaling wordt gekozen om Middelnederlandse teksten toegankelijk te maken. Over de vraag of dat ook voor recentere taalperiodes zoals de achttiende eeuw moet gebeuren verschillen de meningen sterk. In de praktijk gaat de discussie veelal over gedrukte literaire teksten van auteurs behorend tot de hogere maatschappelijke lagen. Die teksten vertonen in de achttiende-eeuwse fase van het standaardisatieproces een tamelijk uniform beeld. Over de taalwerkelijkheid *buiten* de gedrukte teksten, het taalgebruik van mannen, vrouwen en kinderen uit middengroepen en lagere groepen in de samenleving is niet veel bekend. Slechts zelden krijgen we indirect iets van hun taalgebruik te zien, bijvoorbeeld in James Boswells Nederlandse opstellen (Van der Wal 1998). Toch zijn er egodocumenten die een toegang tot het taalgebruik van midden- en lagere sociale klassen kunnen geven: behalve dagboeken zijn dat particuliere brieven die zich in Nederlandse archieven en in de National Archives (Kew, UK) bevinden.

2. Ons beeld van de achttiende eeuw en de "language history from below"

De achttiende eeuw wordt nog vaak beschouwd als een periode van consolidatie, waarin taalvariatie die nog in de zeventiende eeuw aanwezig was, is verdwenen als resultaat van geslaagde microselectie. We krijgen het beeld van een tamelijk uniforme geschreven standaardtaal waarin de voorkeursvarianten, te weten die van de hoogste klassen in de Hollandse steden, het hebben gewonnen van alternatieve vormen. Dat beeld is voornamelijk gebaseerd op gedrukte literaire en anderssoortige teksten, geschreven door auteurs uit de hogere sociale lagen, vooral goed opgeleide mannen.

Het is geen onjuist beeld voor die specifieke groepen, maar wel een incompleet beeld voor de achttiende eeuw. Dat beeld kan gecompleteerd worden door aandacht voor "language history from below", een benadering die de laatste jaren in de internationale wetenschappelijke discussie veel aandacht krijgt (zie onder meer Elspass e.a., 2007). In concreto houdt zo'n benadering aandacht voor de taal van midden- en lagere klassen in, de taal niet alleen van goed opgeleide mannen, maar ook van vrouwen en kinderen. Dat is een verandering van perspectief in het taalkundig onderzoek, dat lange tijd werd gedomineerd door onderzoek naar standaardisatie en een zich ontwikkelende uniformiteit (zie Van der Wal, 1995; Van der Sijs, 2004). Voor die perspectiefverandering zijn nieuwe tekstcorpora essentieel: het te onderzoeken niet-formele taalgebruik van die andere klassen is in egodocumenten als brieven en dagboeken te vinden (Van der Wal, 2006: 7-11). Dergelijke teksten liggen echter nog veelal verborgen in gemeentelijke, provinciale en persoonlijke Nederlandse archieven en zijn nog maar mondjesmaat uitgegeven. Er bevindt zich ook een unieke collectie egodocumenten *buiten* Nederland, waarvan de omvang pas recent duidelijk is geworden.

3. Nederlandse brieven gekaapt

In de National Archives van Kew, een voorstad van London, ligt een enorme collectie Nederlandse brieven die bewaard is gebleven in het zo geheten archief van de High Court of Admiralty. Hoewel het bestaan van dit materiaal al eerder bekend was, weten we pas sinds 2006 dat deze collectie uit maar liefst 38.000 zowel zakelijke als particuliere brieven bestaat, waarvan meer dan 15.000 privébrieven (Van Gelder, 2006). Ze zijn bewaard gebleven omdat ze in tijden van oorlog werden geconfisqueerd, toen Nederlandse schepen door de Engelsen werden buitgemaakt. Die oorlogstijden betreffen de periode van de tweede helft van de zeventiende tot en met de eerste decennia van de negentiende eeuw:

1e Engelse oorlog	1652 – 1654
2e Engelse oorlog	1665 – 1667
3e Engelse oorlog	1672 – 1674
Oostenrijkse Successieoorlog	1739 – 1748
Zevenjarige oorlog	1756 – 1763
4e Engelse oorlog & Amerikaanse Onafhankelijkheidsoorlog	1776 – 1784
Franse/ Napoleontische tijd	1793 – 1813

Schepen werden niet alleen door oorlogsschepen, maar ook vaak door kapers geënterd. De kaapvaart was een legitieme activiteit, uitgeoefend door alle Europese zeevarende naties. Zo'n kaper, een koopvaardijschip dat in oorlogstijd met toestemming van de regering schepen van de vijand mocht aanvallen, kreeg het buitgemaakte schip en

de lading, mits alle regels waren gevolgd. De High Court of Admiralty controleerde dat en legde ook beslag op alle papieren aan boord, zowel zakelijke als particuliere stukken. Op die manier is een enorme hoeveelheid Nederlandse brieven afkomstig van Nederlandse schepen bij de High Court of Admiralty gekomen en tenslotte in archiefdozen opgeborgen. Het betrof niet alleen zakelijke en privé-correspondenties van de bemanning, want schepen die naar het Caraïbisch gebied en naar Oost-Indië voeren, functioneerden vaak als postvervoerders vanuit en naar Nederland en hadden dus veel meer post aan boord.

4. De waarde van het brievenmateriaal

De waarde van het brievenmateriaal kunnen we nagaan met een steekproef uit de brieven geschreven in 1664 aan bemanningsleden op de vloot van De Ruyter. Die steekproef laat zien dat onder de geadresseerden allerlei beroepen (en daarmee sociale lagen) vertegenwoordigd waren: van vice-admiraal, kapitein en stuurman tot timmerman, matroos en onderbarbier. Bovendien werden die brieven vooral geschreven door echtgenotes (63%) en ouders (22%):[1]



Illustratie 1: afzenders brieven en hun relatie met de geadresseerde

Het is dus precies het soort van brievenmateriaal dat we nodig hebben voor de "language history from below"-benadering: het zijn brieven van en aan familieleden, dus brieven in de niet-formele sfeer, en ze zijn afkomstig van scribenten uit alle lagen van de samenleving.

Het materiaal is dus uitstekend voor ons onderzoek, maar er moet een kanttekening bij geplaatst worden. Het is belangrijk om te weten of de brieven ook daadwerkelijk door de afzenders zelf zijn geschreven. Nu was in de Nederlanden de alfabetiseringsgraad

beslist hoog in vergelijking met andere Europese landen (Van der Wal 2006: 8-9). Toch kon in de zeventiende eeuw en ook nog later lang niet iedereen lezen en schrijven. Omdat het schrijfonderwijs pas op het lezen volgde en de schoolmeester daar bovendien apart voor betaald moest worden, was het schrijven zeker niet voor iedereen weggelegd (zie Van der Wal 2002). Er was ook een verschil naar sexe: uit onderzoek naar zeventiende-eeuwse trouwakten is gebleken dat het percentage vrouwen dat een handtekening kan zetten, lager is dan dat van mannen (zie onder meer Frijhoff & Spies 1999: 237-238). Daarbij valt te bedenken dat een handtekening zetten nog niet hetzelfde is als een hele brief schrijven. We moeten er voor brieven in het verleden dus rekening mee houden dat analfabete of functioneel analfabete afzenders beroepsschrijvers of geletterde bekenden in de arm namen voor hun communicatie met afwezige geliefden. In zo'n geval hebben we niet met het taalgebruik van de sociaal plaatsbare afzender te maken, maar met dat van een ons onbekende X. In een concreet geval is het dus van belang om allereerst vast te stellen of afzender en scribent identiek zijn voordat we verder onderzoek naar de taalkenmerken van de brieven verrichten. Zo'n concreet geval is de correspondentie van Aagje Luijtsen.

5. De proef op de som

De brievencollectie in de National Archives is nog grotendeels onontsloten en taalkundig nauwelijks onderzocht, maar er is wel een prachtige privé-correspondentie al uitgegeven.[2] Dat zijn de brieven van Aagje Luijtsen, een jonge vrouw op het eiland Texel. Ze zijn gericht aan haar man, Hermanus Kikkert, die in dienst van de VOC naar Batavia en China voer (Moree, 2003). Aagje en Hermanus waren net getrouwd en konden alleen door middel van brieven met elkaar in contact blijven. Twintig van Aagje's brieven uit de periode 1766-1780 zijn bewaard gebleven doordat het schip van Hermanus Kikkert in 1781 werd aangevallen door Engelse oorlogschepen bij Kaap de Goede Hoop en werd buitgemaakt. De geconfisqueerde brieven kwamen in de National Archives terecht.

Aagje behoorde tot een middenklasse en ze had de lagere school in Den Burg op Texel gevolgd (Moree, 2003:15). Uit de inhoud blijkt dat Aagje zonder twijfel de brieven zelf heeft geschreven: ze maakt opmerkingen over gebrekkig licht en over haar zoontje dat tijdens het schrijven aan het tafelkleed trekt. Met haar brieven krijgen wij dus zicht op haar eigen taalgebruik. Een mogelijke complicatie is evenwel het formulaire taalgebruik dat we in veel zeventiende- en achttiende-eeuwse brieven aantreffen. Aan het begin zien we vaak in brieven de volgende vierslag:

- ik laat u weten dat ik nog "kloek en gezont" ben
- ik hoop dat het met u ook het geval is
- als het anders zou zijn, "het waer mijn van harten leet"
- dat weet God almachtich die een kenner is van alle harten.

Het slot van brieven vertoont eveneens vaak veel overeenkomstigs: groeten van afzenders, van allerlei familieleden en het wensen van behouden vaart en van 100.000,

10.000 of 1000 keer goede nacht. Die begin- en eindformules waren kennelijk gebruikelijk en roepen de vraag op of ze door scribenten aan brievenboekjes werden ontleend. In het geval van Aagje blijken er weliswaar overeenkomsten met eigentijdse brievenboekjes te zijn, maar zij varieert creatief op bekende formules.[3]

Voor de brieven van Aagje Luijtsen gaan we nu met een quick scan na of het uniforme beeld van het achttiende-eeuws taalgebruik wordt aangetroffen of dat haar taalgebruik iets verrassends oplevert. Daarbij vormen contemporaine gedrukte teksten en achttiende-eeuwse grammatica's ons referentiepunt.

6. Een quick scan: uitspraak, syntactische en morfologische verschijnselen

Het eerste wat opvalt in het taalgebruik van Aagje Luijtsen is de spellingvariatie en spellinginconsistentie, maar daaraan zullen we hier geen verdere aandacht besteden. Wel merken we op dat bepaalde spellingen sporen van de gesproken taal laten zien. Spellingen zoals *begreijpe*, *briefe* in plaats van *begreijpen*, *briefen/brieven* verraden dat de finale *–n* van infinitieven en meervoudige substantieven niet werd uitgesproken, net als overigens heden ten dage. Aagje's spelling wijkt hiermee af van de praktijk in gedrukte teksten en van de spellingregels in contemporaine grammatica's. Aagje's spellingen *vammeljare*, *sikkertaares* voor *familiaire*, *secretaris* en de varianten *vielesteere*, *fielsseteer*, *feleseteer* voor *feliciteer* maken ook aannemelijk dat veel Franse leenwoorden in mondeling taalgebruik werden overgenomen.

Bepaalde syntactische patronen zijn eveneens kenmerkend voor gesproken taal. Zo wordt het subject met *die* herhaald in *reijke Keetije,* ***die*** *was …op Texel* en in *Heijn van der Markt* ***die*** *wagt der na*. Ook is het patroon *substantief + bezittelijk voornaamwoord + substantief* ter uitdrukking van een bezitsrelatie herhaaldelijk te vinden, zoals in *ik heb een brief van* ***de captijn zijn vrouw*** *gehad*. Naast deze syntactisch voorbeelden zijn de brieven rijk aan variatie op morfologisch niveau. We zullen drie morfologische verschijnselen nader onder de loep nemen: werkwoordelijke varianten, *mij/mijn*-variatie en diminutieven.

In Aagjes brieven treffen we de volgende werkwoordelijke varianten aan:

varianten	**'regelmatig'**
ik/hij gong	*ging*
ik/hij stong, sting	*stond*
ik gaen	*ga*
ik doen	*doe*
ik sien	*sie*
most, mosten	*moest, moesten*

De varianten *ik/ hij gong* (tegenover regelmatig *ging*), *stong*, *sting* (tegenover *stond*), *ik gaen*, *doen*, *sien* (tegenover *ga*, *doe*, *sie*), zijn gering in aantal; het betreft vijf of minder voorkomens. Meer frequent is de variatie *moest(en)/ most(en)*, die in zeventiende-



eeuwse teksten nog regelmatig voorkomt, maar die niet of nauwelijks meer in gedrukte achttiende-eeuwse teksten wordt aangetroffen (Van der Wal 2007:93). In Aagje's brieven vinden we 28 voorkomens van *most*, *mosten* tegenover slechts twee voorbeelden van *moest*, *moesten*. Het is opmerkelijk dat Aagje in de tegenwoordige tijd en de infinitief uitsluitend de standaardtalige vorm *moeten* hanteert: we treffen 151 voorbeelden *moet(en)* aan tegenover geen enkel voorbeeld van *mot(ten)*.

Een tweede morfologisch verschijnsel is de *mij/mijn*-variatie. Al in de zeventiende eeuw is *mijn*, de objectsvorm die naast *mij* bij het subject *ik* voorkomt, gestigmatiseerd en niet acceptabel voor de standaardtaal. Illustratief daarvoor is een opmerking van de vertalers van de Statenbijbel die expliciet *mijn* verwerpen: "nunquam *myn*, ut vulgus hic loquitur" (gebruik nooit *myn* zoals het lagere volk doet; Van der Wal 1992: 124). In achttiende-eeuwse gedrukte teksten en in grammatica's komt de variant *mijn* dan ook niet meer voor (Van der Wal 2007: 91-92). De objectvorm *mijn* is evenwel duidelijk aanwezig bij Aagje: 55% *mijn* versus 45% *mij*. Zelfs in een Bijbelcitaat in een van haar brieven vinden we: "ik zal **mijn** buijgen na het paleis Uwer heijligheijd"(Ps. 5:8). Kennelijk staat voor Aagje *mijn* op gelijk niveau met *mij*.

Een laatste illustratieve morfologische variatie ligt op het gebied van de diminutieven. In zeventiende- en achttiende-eeuwse grammatica's worden de varianten *–ke(n)* en *–je(n)* gesignaleerd. Volgens de grammaticus Petrus Leupenius is in 1653 *–jen* gebruikelijker geworden dan *–ken* (Van der Wal 1992: 123). Er is evenwel nog een andere variant die grammatici niet noemen: het suffix *-ie*, dat in de zeventiende eeuw uit het Hollandse *-jen* is ontstaan (*boekjen* -> *boekjie* -> *boekie*; Van Loey 1964: 230).

Achttiende-eeuwse gedrukte teksten vertonen een opmerkelijke uniformiteit: afgezien van enkele voorkomens van *–ke(n)*, worden slechts diminutiefvormen met *-je(n)* aangetroffen; er is geen spoor van *–ie*. Wat doet Aagje?

In Aagjes brieven treffen we het suffix *-ke* aan in de naam van haar zoontje: *Lamke.* Daarnaast verschijnen er nog drie andere diminutiefsuffixen:

–je: *hartje , schatje;* eigennamen: *Aagje.*
–ie: *versie', huysie ;* eigennamen: *Aagie, Avie, Leysie.*
–ije: *hartije', zieltije;* eigennamen: *Antije, Betije.*

Het heel frequente suffix *–ije* blijkt bij nadere analyse een spellingvariant van het suffix *–ie* te zijn. Daarmee is het gestigmatiseerde suffix *-ie* met 90% van de voorkomens (180 voorbeelden tegenover slechts 19 *je*-diminutieven) Aagje's gebruikelijke diminutiefsuffix. Haar brieven vertonen hiermee opnieuw een opmerkelijk verschil met de contemporaine gedrukte teksten en grammatica's.

7. Conclusies en vooruitblik

De conclusie uit deze quick scan van een klein aantal brieven is evident: specifieke werkwoordsvormen, het diminutiefsuffix *-ie* en het persoonlijk voornaamwoord *mijn*, varianten die niet of nauwelijks in achttiende-eeuwse gedrukte teksten voorkomen, zijn frequent aanwezig in Aagjes brieven. Ook treffen we sporen aan van gesproken taal: zowel klankverschijnselen als syntactische patronen. Het is een, binnen dit kader noodzakelijkerwijs beperkte, illustratie van wat onderzoek naar het taalgebruik van middenklassen en lagere klassen in de samenleving kan opleveren. We hebben een eerste indruk gekregen van achttiende-eeuws taalgebruik dat afwijkt van het traditionele uniforme beeld. Hiervoor is gebruik gemaakt van slechts een klein aantal uitgegeven brieven. Voor een vervolg is allereerst de verdere materiële ontsluiting nodig van de voor de "language history from below" zo veelbelovende brievencollectie. Met de verfilming en digitalisering heeft de Koninklijke Bibliotheek (Den Haag) in samenwerking met de National Archives (Kew) inmiddels een begin gemaakt binnen het *Metamorfoze-project*.[4] De opbouw van een elektronisch corpus voor taalkundig onderzoek is in gang gezet binnen mijn eigen projecten *Brieven als Buit* en *Wikiscripta Neerlandica*.[5] Een in sociolinguïstisch opzicht zorgvuldig samengesteld elektronisch corpus met een adequate vertegenwoordiging van mannen en vrouwen uit midden- en lagere klassen in de samenleving, is absoluut noodzakelijk voor grootschalig onderzoek naar taalverschijnselen en taalverandering in het verleden. Zo kunnen wij uiteindelijk met behulp van wonderlijk bewaard gebleven brieven witte vlekken in de Nederlandse taalgeschiedenis gaan invullen.

Universiteit Leiden

Bibliografie

Elspass, Stephan, Nils Langer, Joachim Scharloth & Wim Vandenbussche (red). 2007. *Germanic Language Histories from Below (1700–2000)*. Berlin/ New York: De Gruyter.

Frijhoff, W. & M. Spies. 1999. 1650. *Bevochten eendracht*. Den Haag: SDU.

Gelder, Roelof van. 2006. *Sailing Letters. Verslag van een inventariserend onderzoek naar Nederlandse brieven in het archief van het High Court of Admiralty in The National Archives in Kew, Groot-Brittannië.* Den Haag: Koninklijke Bibliotheek.

Loey, Adolphe van. 1964. *Schönfelds historische grammatica van het Nederlands,* 7e dr. Zutphen: Thieme.

Megen, Netty van. 2002. Voornaamwoordelijke verwijzingen van de derde persoon in zeventiende-eeuwse brieven. *Nederlandse Taalkunde* 7. 264-285.

Moree, Perry (ed., m.m.v. Ingrid Dillo, Vibeke Roeper en Theo Timmer). 2003. *Kikkertje Lief. Brieven van Aagje Luijtsen, geschreven tussen 1776 en 1780 aan Harmanus Kikkert, stuurman in dienst van de VOC.* Den Burg Texel: Het Open Boek.

Simons, Tanja. 2007. *„Ik heb ook nu niet uijt mij alderbest geschreven". Invloed van het taalonderwijs op de brieven van Aagje Luijtsen, geschreven tussen 1776 en 1780.* Masterscriptie Universiteit Leiden.

Sterkenburg, Piet van. 2003. Informeel taalgebruik uit de zeventiende eeuw. De brieven van Elant du Bois (1642-1676). In: Els Ruijsendaal, Gijsbert Rutten, Frank Vonk (red), *Bonjours Neef, ghoeden dagh Cozyn! Opstellen aangeboden aan Geert Dibbets (…) op 19 december 2003.* Münster: Nodus. 73-87.

Van der Sijs, Nicoline. 2004. *Taal als mensenwerk: het ontstaan van het ABN.* Den Haag: SDU.

Van der Wal, Marijke J. 1992. 'Dialect and Standard Language in the Past: the Rise of the Dutch Standard Language in the sixteenth and seven¬teenth Centuries'. In: *Dialect and Standard Language*, eds. J.A. van Leuvensteijn & J.B. Berns, Koninklijke Nederlandse Akademie van Weten¬schappen. Verhandelingen, Afd. Letter¬kunde, Nieuwe Reeks, deel 150, Amster¬dam etc. 119-129.

Van der Wal, Marijke J. 1995. *De moedertaal centraal. Standaardisatie-aspecten in de Nederlanden omstreeks 1650.* Den Haag: SDU.

Van der Wal, Marijke J. 1998. Tweede-taalverwerving van 18de-eeuws Nederlands: natuurlijke methode versus grammatica en woordenboek? *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 5., 181-195.

Van der Wal, Marijke J. 2002. De mens als talig wezen: taal, taalnormering en taalonderwijs in de vroegmoderne tijd. *De zeventiende eeuw* 18, 3-16.

Van der Wal, Marijke. 2006. *Onvoltooid verleden tijd. Witte vlekken in de taalgeschiedenis.* Amsterdam: Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen.

Van der Wal, Marijke. 2007. Eighteenth-century linguistic variation from the perspective of a Dutch diary and a collection of private letters. In: Stephan Elspass e.a. (red). 2007, *Germanic Language Histories from Below (1700–2000).* Berlin/ New York: De Gruyter. 83-96.

Note

Van Vliet, Adri P. 2007. *'Een vriendelycke groetenisse'. Brieven van het thuisfront aan de vloot van De Ruyter (1664-1665).* Franeker: Van Wijnen.

Note

1 Onderstaande figuur dank ik aan Adri Van Vliet. Zie ook Van Vliet 2007: 57 voor een nog iets gedetailleerder overzicht.

2 Een globale inventarisatie van al het Nederlandse materiaal in het archief van de High Court of Admiralty, gemaakt door Roelof van Gelder, is beschikbaar op de Sailing Letters-website van de Koninklijke Bibliotheek (Den Haag). Van Vliet 2007 is een uitgave van een kleine honderd zeventiende-eeuwse brieven. Afgezien van enkele verkenningen van een beperkt aantal 17de-eeuwse brieven (Van Megen 2002, Van Sterkenburg 2003) is het brievenmateriaal niet taalkundig onderzocht.

3 Ik verwijs hier naar de resultaten van Tanja Simons (Simons 2007) die in haar door mij begeleide MA-scriptie onderzoek heeft gedaan naar achttiende-eeuwse brievenboekjes.

4 *Metamorfoze* richt zich op conservering en behoud van Nederlands erfgoed in bibliotheken en archieven. Zie ook de Sailing letters-website van de KB (Den Haag).

5 Nadere informatie over deze projecten kan verkregen worden bij de auteur (m.j.van.der.wal@let.leidenuniv.nl).

Die vertaler as eindredakteur – "In plaats van de liefde"

Hein Grebe

Literary translation has often been compared to the rendering of a copy of an original painting. Although this is an useful methaphor as it suggests that the tranposing of visual form and meaning can be assessed on the basis of resemblance, fidelity and the equivalence thereof, it is only partly true. As in the case of most metaphors, verity is in itself a debatable concept. In the relevant literature it has been suggested that if an original work of art can be shown to reveal deficiencies it should be evaluated against potentially superior resemblances. Accordingly the status of an original text becomes relative and the rôle of the translator should therefore be considered as not only tranposer but also editor and co-auther. Valéry puts this into perspective by stating that all writing should be viewed as emulation and in essence as translation.

In a previous article of mine I have questioned Van Heerden's use of the Afrikaans language. In this article Robert Dorsman's translation of In stede van die liefde *is compared with the original text and the conclusion is reached that* In plaats van de liefde *surpasses the original text by Van Heerden in terms of his use of language as medium of portrayal.*

1. Inleiding

In hierdie artikel word die oorspronklike roman deur Etienne van Heerden *In stede van die liefde* vergelyk met die vertaling daarvan deur Robert Dorsman. Veral twee kwessies sal aan die orde gestel word. Ten eerste word die primaat van die oorspronklike teks bevraagteken, maar minstens een ander aspek in die publikasiegeskiedenis van 'n boek word ook te berde gebring: die rol/aandeel van die eindredakteur/vertaler sover dit die gehalte van die eindproduk betref.

As ek my aanmatig om hierdie onderwerp aan te durf is dit omdat ek nog altyd die grootste bewondering gehad het vir diegene wat beter as ek weet dat om te vertaal dikwels 'n onbegonne taak is. As ek my dus, vry vertaal, by monde van Derrida (2004: 423- 424) mag regverdig:

> Dit is vanweë 'n afgunstige passie en bewondering vir daardie drang wat uit noodsaak, en gedronge liefde diegene wat weet dat vertaling die onmoontlike uitdaag, hulle nogtans daartoe aanvuur om sodoende onvereffenbare gasie in diens daarvan te vergaar – 'n bewondering vir diegene wat by uitstek die vermoë beheers hoe om te lees én te skrywe – vertalers.

Was literatore soms maar vertalers en vertalers skrywers, sou ek hieraan wil toevoeg.

Literêre vertaling is dikwels in die verlede (Tytler, in Lefevere 1992: 132) vergelyk met die fabrisering van 'n kopie van 'n oorspronklike skildery. Dit is wel 'n nuttige metafoor omdat dit suggereer dat die oordrag van een betekenisgestalte na 'n ander medium beoordeel kan word op grond van die gelykenis, getrouheid of ekwivalensie daarvan. Soos die meeste metafore is dit slegs deels waar, daar die begrip van *waarheidsgetrouheid* self twyfelagtig is. Holman & Boase-Beier (1999: 3) gaan só ver om te beweer dat as die oorspronklike beskou kan word as sou dit tekortskiet sover dit die gesag daarvan

betref, die eis van waarheidsgetrouheid beoordeel moet word vanuit die aanname van die bestaan van potensieel meerdere ekwivalente. So beskou, sou mens die rol van die vertaler ook as eindredakteur en medeskrywer kan sien binne die netwerk van die uitgee van tekste.

Die oppergesag van die oorspronklike teks kom dus in die gedrang. Die gesag van die oorspronklike is nie noodwendig bo verdenking nie: in sowel die literêre kritiek as die vertaalwetenskap word die gesag daarvan bevraagteken. Derrida, soos aangehaal deur Venuti (1992: 7), beweer dat elke vertaling 'n oomblik verteenwoordig in die ontwikkeling van 'n oorspronklike teks en daardeur mag uitgroei tot verdere wasdom.

'n Tweede rede waarom 'n mens die oppergesag van die oorspronklike teks in twyfel kan trek, spruit uit die siening dat kuns as sodanig nooit meer as 'n nábootsing – 'n *weergawe* – van iets ánders kan wees nie. Valéry (1959: 75) beskou *alle* skryfkuns dus as "vertaling". Barnstone (1993: 19) beaam dit as hy hierop uitwei en beweer dat alle mentale aktiwiteit wat die soeke na die waarheid najaag, vertaling voorveronderstel. Só beskou, behels alle kuns, hetsy visueel of literêr van aard, reeds die *oordrag* van gedagtegoed na die een of ander konkrete medium. Die vertaling van 'n teks uit die een in 'n ander taal is dus maar één van 'n reeks skakels in die proses waardeur mentale beelde talig konkreet gemaak word. As sodanig is die vertaalproses eweneens hoogs kreatief.

Toury (2004: 208) wys daarop dat die vertaler betreffende vertaalnorme hom ondergeskik stel aan die norme van óf die oorspronklike teks, óf die aktiewe norme van die doelkultuur. As die eerste standpunt nagestrewe word, sal die vertaling daarna neig om ondergeskik te wees aan die norme van die bronteks/-taal. Hierdie uitgangspunt is in die verlede dikwels gelykgestel met 'n getroue/adekwate vertaling. Maar inderwaarheid is die keuses waarvoor die vertaler te staan kom veel ingewikkelder.

Volgens Toury moet daar onderskei word tussen die *adekwaatheid* en die *aanvaarbaarheid* van 'n vertaling. Hierdie keuse hou in dat die vertaler dikwels doelbewus van die bronteks moet afwyk. Hierdie afwykings, die sogenaamde *verpligte verskuiwings*, lê egter juis weer 'n ander normsisteem bloot. Sodanige verskuiwings kan hulle natuurlik op alle struktuur- en betekenisvlakke van 'n teks openbaar. In hierdie artikel sal uitsluitlik op die linguistiese vlakke gefokus word.

In die geval van twee nou verwante tale soos Afrikaans en Nederlands is die aard van die verskuiwings openbarend sowel wat betref die eienheid van die afsonderlike tale, as terselfdertyd van die oorspronklike brontaalskrywer of vertaler se beheersing van die taal waarin hy skrywe of vertaal.

Voordat die vertaling as sodanig aan die orde kom, net 'n terloopse opmerking: As die bladspieël van die Afrikaanse en Nederlandse boek naas mekaar gelê word, maak die Nederlandse 'n veel gunstiger en aangenamer indruk. Die Afrikaans is te fel op die oog vanweë die spierwit papier en groter lettertipe. Hiermee hang saam dat die Nederlandse bladspieël 'n veel "intelligenter" indruk maak omdat die blad voller is en minder wit spasie vertoon.

In my artikel (Grebe: 2006) het ek die gesag van Van Heerden se aanwending van Afrikaans onder verdenking geplaas en dit ook in soveel woorde gestel dat die eindredakteur van die boek medeverantwoordelikheid vir die eindproduk moet aanvaar. Ek het afgesluit deur te beweer: "Vertaling sal hierdie roman gewis ten goede kom". In

die gemelde artikel is ook daarop gewys dat 'n geslaagde roman meer is as slegs 'n ryk ideële lading, en dat die talige behendigheid van die skrywer asook die redigering deur die eindredakteur deurslaggewend is vir of die roman as *gestalt* slaag. Vervolgens word die aandeel van die vertaler as eindredakteur en as medekunstenaar ondersoek in die proses waardeur die mentale denkbeelde deur taal konkreet gemaak word.

Net eers 'n paar kantaantekeninge, want as 'n roman/vertaling op grond van die taalaanwending daarvan beoordeel word, is dit vanselfsprekend belangrik dat dit nie binne 'n vakuum geskied nie.

1. As die begrippe *reg* en *verkeerd* ten opsigte van taal gehanteer word, moet dit binne die omvattender kader van die begrip *normering* geskied. Oor die begrippe *fout* en *afwyking* beweer W.A.M. Carstens (2003: 9)
   - 'n *afwyking* is 'n verskynsel wat van die gewone norm of gebruik *verskil*, met ander woorde nie heeltemal ooreenstem met die algemeen aanvaarde norm nie of in stryd is daarmee.
   - 'n *fout* weer is 'n *onjuistheid*, iets wat *verkeerd* is, dit wil sê 'n verskynsel wat in so 'n mate van die normale afwyk dat dit as verkeerd, onjuis of as 'n *oortreding* beskou moet word. Anders gestel, verteenwoordig dit iets wat in stryd is met die reëlmatige aard, dit wil sê, die struktuur van die taal op sintaktiese, morfologiese, semantiese, fonologiese of pragmatiese vlak.
2. As na die begrip *norm* verwys word, impliseer dit nie vanselfsprekend dat Standaardafrikaans die enigste 'korrekte' vorm van Afrikaans is nie. Die norm bemagtig egter in der waarheid wel die oorspronklike taalgebruiker/skrywer, want dit verskaf 'n standaard op grond waarvan hy met 'n bepaalde doel voor oë kan afwyk. Teen die agtergrond hiervan is dit daarom "veiliger" om taaluitinge op grond van hulle *gepastheid* eerder as *korrektheid* te beoordeel.
3. In die taalwetenskap word daarop gewys dat afwyking van wat algemeen as die standaardtaal aanvaar word, negatiewe implikasies kan hê sover dit die sosiale inburgering van 'n persoon in bepaalde kontekste betref. Toegepas op die prosa, sou ek wil beweer dat die skrywer sorg moet dra dat sy styl en taalgebruik die *boodskap* van die teks so goed moontlik moet oordra en onderskraag. Sy aanwending van die taal moet dus nie tussen die leser en die boodskap indring en steurend daarop inwerk nie.
4. Dit is natuurlik ook belangrik dat in die toepassing van taalnorme daar rekening gehou word met die onderskeid tussen wat as aanvaarbaar binne die konteks van Standaardafrikaans beoordeel moet word, en dit wat binne die konteks van die sosiale posisie van die onderskeie karakters as gepas beoordeel kan word. Verder is die derdepersoonsvertellersrol ook nie altyd neutraal nie omdat fokalisasie 'n nuttige karakteriseringsfunksie kan vervul.

In die geval van al die voorbeelde waarna in Van Heerden se onderhawige roman verwys word, is hierdie aspekte in die beoordeling van sy taalaanwending deeglik in ag geneem en teen mekaar opgeweeg.

2. Verskuiwinge vanweë die aanvaarbaarheidsbeginsel

Die skrywer se beheersing van sy taalmedium is van deurslaggewende belang om 'n geslaagde boek die lig te laat sien; die boodskap alleen is geen waarborg nie, omdat om iets neer te pen wesenlik reeds 'n vertaaldaad veronderstel. As iets hier haper, skiet die eindproduk tekort. Net weer Van Wyk Louw se mening hieroor: Hy merk op dat: "'n digter (lees ook: romanskrywer) wat 'n taalfout maak 'n knoeier is soos 'n komponis wat 'n bepaalde noot nie herken nie" (aangehaal in Steyn 1998: 100).

2.1 *Struktuur*

Een van Afrikaans se groot winste as ons dit met die Nederlands vergelyk, is die relatiewe gemak waarmee daar tussen grammatiese tye gewissel kan word. In sy roman *Hierdie lewe*, lewer Karel Schoeman (1993) 'n virtuose demonstrasie van hoe hierdie aspek van die Afrikaanse grammatiese struktuur uitgebuit kan word. Die roman is gekonsipieer rondom 'n sterwende vrou wat finaal die boedel van die lewe probeer opmaak en die sin en samehang van die gebeurde probeer deurgrond. Die potensiaal wat in die Afrikaanse tydsisteem opgesluit lê, maak dit vir Schoeman moontlik om soos Jeroen Brouwer (1991) dit so mooi stel 'n *gisterende vandag* parallel te laat verloop met die *toekomstige verlede* en deiktiese hede. Soms vloei hierdie tydsperspektiewe gewoon oor mekaar heen. Dit vergestalt Schoeman meesterlik in sy aanwending van die tyd. Die karakter, Sofie, wat 'n openbarende rol in die afgesonderde plaasgemeeskap en sy geïsoleerde huishouding vervul het, word meerdere male as 't ware as getuie opgeroep om die versluierde *gisterende vandag* te verklaar:

> p. 37: "Ons *het* hulle seker lankal *verwag*, want ek kan onthou dat die wagtyd vir my as kind oneindig lank *gelyk het*, en *toe* die honde *begin blaf* en ons die perde buite *hoor*, *was* dit al donker, sodat Dulsie *gebuk het om* 'n brandende tak van die herd *op te tel* waar ons *uitgaan om hulle te verwelkom*. So *het* ek haar die tweede keer *gesien* nes sy die eerste keer *verskyn het*, die ovaal van haar gesig vir 'n oomblik verlig deur die flikkering van 'n vlam, voordat Jakob haar van die wakis *aflig*; so het Sofie na ons toe *gekom*."

> p. 40: "'Sussie jy moet my help,' *het* sy *gefluister*, haar oë blink van opwinding, asof dit 'n geheim *was* wat sy met my *wou deel*, maar sy *wou* maar net *hê* dat ek die krale om haar nek *moes vasmaak*, krale so swart soos haar rok waarin daar skielik dowwe kleur *uitgloei* waar ek dit *ophou* voor die kers. 'Dis robyne.' *Het* sy vir my *gesê*, nog altyd *fluisterend* asof dit 'n geheim *is* wat ons *deel*, en my hande *het so gebewe* dat ek *sukkel* om die hakie vas te kry."

In albei sitate word daardie momente uit die verlede wat bepalend is vir die verloop van die verhaal ("*'n gisterende vandag*") in die historiese praesens aangebied. Let ook op die metaforiese krag van die gedeelte in sitaat twee: "dat ek *sukkel* om die hakies vas te kry," wat in die verhaal na die deiktiese hede verwys.

Maar soos enigeen wat reeds sy hand aan vertaling uit 'n ander Germaanse taal in Afrikaans gewaag het weet, is dit ook een van die gróót struikelblokke. Hierdie

oënskynlike vryheid, kan 'n skrywer/vertaler wat nie sy woorde tel nie behoorlik laat ontspoor. Anders as Karel Schoeman wat hierdie moontlikheid van Afrikaans vindingryk ontgin, struikel Van Heerden oor sy eie voete.

Die voorbeelde wat verder as illustrasie aangehaal word, moet geensins as uitputtend beskou word nie; dit dien hoogstens ter illustrasie van veel meer soortgelyke gevalle.

> p. 254: "Die gehoor *het geweet* dat iets besonders aan die beurt *was*. Vooraf *het* Snaartjie in die voorste ry haar beurt *sit en afwag* met haar hande rooi gebloos en *reg* vir die viool.
>
> Sy *was* die ster; sy *loop* op wolke; die kandelare *blink* vir haar, Miss Edelweiss se hoë, blink kragie *was* vir haar, die skoon gesigte van die oues van dae, die respekvolle aanhoor van die tjie-tjie-musiek wat vir byna niemand in die gehoor mooi *is* nie; dit *was* haar aand."

In die tweede paragraaf is Van Heerden se aanwending van tyd besonder slordig. As hy hierdie spesiale dag wou uithef, moes hy met: "Sy is die ster", begin het, asook die *was* van " was vir haar" in "is" verander het. Die sprong terug na "dit was haar aand" sou dan weer die terugblik na die gebeurde mooi afgesluit het

Die Nederlandse grammatiese sisteem hou Robert Dorsman stewig in toom sodat die ongemotiveerde en onbeholpe tydswisselinge in die Afrikaans die Nederlandse teks nie ontsier nie. Let ook op enkele ander subtiele veranderinge wat die strekking van dit wat aan die hand is, beter oordra.:

> p. 234: "Het publiek *wist* dat er iets bijzonders *aan de hand was*. Snaartjie *wachtte* op de voorste rij haar beurt af, haar handen rood blozend, *klaar* voor de viool.
>
> Zij *was* de ster, ze *liep* op de wolken; voor haar glinsterden de kandelaren. En het hoge, glanzende kraagje van Miss Edelweiss, de propere gezichten van de ouden van dagen, het respectvolle aanhoren van de tjie-tjiemuziek die bijna niemand in het publiek mooi *vond*; het *was* haar avond.

Nog twee voorbeelde:

> p. 42: "Maar die onsportiewe Siebert *het* ses weke gelede *aangekondig* dat hy aan die atletiekbyeenkoms gaan deelneem. *Mens sana in corpore sano*, *onthou* Christian toe Siebert die nuus *meedeel* en *onthou* ook dat hy 'n jaar of twee gelede 'n skootrekenaar *beloof het* as Siebert aan georganiseerde sport *sou begin deelneem*.

> p. 483: "Maar die verbeeldingsprong na hul baas, die hotelbestuurder, dit *kon* hulle nie maak nie. *Dis* dalk te veel *gevra*. Die arrestasie van hul Mister - dit *het* hulle eerlik nie *verwag* nie. *Dis te danke* aan die briljansie, aan die vermoë om *puntjie by paaltjie te kry* en sin te maak van die storie."

Dorsman vertaal só:

> p.40: "Maar de onsportieve Siebert *heeft* zes weken geleden *aangekondigd* dat hij aan het atletiektoernooi mee wil doen. *Mene sana in corpore sano*, *herinnerde* Christian zich toen Siebert met het nieuws *kwam*, en ook dat hij Siebert een jaar of twee geleden een laptop *had beloofd* als hij lid *werd* van een sportvereniging."

p. 447: "Maar ze *beschikten* niet over de fantasie om ook nog eens de sprong te maken naar hun baas, de hotelmanager. Dat was misschien te veel *gevraagd*. De arrestatie van hun Mister – die *hadden* ze eerlijk niet *verwacht*. Die *was* te danke aan de genialiteit, aan de vermogen om *puntje bij paaltje te brengen* en een verhaal te kunnen doorgronden."

Weer laat die Nederlandse sisteem geen boksprongetoe nie, maar blyk die ongemotiveerde tydswisselinge in die Afrikaans teks duidelik as dit met die Nederlands vergelyk word. Let ook op die byskawing van die nie-woord "*briljansie*" (brilliance?) tot "*genialiteit*" wat eweseer in Afrikaans kan, en die eleganter verwoording waardeur "*verbeeldingsprong na hul baas*" omgekeer word tot: "*de fantasie om ook nog eens een sprong te maken naar hun baas*". Dorsman kry dit voorts reg om Van Heerden se verwarring van die Afrikaanse idiome as *puntjie by paaltjie kom* en *die kloutjie by die oor bring* te omseil deur miskien tog vindingryk, in die afwesigheid van 'n nommerpas Nederlandse idioom, die *komt* van *als puntje bij paaltje komt* te wysig tot *brengen*. Die gebruik van *brengen* voorveronderstel die teenwoordigheid van 'n aktiewe agens wat juis in die oorspronklike idioom afwesig is. Ook in die Afrikaans pas Van Heerden die idioom aan deur *kry* in stede van *kom* te gebruik, maar myns insiens is dit nie 'n sterk genoeg handelingswerkwoord nie, veral nie in die lig van die bestaan van die aanskouliker idioom *die kloutjie by die oor* ***bring*** *nie*.

By monde van Derrida sou ek dus wil beweer dat die Nederlandse vertaling in die hierbo besproke gevalle 'n verdere oomblik in die ontwikkeling tot die wasdom van die teks illustreer. Hierdie verskuiwinge wat Dorsman noodgedwonge moes aanbring ten einde 'n *adekwate*, maar terselfdertyd *aanvaarbare* Nederlandse vertaling te maak, ontbloot tewens Van Heerden se onverskillige (of vanuit 'n ewe belangrike hoek beskou: die eindredakteur se onnoukeurige) omgaan met die eienheid en struktuur van Afrikaans.

Dit is natuurlik heeltemal moontlik dat Van Heerden self nou met Dorsman meegewerk het in die vertaling van sy roman. Indien dit wel die geval sou wees, versterk dit my argument dat die Dorsman-vertaling beoordeel moet word as 'n verdere oomblik in die ontwikkeling tot wasdom van die teks .

Dat Van Heerden nie veel aandag aan die finale afronding van sy oorspronklike manuskrip gewy het nie en dat die eindredakteur dit boonop agterweë gelaat het, blyk uit vele in die ooglopende lomp sinne. Dat hierdie lompheid soms die gevolg van maklik voorkombare tangkonstruksies is, pleit beslis nie in die guns van noukeurigheid nie. In my artikel in *Tydskrif vir Letterkunde* (ibid) het ek tien sulke gevalle gelys. In al tien gevalle het Dorsman hierdie onbeholpenheid bygeskaaf.

Nog 54 ander gevalle van lomp gekonstrueerde sinne, soms hele passasies, is aangeteken uit die 240 bladsye wat nagegaan is vir die doel van die hierbo vermelde artikel uit die 538 bladsye wat die roman beslaan. In 48 van die gevalle het Dorsman strukturele verskuiwinge aangebring, wat nie noodwendig altyd met die voorstelle wat ek tot verbetering voorgestel het, ooreenstem nie, maar wel soos in die geval van die voorgestelde verbeteringe, die lomphede uit die weg geruim het. Ek verstrek twee voorbeelde met die onderskeie Nederlandse vertalings onmiddellik daarna:

p. 478: "Arieb, *aan sy ketting wat hardloop* al teen die *gespande* draad, dwars tussen die straat en die huis, verhoed hom.

p. 442: "Arieb, *wiens ketting reikt tot aan het hek dwars tussen straat en het huis*, belet hem dat."

p. 518: "Hulle vertrou wit Suid-Afrikaners nie in Zimbabwe nie. *Die geheue van Suid-Afrikaanse operateurs* wat destyds ANC- selle in Zimbabwe opgeblaas het, *is nog vars*."

p. 482: "Blanken Zuid-Afrikanen worden in Zimbabwe gewantrouwd. Zuid-Afrikaanse *infiltranten* die destijds naar Zimbabwe werden gestuurd om ANC-cellen op te blazen *liggen nog vers in het geheugen*."

In Afrikaans, soos trouens ook in Nederlands, kom daar konstruksies voor waar die eienheid van die taal 'n idiomatiese enkelvoudsvorm bo 'n miskien logieser meervoudsvorm, inspan. Ek bedoel konstruksies soos: *En toe staan hulle met hul* ***mond*** *vol tande; daar staan hulle ewe* ***hand*** *in die sy.* In soortgelyke konstruksies volg Van Heerden konsekwent die Engelse voorkeur vir 'n meervoudsvorm na. Twee voorbeelde kort na mekaar op p. 81:

"Die Amerikaners skud hul *koppe* in onbegrip en kyk rond vir soeweniers; (...)."
"Die Britte kry 'n afstandelike trek *op hul gesigte* en gee 'n treetjie terug."

In albei gevalle vertaal Dorsman met die enkelvoud:

"De Amerikanen schudden hun *hoofd* in onbegrip en keken rond naar souvenirs; (...)."
"De Britten kregen een afstandelijke trek *om hun mond* en deden een stapje terug.

Let terloops ook op die verandering van *trek op hul gesigte* in *trek om hun mond*, wat volgens my, gesien dat dit om die Britte gaan, 'n waarheidsgetrouer beskrywing is – ek bedoel: *the stiff upper lips!*

Hierdie hebbelikheid is miskien nie só erg nie en ons trek miskien soms meer op die Engelse as die Hollanders, sou mens kan skerm, maar dit lei Van Heerden daartoe om verspothede kwyt te raak – heeltemal onbedoeld, en dít durf 'n goeie skrywer nie, veral nie as hy deur niemand anders as Van wyk Louw as knoeier bestempel wil word nie! Vergelyk die volgende sin:

p. 21: "'n Flits: in die direksiekamer; daardie een groot vernedering *die* dag: die ander, hul skouers gebuig om hul *borse* te beskerm, *hul sagte binnedele*."

Anders as wat mens miskien buite konteks geneig is om te dink, is die verwysing nie na vroue nie! Dorsman vertaal dit as volg:

p. 20: "Een flits: *onlangs* in de directiekamer; één grote vernedering: de anderen met gebogen schouders om hun *bovenlijf* te beschermen, *hun weke ingewanden*."

Afgesien van die dubbele verspotheid in één sinnetjie is die juiste meervoud van *bors bors**te*** – by sowel manne as vroue! Van Heerden bedoel seker ook *dié dag* en nie die neutrale *die dag* nie. Dit moes 'n noukeurige redakteur wel raakgesien het.

2.2 *Betekenis*

Dit bring my vanself by 'n volgende vlak van verskuiwings, te wete veranderinge ten einde die betekenis helderder voor die gees van die leser te roep. In die geval van laasgenoemde voorbeeld sou die leser nie verkwalik kan word as hy in die lig van die geëngageerde tema van die roman, al is dit net vir 'n oomblik, die dwaalspoor van 'n volledig vroulike direksie vat nie!

Hierdie leser het soms die indruk gekry dat gedeeltes van *In stede van die liefde* in groot haas geskrywe is. Die gevolge hiervan blyk duidelik uit die volgende voorbeeldpassasies.

> p.41: "Christine weet tog hy wil haar daar by hom hê wanneer hy ná so 'n week wakker word. (...) Hy *voel homself swaar aan sy heupe*, gooi die lakens vies van sy onderlyf *weg* en staan op ."

Kan die leser verkwalik word as hy onkiese gedagtes koester! Maar te oordeel na Dorsman se vertaling het Van Heerden waarskynlik wel 'n skunnigheid in gedagte gehad, maar dan van natuurlike oorsprong. As die leser hom nietemin betrap voel, moet die skrywer die skuld daarvoor dra:

> p. 40: Christine weet toch dat hij haar bij zich wil hebben wanneer hij na zo'n week wakker wordt. (...) *Hij voelt de stand van zaken tussen zijn dijen en pissig* gooit hij het laken *van* zijn onderlijf en staat op.

Selfs al is dit nié wat Van Heerden bedoel het nie, vind ek dit 'n vindingryke beskrywing van oggendtriest!

Sommige beskrywings in *In stede van die liefde*, is miskien wel heel *cool* byderwets, maar doen tog erg surrealisties aan. Vergelyk:

> p 105: "En sou ek rocks begin rook, sal daardie rush *die bloeddruk in die buitenste ruim gaan blaas. Daarna is daar nie weer omkyk nie.* (Wat moet die leser hom hierby voorstel?)

Dorsman bring subtiele verskuiwinge aan waardeur hy niks aan aanskoulikheid inboet nie en die lesersverbeelding nie uitermate beproef word nie:

> p. 97: En als ik crack ging gebruiken, *dan zou mijn bloeddruk door de rush het heelal in knallen. Dan was er geen achteromkijk meer bij.*

Hoe slordig sommige beskrywinge in *In stede van die liefde* kan wees, word deur die volgende passasie geïllustreer. Nie alleen is metafore deurmekaar geklits nie, maar is die sinskonstruksie oormatig lomp. Dorsman skawe hierdie ongepolystheid op heldere en vindingryke wyse by:

> p. 274: "Vonkies slaan onder die wiele uit soos die jong *operateur* rakelings *verby* tafetjies waar niksvermoedende toeriste *by* kerslig op sypaadjies *sit*, *flits*. Hy vleg tussen motors deur en *klater* by die Stellenbosch Mall *met* die trappe af, woerts *deur* fliekgangers en *kom by* die *druisende* studentedrinkers *by* die Dros *uit. Woeps-waps* gryp Sieber 'n paar shooters van die toonbank voor die drinkers weg, *gooi*

hulle in sy keel *af* en pyl weer weg, *verby* die prostitute aan die some van die Braak en *by* Mugg & Bean *verby*."

p. 252: Vonken slaan onder de wielen uit wanneer het *lefgozertje* op het trottoir rakelings *langs* nietsvermoedende toeristen aan tafetjes met kaarslicht *flitst*. Hij *slalomt* tussen auto's door en *klettert* bij de Stellenbosch Mall *van* de trappen af, baant zich een weg *tussen* filmbezoekers *door* en *komt uit bij de rumoerige* studenten die bij de Dros zitten drinken. *Onverhoeds* grijpt Siebert een paar glazen van de toog weg, giet ze in zijn keel en gaat er weer als een pijl vandoor, *langs* de prostuees aan de zomen van de Braak en *voorbij* Mugg & Bean.

Soos in die reeds vermelde artikel aangetoon is, ontsier die onsekure woordgebruik van Van Heerden dikwels die teks. Met die uitsondering van enkele gevalle waar Dorsman Van Heerden se woordgebruik handhaaf, kies hy telkens 'n ander woord – in baie gevalle soortgelyk aan die veranderinge wat ek voorgestel het, of bring hy 'n verandering aan wat ook in Afrikaans sou gedeug het. As Dorsman se wysiging nie in Afrikaans kan nie, is die verandering myns insiens telkens beter.

p. 50: "Die een arm voor die ander, *voltyds* vasgevang in die kwartsekonde nadat hy uit die blokke gekom het." (Voorstel: ewig; Dorsman: volledig gevangen)

p. 84: "Hy kom nie hierheen om *homself te verruk* en sy lyf te troos nie. (Voorstel: hom; in 'n toestand van verrukking te bring; Dorsman: Hij komt hier niet alleen naar toe om zich in een staat van verrukking te brengen en zijn lichaam te verkwikken.)

p. 88: "In die artikel *voer* Ortiz Picasso *op* as synde bo geografiese grense. (Voorstel: ophemel; Dorsman: voert Ortiz Picasso aan)

p. 88: "Hier gooi ek als af. My klere, my goeie maniere. (...) *Bloots sit ek hier*, net in my vel," (Voorstel: Hier sit ek heeltemal kaal, net in my vel,); Dorsman: Hier leg ik alles af. Mijn kleren, mijn goede manieren. (...) Ik zit hier naakt, in mijn blote vel,)

p. 248: "dat die Britte duiwe op eenduisend voet uit 'n vliegtuig *loods* ... (Voorstel: loslaat; Dorsman: losten)

p. 538: "'n Vlakte wat *bibber* in die son, ... (Voorstel:bewe/tril; Dorsman: trillend)

3. Tot slot

So sou ek kan voortgaan. Van Heerden se roman gaan aan nog 'n hele boel ander grammatikale afwykinge mank. Voorbeelde hiervan sluit sulke uiteenlopende kategorieë in soos afwykende voorsetselgebruik, verplig oorganklike werkwoorde onoorganklik gebruik, onnodige konstruksies aan Engels ontleen, spelfoute, ongrammatikale sinne ens. Die Nederlandse vertaling funksioneer as 't ware in die groot meerderheid van gevalle as *onafhanklike evidensie* vir die afwykende en hinderlike aard van die taalgebruik

in Van Heerden se jongste roman. Ten einde 'n *aanvaarbare* vertaling in Nederlands te bied, moes Dorsman vele *verpligte verskuiwinge* aanbring. In die meeste gevalle sou soortgelyke verskuiwinge in die Afrikaanse teks eweneens 'n veel *aanvaarbaarder* teks binne die konteks van die oorspronklike brontaalkultuur tot gevolg gehad het.

Hierdie waarneming bring noodwendig die gesag van die oorspronklike teks in die gedrang. Dorsman se vetaling *In plaats van de liefde* oorstyg in vele opsigte die vroeër weergawe daarvan in Afrikaans. Vergun my nog 'n terloopse opmerking: Ek wil my verstout om te beweer dat die rol wat literatore soms speel in die kanonisering van 'n boek nie altyd onproblematies is nie; hul oënskynlike onwil om die skrywer se aanwending van sy primêre medium – taal – na waarde te skat, pleit nie in hulle guns nie.

Dorsman se vertaling moet myns insiens as 'n meerdere ekwivalent beoordeel word. Dit sou dus onverstandig wees om in die geval van eventuele vertalings die histories Afrikaanse bronteks as die oorspronklike normteks te beskou.

Universiteit van Pretoria

Bronnelys

Boase-Beier, J. & Holman, M. 1999.*The Practices of Literary Translation.* Manchester: St. Jerome Publishing

Brouwers, J. 1991. *De zondvloed*. Amsterdam: Uitgeverij De Arbeiderspers.

Brower, R. 1959. (red.). *On Translation.* Cambridge, Mass.: Harvard.

Carstens, W.A.M. 2003. *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans.* Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Derrida, J. 2004. What is a "relevant" translation? In Venuti, L.: 423 – 446.

Grebe, H.P. 2006. Etienne van Heerden: Mooi loop met die woorde! In: *Tydskrif vir Letterkunde*. Jaargang 43, nr. 2. pp. 91 – 106.

Holman, M. & Boase-Beier, J. 1999. Writing, Rewriting and Translation through Constraint and Creativity. In Boase-Beier, J. & Holman, M. 1999: 1 – 16.

Lefevere, A. 1992. *Translation, Rewriting and the Manipulation of Literary Frame*. Londen: Routledge.

Schoeman, K. 1993. *Hierdie lewe.* Kaapstad: Humam & Rousseau.

Steyn, J.C. 1998. *Van Wyk Louw. 'n Lewensverhaal.* Kaapstad: Tafelberg.

Toury, G. 2004. The Nature and Role of Norms in Translation. In: Venuti, L. (red.). 2004. (Tweede Uitgawe): 205 – 218.

Valery, P. 1959. Translation from St John of the Cross. In Brower, R. (red.)1959.

Van Heerden, E. 2005. *In stede van die liefde.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Van Heerden, E. 2006. *In plaats van de liefde.* Vertaal deur Dorsman, R. Amsterdam: De Bezige Bij.

Venuti, L. (red.). 2004. (Tweede uitgawe). The translation studies reader. Routledge: New York

Grensoorskrydende passie in die poësie van Antjie Krog en Anna Enquist: vroueverskynsel, konvensie of vernuwing?

Dorothea van Zyl

That fact that the act of determining borders, boundaries and the transgression of borders in poetry can be linked with culture and with conventions of reading, becomes apparent when a comparison is made of the way in which Antjie Krog and Anna Enquist implement emotion and passion in their poetry – and of the different receptions resulting from it in the Netherlands and in South Africa. It seems as though two different kinds of poetic reading systems can be discerned regarding emotion in poetry. The emotion and passion which Antjie Krog takes much further in her poetry than Enquist, have thus far elicited few negative reactions in South Africa, though Krog's poetry is regarded as transgressive on other grounds. By way of contrast a considerable number of Dutch critics, who prefer a more autonomous kind of poetry, have uttered strong criticism against Enquist's implementation of emotion in her poetry, which they regard as a transgression of conventions. These negative reactions are, however, not unanimous, as many other critics and 'ordinary' readers disagree, judging from the positive reviews and record sales which are also generated by her work. This confirms that poetic systems are not monolithic, that multiple positions on reading are assumed in postmodernistic society, and that there can be more than one dominant poetic discourse at any time, in line with theories on poly-perspectivism. This becomes even more apparent when the poetic systems of different countries are compared.

Inleidend

Met die eerste oogopslag vertoon die oeuvres van Antjie Krog (1952) en Anna Enquist (1945) meer verskille as ooreenkomste, te meer omdat Krog haar binne die konteks van die Afrikaanse (en Engelse) literêre wêreld bevind, terwyl Anna Enquist 'n Nederlandse skrywer is. Krog het reeds op 'n besonder jong ouderdom gedebuteer in 1970 en Enquist relatief laat, in 1991. Die literêre sisteem rondom 1970 in beide Suid-Afrika en Nederland verskil uiteraard ingrypend van dié wat omstreeks 1991 in beide lande gegeld het.

Daar kan egter ook ooreenkomste uitgelig word ten opsigte van sowel die posisie waarin hulle hul as vroudedigters bevind as die temas wat in hulle poësie na vore kom. Veral die feit dat emosie en passie 'n belangrike plek inneem in beide digters se poësie staan sentraal in hierdie artikel, met spesifieke aandag aan die sterk uiteenlopende reaksies, sowel positief as negatief, wat hierdie aspek uitgelok het. Beide se werk word kennelik, om verskillende redes, as grensoorskrydend ervaar. Die vraag is onder meer in watter mate die emosionaliteit in hulle werk op 'n negatiewe wyse met hulle vrouwees in verband gebring is, met gepaardgaande implikasies vir visies op poësie wat deur vroue geskryf is. Veral die moontlike redes vir die negatiewe reaksies roep boeiende vrae op oor die verskillende kontekste en literêre sisteme, die Nederlandse en die Afrikaanse, waarbinne hierdie digkuns gesitueer is, asook oor die verskillende maniere van lees en literatuuropvattinge.

Veel intensiewer en breër navorsing is uiteraard nodig om tot definitiewe en omvattende konklusies te kom oor poësiesisteme, maar dié artikel wil tog as gevallestudie 'n paar voorlopige gevolgtrekkings en indrukke gee. Nadat inleidend ingegaan word op die onderskeie digtersfigure en hulle oeuvres, word 'n kort uiteensetting gegee van relevante teorieë. Die resepsie van veral Krog en Enquist se eerste en die laaste digbundels tot op hede word vervolgens bespreek, met die uitwys van enkele tersaaklike voorbeelde uit veral hul laaste bundels. Dit word gevolg deur 'n bespreking van die probleemstelling en 'n gevolgtrekking.

Ooreenkomste en verskille tussen die digtersfigure en hulle oeuvres

Etlike ooreenkomste kan by hierdie twee digtersfigure uitgelig word: beide Anna Enquist en Antjie Krog is bekende en suksesvolle vroueskrywers van ongeveer dieselfde leeftyd – Enquist sewe jaar ouer – wat gedebuteer het as digters en gereeld in die openbare domein optree. Krog, wie se gedigte reeds sedert 1970 gepubliseer is toe sy nog 'n skooldogter was, het sowat 12 digbundels agter haar naam, waarvan die bundel onder bespreking, *Verweerskrif* en *Body Bereft*, in 2006 verskyn het. Sy het tot dusver ook artikels, essays, resensies, rubrieke, omdigtings van psalms, bundels kinderpoësie, 'n novelle, langer prosatekste en 'n toneelstuk in Afrikaans gepubliseer, en het talle pryse en toekennings ontvang, onder meer die toonaangewende Hertzogprys vir poësie. Met *Country of My Skull* (1998) en *A Change of Tongue* (2003) het sy internasionale bekendheid verwerf en eersgenoemde is ook verfilm. Sy is self 'n vertaler van etlike boeke en van haar eie werk is vertaal in verskeie tale. Sy tree gereeld op by literêre feeste in Suid-Afrika, in Nederland en elders (in Krog, 2005:410-411, Bezuidenhout, 2005:82, asook http://www.umuzi-randomhouse.co.za/akrog.html)

Hoewel Anna Enquist eers in 1991 gedebuteer het, het sy tot op hede sewe bundels poësie gelewer, asook vyf korter en langer prosatekste (die laaste, 'n novelle, in 2007), 'n verhalebundel en vyf monoloë vir die toneel (2003). Die digbundel onder bespreking (*De tussentijd* 2004) is opgedra aan haar dogter Margit (27) wat in 2001 tragies gesterf het in 'n verkeersongeluk. Enquist het twee literêre pryse verower vir haar eerste twee digbundels en twee vir haar romans, en is gewild by die publiek, soos die rekord-oplaes van haar werk en talle herdrukke getuig. Sy tree eweneens gereeld op by literêre feeste in Nederland, Suid-Afrika en elders, en haar werk is in ten minste sewe tale vertaal. (sien o.a. www.kunstbus.nl/verklaringen/ anna+enquist.html)

Heelwat gedigte van beide digters hou tematies verband met tradisioneel vroulike aspekte soos kinders, huishouding en verhoudinge. Beide skroom hierby nie om die persoonlike en selfs outobiografiese in hulle poësie te verwoord nie, sien byvoorbeeld Enquist (2005:11) oor die dood van haar dogter, en Krog (2006:44) oor haar huwelik:

...Rond

het groepje stormde de furie,
pamfletten en woedende brieven

in de handen. Achteraan ging
de wanhoopsmoeder die al maanden
de kapper niet had gezien.

...nou, na dertig jaar, ruik ons hare dieselfde
gorrel ons maagwande om dieselfde kos...

Beide digters is bewus van die beperkinge van taal om die kardinale dinge in die lewe te verwoord – sien Enquist (2005:32) en Krog (2006:28):

...Schateren, wij twee.
Geen benul dat de taal

het zou laten afweten. Nu.

Ek weet werklik nie hoe om jou ouerwordende lyf te sê
sonder die woorde 'verlies' of 'fataal' nie. ek weet nie
ek weet nie waarom die woord 'plooie' so banaal klink nie
ek weet nie hoe ouerword moet klink in taal nie

Albei is bekend vir die passie, hartstog en emosie wat in hul poësie uitgedruk word. Volgens Bezuidenhout (2005:72) belig beide se verse sowel die sagter as die meer strydlustige kant van vrouwees. Deur die vroulike persona te presenteer as "wisselend, gefragmenteerd en in 'n voortdurende proses van wording", in ooreenstemming met sommige uitgangspunte van die *écriture féminine* (Cixous, 1986: 84-85, 87), dekonstrueer hierdie digkuns gevolglik "die eertydse persepsie van 'n monolitiese en essensialistiese beeld van vroue". Hambidge (2001) se verwysing na "Krog se ambivalensie jeens die patriargie en die dekonstruksie van die fallogosentriese orde, tesame met die kenmerkende woede wat soos 'n refrein deur haar gedigte loop" sou ook vir heelwat van Enquist se verse kon geld. Bezuidenhout (2005:274) vind in Enquist se poësie naamlik 'n integrasie van konvensioneel manlike en vroulike aspekte waardeur sy gevestigde genderpatrone deurbréék, "in pas (...) met die postmodernisties- en feministies-geïnspireerde nivellering van gender-stereotipes".

Krog se gedigte is in die algemeen sterker feministies en eksperimenteel as dié van Enquist, met 'n meerstemmigheid gekenmerk deur uiteenlopende versvorme, styl- en taalvariasie. Krog ontgin in verskillende kontekste 'n breë woordeskat met betrekking tot emosie wat stilisties wissel van krutaal, vloekwoorde, die banale en selfs die skatologiese tot 'n fyn, teer en elegiese verwoording, selfs in dieselfde gedig (2006:90) – hier oor Tafelberg:

swart, agter
'n gasvlam knetter die berg van
hitte, van vuur, van

die blote
blaak van haat. staan jy dalk in 'n
mandjie koelte of

in die pers
silwer asem van 'n wilde
olyf? ...

Deur haar skynbaar argelose grensoorskrydende taalgebruik "normaliseer" sy in die proses as 't ware woorde wat konvensioneel as onbehoorlik beskou word, vergelyk die volgende reëls uit "Winter" (2006:80):

fokkol. ek voel fokkol
vir die hiernamaals – dis nóú wat ek
wil leef.

Krog se postmoderne poësie speel in op eietydse opvattinge oor die historiografie, intertekstualiteit en die problematiese verband tussen taal en werklikheid. Sy is intens sosiopolities en postkolonialisties bewus van verhoudinge tussen die ek en die "ander", van identiteit, van die "ek" se verhouding tot plek en landskap en as subjek binne die geskiedenis. Bezuidenhout (2005:75) wys op postmoderne eienskappe by Krog soos "...die veelvuldigheid van ervaring en perspektief, die splitsing en verbrokkeling van 'n vaste identiteit (...), 'n neiging tot selfrefleksie, die ondermyning van vaste betekenisse, die lê van nuwe verbande, die ondergrawing van magsverhoudings en hiërargieë, en die presentasie van alternatiewe verhale". Waar Enquist selde na intieme aspekte verwys wat met die huwelik en/of liefdesverhoudinge saamhang, gaan Krog meermale gedetailleerd in op die intiem-erotiese van uiteenlopende verhoudinge, soos blyk uit Enquist (2005:37) se uitinge oor verhoudinge "op het voetbalveld" (maar dit kan ook op die huwelik slaan) teenoor Krog (2006:28) se woorde oor die huwelik:

Hoe wij in wisselende bezetting
elkaar steunen, stuktrappen, vereren,
verlaten en kwijtraken, rennend.

...ek dink ek probeer sê

dat ek jou verdikte buik sexy vind
dat 'n ereksie teen die effense ronding
my nat in die mond laat...

Volgens Bezuidenhout (2005:83) oorskry Krog se liefdesverse konvensies in haar beskrywing van erotiese ervarings en deurbreek sy die literêre tradisie met 'n "direkte seggingskrag en sensualiteit" wat geen vrouedigter uit die Lae Lande ewenaar nie.

Daarteenoor het Enquist vanaf haar debuutbundel erkenning geniet as 'n sterk nuwe stem wat 'n groot aanhang verwerf het by heelwat akademici en resensente, sowel as by die 'gewone' publiek. *Soldatenliederen* (1991) se eerste oplaag van 850 eksemplare (Sitniakowsky 1992) is binne twee maande uitverkoop (Mulder 1992) en die bundel is binne ses maande drie keer herdruk (Wieg 1992). Van *Jachtscènes* (1992) is 'n eerste oplaag van 2 000 eksemplare gou uitverkoop. Die meeste resensente was positief tot laaiend entoesiasties, soos I. Sitniakowsky wat in *De Telegraaf* van 3 Januarie 1992 as volg verwys na wat die resensietitel aandui as 'n "briljante dichtbundel": "Het zou een een understatement zijn haar 'Soldatenliederen' te bestempelen als hét

poëziedebuut van 1991. De meeste dichters zouden heel blij mogen zijn wanneer zij aan het einde van hun loopbaan met zo'n bundel kwamen aanzetten". Ed Leeflang (1991) in *Vrij Nederland*) noem *Soldatenliederen* "een werkelijk prachtig debuut", waarvan die verskyning "een gebeurtenis" is; Guus Middag praat van die debuut se "trefzekerheid" (1991, *NRC Handelsblad*); volgens Ad Zuiderent (1992, *Trouw*) staan *Soldatenliederen* vol met "sterke gedichten"; Reinjan Mulder beskryf dit as "het opvallendste poëziedebuut van de afgelopen jaren" (1992, *NRC Handelsblad*) en vir Johan Oosterman is dit "een even verrassende als indrukwekkende bundel" (1992, *HN Magazine*). Noor Hellmann (1992, *NRC Handelsblad*) som die reaksies gepas op met die woord "zegetocht". Ook die tweede bundel het positiewe kommentaar uitgelok - sien Leeflang (1993) en Schouten (1992).

Bezuidenhout (2005:303-304) wys onder meer die volgende kenmerke met betrekking tot Enquist se digterskap uit wat haar as sterk digter onderskei: die balansering van die "emotiewe geladenheid" van haar verse en die "tradisionele vroulike sfeer" waarvan dit soms getuig, met 'n "rypheid van insig en ervaringe, (...) 'n innigheid en deurleefdheid", en haar "helder dog vindingryke woordgebruik van vakmanskap, onder meer om die musikale moontlikhede van taal uit te buit en daardeur verdere betekenis aan die gedig toe te voeg". Enquist se poësie is myns insiens in dié sin vergelykbaar met die klassieke musiek waarna sy steeds in *Soldatenliederen* verwys, dat dit in haar beste gedigte 'n fyn afgeronde struktuur daarstel, waarin telkens bepaalde temas (veral dié van afskeid en die gepaardgaande emosies) met variasie uitgewerk word. Die gedig "Strijkkwartet" (Enquist, 19924:13) is een van die mees sublieme voorbeelde hiervan:

Zij zitten in de hoge kamer, harmonie,
als ruit, als geometrische figuur.
Tegen de gouden instrumenten vouwt
zich het avondlicht; dis alles is structuur

waarbinnen pijn en bloedbad rafelloos
hun plaats innemen. Mozart als chirurgijn
staat op en plaatst het mes. Snijdt
de perfecte lijn.

Met ernst en overgave spelen zij
elkander toe, zij voelen nog geen pijn.

Straks zullen zij gaan bloeden. Mettertijd
wordt de muziek tot troost: geenzins
als streling, maar als schema van de wanhoop,
glanzende partituur van eenzaamheid.

In hierdie gedig speel die klank en ritme saam om die struktuur van Mozart se musiek ook in die poësie te laat klink. Hoewel sterk woorde soos "pijn", "bloedbad", "bloeden",

"wanhoop" en "eenzaamheid" voorkom, spreek die geheel van 'n sterk beheerstheid wat juis ook tematiseer in watter mate (oënskynlike) selfbeheersing as 't ware 'n houer kan vorm wat sterk emosie bevatlik maak, wat dien as "schema van de wanhoop". Uiteindelik bly die mens, selfs as deel van 'n groep, hier 'n kwartet, in wese eensaam.

Sowel Enquist se eerste twee as haar latere bundels het egter ook sterk negatiewe reaksies uitgelok (soos later bespreek word). Dit sou 'n kenmerk bly, hoewel veel groter oplaes van haar digbundels steeds verkoop as gebruiklik en haar werk talle herdrukke beleef. Sy het byvoorbeeld vir haar roman 'n publiekssprys verower en is genader om die boekenweek se geskenkboek te skryf. Die dood van haar dogter het die aandag verder vergroot. Uit beide die positiewe én negatiewe kritiek blyk dat veral die outobiografiese, asook die emosionele en toeganklike aard die gedigte as grensoorskrydend beskou word, met gepaardgaande positiewe of soms sterk negatiewe reaksies. Die uiteenlopende reaksies in Nederland sluit aan by Even-Zohar (1990:38) se uiteensetting van die polisisteembenadering: "...in view of the variety of the literary system, different institutions can operate at the same time for various sections of the system".

Na 'n kort teoretiese oorsig word vervolgens veral ingegaan op die negatiewe kommentaar wat die twee vrouedigters se poësie uitgelok het, gevolg deur 'n bespreking daarvan in die lig van onderskeidelik die Nederlandse en die Afrikaanse poësiesisteem.

Teoretiese kader

By verwysings na grensoorskryding raak die term *literêre konvensie* relevant. Van Gorp (1993:87) definieer dit as 'n "[g]eheel van stilzwijgend aanvaarde a.h.w. evidente opvattingen omtrent de literatuur van een bepaalde periode", Fokkema (1989:11-12) bring konvensies in verband met "shared practices" en Van Luxemburg, Bal en Weststeijn (1990:37) noem dit "de gebruikelijke patronen of structuren die gelden voor bijvoorbeeld een genre of een periode". Konvensies is meestal veral herkenbaar uit 'n agterna-perspektief (D'haen, ea.:1989:xvii).

Vir Vodička (1976:67) bepaal die skrywer se kennis van die heersende literêre struktuur en van literêre konvensies nie alleen die rigting wat sy kreatiewe werk sal inslaan nie, maar dien ook as die vertrekpunt daarby. Volgens André Lefevre (1989:53), wie se idees oor konvensie en vernuwing in die sisteemteorie onder meer korreleer met dié van Jurij Tynjanov, is skrywers (normaalweg) voluit bewus van die dominante poëtologiese, ideologiese en ekonomiese beperkinge wat sommige historiese situasies oplê en kan hulle probleme verwag as hulle werk daarteen ingaan. Hoe nader aan hierdie dominante reëls in 'n bepaalde literêre sisteem, hoe hoër sal die werk aangeslaan word; hoe verder die skrywer weg beweeg, hoe sterker sal sy/haar werk met die avant-garde geassosieer word. Skrywers kan egter ook doelbewus ouer strategieë aanwend: "Change can also imply a going back in time and a reviving of older inventory devices in the service or as new concept of functionality" (Lefevre, 1989:45).

Bourdieu (vergelyk Johnson, 1993:10) wys op die konkurrensie tussen tekste wat verskillende literatuuropvattings reflekteer. Adams (1988:751) bring mag ter sprake en beskou literêre kanons as hoofsaaklik "the product of invocation of power criteria". Even-

Zohar (1990:37) verwys in dié verband na "the institution which governs the norms" in die handhawing van literatuur as sosio-kulturele aktiwiteit. Die institusie of instelling, bestaande uit onder andere produseerders, kritici, uitgewers, tydskrifte, skrywers, opvoedkundige inrigtings en die media, "also remunerates and reprimands producers and agents". Verskillende instansies tree dus volgens Schmidt (1966 – sien ook Barnard, 1998:58) op as óf propageerders óf as hekwagters. De Geest (1997:161-175) stel 'n model voor wat, naas die opponerende norme van toelaatbaarheid teenoor ontoelaatbaarheid, ook voorsiening maak vir tussenstappe. Hy onderskei hierby (1997:171) tussen 'n negatiewe soort poëtika wat grense en beperkinge stel, met klem op "die risiko's wat dreigende grensoorskrydings meebring" en 'n meer positiewe poëtika wat dit sien as 'n verryking en versterking van die sisteem (Van Coller en Odendaal, 2005:12-14).

'n Voorbeeld van 'n negatiewe poëtica gee Hagar Peeters myns insiens in haar beswaar teen die "serieuze literaire kritiek" in Nederland wat normveranderinge en konvensiewisselinge as kriterium bly hanteer en postmoderne uitgangspunte, wat ontspring het uit die "de avant-gardetraditie die voortdurend gericht was op innovatie", as 'n nuwe soort "aangemeten" keurslyf gebruik, veral ten opsigte van gevoelspoësie deur vroue: "Het gevolg hiervan is dat postmoderne poëzie zelf een conventie wordt, en dat terwijl de postmoderne dichter op wiens poëtica de criticus zich baseert juist met regels wil breken..." (2005:9). Dit is inderdaad opvallend dat besonder min Nederlandse vrouedigters, met die moontlike uitsondering van Elma van Haren, Astrid Lampe en Lidy van Marissing, in verband gebring word met die avant-garde, soos onder meer blyk uit Thomas Vaessens en Jos Joosten se *Postmoderne poëzie in Nederland en Vlaanderen*. Peeters skryf dit, in ooreenstemming met Rob van Erkelens (*Groene Amsterdammer* 1999) toe aan vroue se gebrek aan belangstelling in "luidruchtige manifesten en programmatische polemieken" (2003:9). Vervolgens word meer spesifiek ingegaan op die resepsie van Krog en Enquist se eerste en laaste digbundels, met klem op die meer negatiewe kommentaar:

Resepsie ten opsigte van grensoorskryding

Uit haar beskrywing in *'n Ander tongval* (2005:139-144) blyk hoe onkant die sewentienjarige Antjie Krog in 1970 gevang is deur die enorme ophef in die koerante toe 'n klag ingedien is teen die "eksplisiete" aard van haar gedigte (2005:139). Beswaar is ook gemaak teen haar uitbeelding van die kleurkwessie in verhoudings. Sy was op daardie stadium, anders as later toe sy doelbewuste keuses in dié verband gemaak het, nog kennelik nie op die hoogte van sake met die heersende norme nie – sy het volgens haar nie eens geweet wie is Mandela nie (2005:144). Daar was egter 'n duidelike kloof tussen die moralistiese openbare sede- en politieke bewakers en die literêre hekwagters wat die kanon bepaal. Literatore soos Ernst van Heerden en Opperman het as gevolg van die polemiek juis kennis geneem van Krog se verse, met die gevolg dat *Dogter van Jefta* in dieselfde jaar verskyn het. Die grensoorskryding het hier dus kennelik meer te make gehad met die behoudende inslag van die Afrikanergemeenskap, veral op die platteland (haar tuisdorp Kroonstad), asook met die destydse politieke situasie in 'n sterk Afrikaner-nasionalistiese en apartheidstydperk.

Krog (2005:63) beskryf ook hoe emosie van meet af aan skering en inslag gevorm het van haar skryfwerk – eers toe sy die woorde "verwese" en "verskeur" in haar dagboek lees na haar ouma se dood, kon sy huil. Tog is weinig klem deur die jare op emosie gelê in resensies en besprekings. Nie die literêre establishment of die breër publiek het hierdie aspek kennelik as grensoorskrydend beskou nie. Die eksplisiete en intieme het egter kontroverse bly veroorsaak, soos die opname van haar ovulasiekaart in *Lady Anne*, wat vanuit 'n feminisiese hoek afgekeur is deur o.a. Marianne de Jong en Marlene van Niekerk (sien Jeanne Goosen, 1989:7). Ander vernuwende, postmoderne elemente soos die histories-dokumentêre inslag, die aansluiting van die bundel by die biografiese, outobiografiese, hagiografiese, ens. waardeur sy "die idee van 'n digbundel indringend gewysig" het (Van der Merwe en Viljoen, 1998:67), het egter meegebring dat die Hertzogprys aan haar toegeken is vir hierdie bundel. Weer het die literêre kanoniseerders dus anders geoordeel. Uit Antjie Krog se werk blyk dat sy goed op die hoogte is van verskillende literêr-teoretiese - en politieke - opvattinge en in baie opsigte op die voorpunt beweeg. Die keuse vir grensoorskrydinge en die afwyking van konvensies vind kennelik baie bewustelik plaas.

Ook Enquist erken aanvanklik teenoor Mulder (1992): "Ik zit niet zo goed in al die stromingen", onder meer omdat haar vakrigtings die psigologie en musiek is. Dit bring egter juis mee dat die jurie vir die C. Buddingh-prys (Remco Campert, Neeltje Maria Min en Eddy van Vliet) Enquist se poësie loof omdat dit los is "van elk literair dogma". Soos in Krog se geval het die literêre establishment dus hier positief geoordeel. Enquist is egter noodwendig deur konvensies beïnvloed - sy praat self van haar vroeëre "leesverslaving" (Wieg 1992) waardeur sy waarskynlik onbewustelik veel kennis verwerf het, maar dit is ook moontlik dat haar poësie in verband gebring sou kon word met vroeëre konvensies oor gevoelspoësie (sien Lefevre, 1989:45). Zuiderent (1993:845) wys byvoorbeeld daarop dat die poësie van Ed Leeflang en J. Eijkelboom, generasiegenote van Lucebert, eers later meer aandag ontvang het, omdat dit teruggryp op "de traditie van persoonlijk getinte poëzie die aan Vijftig voorafging". Later maak Enquist 'n doelbewuste keuse vir emosie en vind die "gangbare mening" teen die direkte uitspreek van emosies absurd en beperkend. Haar poësie "...kwam op een goed moment. De poëzie die destijds geschreven werd, was wel erg academisch en in zichzelf verzonken. De tijd was net rijp voor een meer emotionele dichtkunst" (Kellerhuis, 1999:73). Juis hierdie opvatting het egter sterk gevoelens van aversie by sommige kritici opgeroep wat geskool is in die sogenaamde outonomie-opvattinge (waarop ingegaan word in die volgende afdeling) oor die poësie:

Thomas Lieske (in *Tirade*, 1992) was een van die eerste resensente wat sterk ingegaan het teen die "grote feilen" Enquist se gedigte. Hy is op grond van die "eigen regels en wetten" wat goeie poësie volgens hom volg (1992:92), onder meer gekant teen die outobiografiese element wat die "ik" vooropstel, en die leser daartoe noop om "buiten het gedicht om" te interpreteer (1992:87) en "achter het verhaal de werkelijkheid te vermoeden" (1992:92). Reugebrink (1992) vind sommige van Enquist se digreëls *larmoyant*. In 1994 spreek hy hom in twee resensies uit teen Enquist se "schreeuwerige heftigheid" en vind haar gedigte "van een pijnlijk banale hysterie vol valse en zelfs kwalijke beelden". Enquist meen volgens hom "dat woorden als 'wanhoop', 'angst',

'woede' of 'razernij' op zichzelf voldoende zijn om mij ervan te overtuigen dat zij wanhopig, angstig woedend en razend is". H.W. (Hans Warren, 1992) deel Reugebrink se mening dat die emosie by Enquist te onbedwonge en dikwels onbeholpe is. Lieske is daarvan oortuig dat 'n digter nie na hewige emosies moet verwys nie, maar dit eerder in die teks moet oproep: "Er wordt gesproken over huilen en wanhoop: eigenlijk moeten dat in een gedicht overbodige en verwerpelijke woorden zijn, net als ziel en triest", anders word dit slap en "[t]e hard gebruld..." (1992:94).

Die gebrek aan konsensus oor die gehalte van Enquist se gedigte korreleer met Levevre (1989:53) se uitsprake oor die probleme wat skrywers kan verwag as hulle werk ingaan teen 'n heersende sisteem. Enquist se werk is egter juis nie met die avant-garde vereenselwig nie. Die feit dat haar poësie afwyk van die heersende konvensies het waarskynlik daartoe bygedra dat sy van die venynigste kritiek ontvang het van alle Nederlandse digters. 'n Laagtepunt is hiermee bereik met 'n pamflet deur Erik Bindervoet en Robbert-Jan Henkes (genoem in Wijgh, 1994) met die titel "Waarom zijn de gedichten van Anna Enquist zulke shitgedichten", waarin hulle haar poësie onder meer "braaksel in een bloembak, gehoest uit een kale kut" noem. In Maart 2007, op die webblad van die *NRC Handelsblad*, praat Robbert-Jan Henkes nogmaals van "het valse sentiment dat uit de huilerige regels spreekt ", waarop die aandag gevestig word by die vertaling daarvan: "Dan valt pas echt op dat er poëtisch aangeblazen wartaal wordt uitgeslagen, zgn. 'poehazie'".

Piet Gerbrandy vel die volgende ekstreem-onbarmhartige oordeel oor *De tussentijd* (2004) in *De Volkskrant*:

> Anna Enquist heeft een paar jaar geleden haar dochter verloren. Dat is heel rot voor haar. In plaats van zich met haar verdriet terug te trekken, heeft Enquist de publiciteit gezocht. Sindsdien gaat ze door het leven als die droevige mevrouw die zo aangrijpend over haar dochter schrijft. Haar nieuwe bundel *De tussentijd* is geheel aan dit verdriet gewijd. Nu is het niet uitgesloten dat iemand zijn ellende op de een of andere manier tot goede literatuur verwerkt, maar dat is hier niet gebeurd. Het boek bestaat van de eerste tot en met de laatste bladzijde uit larmoyante kitsch.

Volgens Peeters (2005:11) hou hierdie tipe negatiewe kritiek verband met 'n visie op vroue. Dit geld ook vir die "vals sentiment" wat Reugebrink verbind met die gedigte wat "een directe uiting van de gevoelens van de dichter zijn" (*Poëziekrant* 1990) in *Bloem, steen* van Esther Jansma. In haar fel reaksie hierop in *HP/De Tijd* noem Jansma volgens Peeters Reugebrink se reaksie "zo Nederlands" en wys daarop dat die term 'vrouepoësie' gebruik word sodra emosie ter sprake kom, terwyl mans se werk sterker op meriete beoordeel word (2005:10). Integriteit, emosie en outentisiteit het volgens Peeters gelade terme geword vir postmoderne kritici, 'taboes omdat ze zichzelf niet ironiseren' (2005:10). Dit klop met Vaessens en Joosten (2003:56) se uitlig van die verband tussen die postmoderne en die afsydige modernistiese poësie deurdat die postmoderne digter hom ver hou "van een poëzie waarin het dichter-ik zijn diepste gevoelens uitschreeuwt of woedend op de deuren klopt uit het brandend verlangen een of ander onrecht ongedaan te maken".

In 'n besonder vernynige, beledigende en nogal infantiel-klinkende antwoord

op Peeters (waarin hy haar onder meer "een maagdekijn" in een "wereld van overambitieuze giebelende pubertjes"noem wat "flagrante onzin" skryf – hy kom nie verniet van Goor nie!), bevestig die digter, romanskrywer en redakteur van *Yang*, Marc Reugebrink (2005) op sy *blog* enersyds tereg dat almal die literatuur benader "vanuit bepaalde vooronderstellingen", maar lees andersins so half dat hy meen Peeters praat van 'n 'emotionele', zogenaamd 'directe' en ook nog eens 'onbevangen' *literatuurkritiek*, terwyl dit vir haar eerder gaan om hierdie tipe *poësie* wat sonder meer afgeskiet word (my kursivering). Hoewel hy erken hy was verkeerd oor Jansma, vind hy steeds 'n "gebrek aan talent" by Enquist, gekoppel

> ... met het feit dat zij altijd al heeft gemeend dat wanneer je maar flink heftig tekeer ging, de intensiteit van je emotie wel duidelijk was, terwijl haar gedichten toentertijd op mij enkel een hysterische indruk maakten, de indruk van iemand die graag wil zeggen dat hij bijvoorbeeld wanhopig is, maar die met een zin als: 'de wanhoop staat met windkracht tien in mijn rug' (of iets dergelijks) eigenlijk alleen maar de lachlust opwekt.

Deur sy kriterium, dat Enquist nie ingaan op die onmoontlikheid dat taal iets tot lewe kan wek nie, bevestig hy Peeters se indruk dat sommige kritici postmoderne idees voorskriftelik verabsoluteer.

Met die verskyning van *Verweerskrif / Body Bereft* van Antjie Krog in 2006 het die voorblad, die naakte bolyf van 'n ouer vrou, 'n polemiek uitgelok in beide die Afrikaans- en Engelstalige pers. Orford (2006) sê byvoorbeeld hieroor: "The cover too is unsettling — I found myself putting it down upside down to hide the pendulous old breasts". Lesers (soos blyk uit *By* se brieweblad van 2 September 2006) was verder geskok oor die "onwelvoeglike en vieslike" taalgebruik in Antjie Krog se "Manifes van 'n ouma" wat in *By* afgedruk is op 26 Augustus 2006 (Anti Antjie, 2006:7) en die platvloerse, growwe manier waarop met die tema van ouerword omgegaan word: "Ons het nou genoeg gelees van haar belewing en swaarheid oor die menopouse en ouma wees. Myns insiens is dit 'n baie persoonlike saak wat 'n mens meer ingetoë en diskreet hanteer, of nog beter, vir jouself hou" (Königk, 2006:7).

Opvallend was veral literator Lina Spies (2006:9) se kommentaar: Sy verkies Elisabeth Eybers se humor en ironiese afstand in haar jarelange gemoeidheid met ouderdom en aftakeling, asook Eybers se standpunt (volgens Spies) "dat daar dinge is, te intiem, of te aangrypend, of te onvatbaar-op-eerste-sig, of te ongerymd om in die openbaar mee te deel"; dit is in dié dinge wat "gesing of gesuggereer of oorgesein moet word". Spies vind die voorblad "afstootlik" - vroulike veroudering tydens menopouse of veroudering is so intiem dat dit "vra om indirekte segging", in aansluiting by T. S. Eliot se uitsprake oor die "objective correlative", wat ook ironiese afstand impliseer. Soos Adcock (1978) keer Spies haar teen "'primal scream' writing: slabs of raw experience untransformed by any attempt at ordering and selection." Hoewel Krog die stof volgens Spies probeer transformeer, gaan sy nie ver genoeg nie, sodat dit "bly steek in die skree".

Samevattend kan dus gesê word dat Enquist naas die groot aanhang wat haar skryfwerk geniet, van 'n aantal Nederlandse kritici die wind van voor kry oor emosionaliteit in haar poësie, terwyl dit vir 'n Afrikaanstalige leser soms moeilik is om te begryp waarop

die besware oor die oordrewe emosie by Enquist gegrond is, vergelyk die volgende meer emosionele reëls oor geweld as gebruiklik van Enquist in "Fuga" (2005:52) met Krog se hantering van dieselfde tema (2006:92-93).

Met geweld geboren, met geweld
gestorven. Wij kunnen geen uitroep
verdragen, geen leven meer velen.

geweld stort uit my uit, my voete
skop tot dit dof word, my
brein blind. ek werp my dood soos 'n ploeg-
skaar in my rug, ek wil
godweet hom tot niet maak sodat hy
my vonnis ophef en
my die dood vryskeld ...

Daar is nog veel meer en sterker voorbeelde van emosie in Krog se poësie In die voorafgaande gedig in dieselfde bundel oor Tafelberg uiter sy haar emosies byvoorbeeld nog veel gewelddadiger en kru (2006:92):

...net toe hy daai bek van hom óópmaak
om te bitch, toe klap ek
met die plathand dat sy kraakbeen knak
(fok wat 'n loflike
pulpgeluid.) kom! Jou blerrie banggat!

Buiten vir Spies se reaksie is die besware by die resepsie van Krog se werk egter nie soseer gegrond op die veel intenser emosionaliteit in haar werk nie, maar eerder op grensoorskrydinge wat ingaan teen konvensies van moraliteit. Die rede vir hierdie verskil in resepsie in Nederland en Suid-Afrika kan wees dat passie en emosie meer algemeen - en in 'n intenser vorm - aangetref word in die hedendaagse Afrikaanse poësie en lesers dus meer gewoond is daaraan. Die vraag is wat die moontlike redes hiervoor kan wees en of dit kan saamhang met verskille in die Afrikaanse en Nederlandse poësiesisteem. Dit word vervolgens bespreek.

Verskille in die Nederlandse en Afrikaanse poësiesisteem?

Na aanleiding van die verskille in resepsie kan die vraag gestel word of daar sprake is van verskillende konvensies binne die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteem van die laat 20ste en vroeg 21ste eeue, wat die manier van lees in die twee lande beïnvloed met betrekking tot gevoelsuiting in die poësie. In die Suid-Afrikaanse literêre sisteem word emosie naamlik nie (sover ek kon vasstel) in die algemeen met vrouepoësie verbind nie

Peeters en Jansma (in Peeters, 2005:10-11) se opmerkings oor die vereenselwiging van emosie met vrouepoësie sluit aan by Camille Paglia se onderskeid tussen Dionusos en Apollo: "The Apollonian and Dionysian, two great western principles, govern sexual personae in life and art" (1990:96). Dionusos is vir haar "the all-embracing totality of mother-cult" (1990:91), geassosieer met vloeistowwe en met emosie, entoesiasme,

empatie, ekstase, histerie, drome, ens. (1990:9698). Dit stel sy teenoor "an Apollonian realm of purity, clarity and vision", "chastity" (1990:94), die estetiese, wette, geskiedenis en tradisie – sake wat met die manlike verbind word - maar ook die tirannieke en "the hard, cold separatism of western personality and categorical thought" (1990:96).

Passie en emosie in die poësie was kennelik voor die twintigste eeu ook 'n algemeen-aanvaarde konvensie in die Nederlandse literatuur, soos blyk uit talle gedigte uit die Middeleeue, Renaissance en Romantiek. Die Nederlandse Tachtiger-digter Willem Kloos het Leigh Hunt se uitgangspunt: "Poetry is imaginative passion" in 1882 sy eie gemaak en hom uitgespreek oor kuns as "de aller-individueelste expressie van de aller-individueelste emotie" in 1890 (in Antonissen, 1966:8, 11). Passievolle digters soos Kloos, Jacques Perk en Hendrik Gorter met sy sensitivistiese verse het die Afrikaanse digters van Dertig geïnspireer (Opperman, 1962:37). Dertigers soos veral W.E.G. Louw, maar ook N.P. van Wyk Louw en Uys Krige, is sterk beïnvloed deur onder andere die Nederlandse Romantiek en deur die sensitivistiese verse van Gorter (W.E.G. Louw se proefskrif het byvoorbeeld gehandel oor die invloed van Gorter op Leopold). Hierdeur is emosie as manlik gelegitimeer. Dit het ook aangesluit by voorafgaande digtersgenerasies soos Jan F.E. Celliers, C. Louis Leipoldt en Totius wat talle sterk emosionele gedigte geskryf het oor onder meer die Anglo-Boereoorlog en in Totius se geval oor die tragiese dood van twee van sy kinders. In die twintiger- en dertigerjare van die vorige eeu was A.G. Visser se hartstogtelike liefdesgedigte baie populêr. In Suid-Afrika word emosie vanweë hierdie digters se groot invloed dus nie soseer met vrouepoësie verbind nie.

Daarteenoor het die Vlaamse digter Paul van Ostaijen reeds redelik vroeg in die 20ste eeu 'n ander standpunt oor die direkte uiting van emosie ingeneem, hoewel heelwat ander digters op daardie stadium nog bestaande konvensies verder gevoer het in hul werk - sien Zuiderent (1993:845) oor die tradisie van "persoonlijk getinte poëzie die aan Vijftig voorafging". Van Ostaijen se idees oor "ontindividualisering" en sy keuse vir die organiese ekspressionisme, soos gestel teen die humanitêre ekspressionisme wat hy verwerp as "buiten-lyrische hogeborst-zetterij" (Borgers, 1974:10), in aansluiting by die toenmalige Duitse avant-garde poësie, sluit aan by die outonomistiese denkrigting oor die poësie. Op daardie stadium het dit egter so min steun geniet dat Van Ostaijen gereageer het met die woorde "... vooruit dan maar, zonder supporters" (Borgers, 1974:22). Die poëtikale opvattinge oor outonomie is egter volgens Vaessens en Jooste (2003:54) die "pijlers van het modernistische denken over poëzie" wat teruggevoer kan word na die begin van die twintigste eeu. Dit gaan oor "een poëzie die niet de werkelijkheid reproduceert, maar een eigen werkelijkheid schept". *Outonomisties* bring Van Gorp (1993:34) in verband met literatuurwetenskaplike strominge "die de aandacht vestigen op het specifieke literair-zijn van teksten". Die aanset hiervoor was die teoretisering van die Russiese Formaliste, wat verder gevoer is deur die New Critics en strukturaliste. Die New Critics noem Vaessens en Jooste (2003:54) by uitstek 'n outonomiebeweging.

Dit wil voorkom asof die avant-garde en Van Ostaijen se organiese ekspressionisme, hoewel nie heeltemal onbekend in Suid-Afrika nie, geen groot rol gespeel het in die Afrikaanse literêre sisteem nie, onder meer weens sterk digtersfigure soos

die Louw-broers wat nog lank die literêre toneel bepaal het. Die Afrikaanse en die Nederlandse digkuns het in die veertigerjare wel in styl en toonaard nader beweeg aan die gestaltepoësie, soos beoefen deur die Nederlandse digter Marthinus Nijhoff met sy opvattinge oor "depersonalisatie", in aansluiting by die idee van die "objective correlative" (T.S. Eliot), in 'n inhaalslag ten opsigte van die meer tydgenootlike Nederlandse poësie. Spies word kennelik steeds daardeur beïnvloed, soos blyk uit haar opmerkings oor Eliot en die "objective correlative". Dit is egter 'n vraag hoe langdurig dié tendens van 'n meer indirekte gevoelsuiting in die Afrikaanse poësiesisteem gegeld het. Hoewel N.P. van Wyk Louw byvoorbeeld in *Tristia* (1962) nog steeds sinspeel op Nijhoff se idees oor die fluit in die skeppingsproses en die gedigte in die bundel volgens Kannemeyer 'n sterk "betogend-beeldende inslag" het, , is daar ook heelwat blyke van emosies soos "weemoed en droefheid", "wanhoop, eensaamheid (...) bitterheid", walging, ens. (Kannemeyer, 1978:427-428). D.J. Opperman, voorheen 'n gestaltedigter, lewer veel persoonliker werk met *Komas uit 'n bamboesstok* (1979).

Die sogenaamde "*Criterium*-generatie" wat kort voor of tydens die Tweede Wêreldoorlog gedebuteer het, het eweneens gekies teen die "cultus van het hart, de intuïtie, het wonder, de exstase en de vondst" en vir "afstand, ambacht, bewustzijn, controle" (Brems, 2006:100). Elisabeth Eybers (1915-2007), wat aanvanklik in die dertigerjare van die 20ste eeu belydenispoësie geskryf het en in die veertigerjare onder meer gestaltepoësie gekenmerk deur 'n groter objektivering, asook 'n "sintese tussen hartstog, verbeelding en intellek" (Opperman, 1962:375-376), onderskei in digbundels soos *Die vrou en ander verse* (1945), *Die ander dors* (1946), *Die helder halfjaar* (1956) en *Balans* (1962) eweneens tussen hoof en hart. Kannemeyer (1978:475) verwys byvoorbeeld soos volg na "Twee kleuters in die Vondelpark" in laasgenoemde bundel: "Die stryd tussen hoof en hart, (...) die stryd tussen (...) die intellektuele en emosionele aard van die man en vrou onderskeidelik..." Na haar verhuising na Nederland in 1961 skryf Eybers toenemend sober gedigte waarin taalontginning 'n groot rol speel. Spies (2006:9) verwys tereg na Elisabeth Eybers se humor en ironiese afstand. Waarskynlik onder meer weens die aansluiting by die heersende Nederlandse konvensies in haar werk is die PC Hooft-prys in 1991 aan haar toegeken.

Volgens Brems (2006:440) het die digter Gerrit Kouwenaar redelik vroeg reeds die "autonomie van het gedicht (...) beklemtoond, ten nadele van die andere pool van het experimentele dichten, de expressie". *Autonomie* omskryf Brems soos volg:

> ... het streven naar een gedicht dat zijn betekenis niet ontleent aan verwijzingen naar de werkelijkheid, maar dat veeleer aan die werkelijkheid betekenis geeft. De dichter wil dat effect bereiken door de taal maximaal onder spanning te zetten en tegelijk een directe doorverwijzing naar de anekdotische of subjektieve werkelijkheid te belemmeren.

Veral Kouwenaar, 'n voorstander van "de sterke objektivering en inperking van emoties" (Ter Wee, 1985:4) het in 'n groot mate aanleiding gegee tot skoolvorming deur sy groot invloed op 'n hele groep Nederlandse digters. Vir hom moet woorde "... samenvallen met datgene wat ze zelf uitdrukken", persoonlike anekdotes moet sover moontlik geskrap word en die "ont-ikken" in sy gedigte behoort tot die kern

van sy poësieopvattinge (Ter Wee, 1985:11,12,). Emosionaliteit was dus iets wat vermy moes word.

Kouwenaar het egter geen groot gevolg in die Afrikaanse poësie gekry nie en die outonomistiese poësie het weinig impak gehad in Suid-Afrika. Saam met digters soos Hans Faverey (1993-1990) het Kouwenaar se werk relatief onbekend gebly, onder meer weens die kulturele vervreemding wat die apartheidspolitiek in daardie periode teweeggebring het, met die opskorting van die Kulturele Akkoord. Beide Boerneef én Breyten Breytenbach (wat homself by geleentheid 'n Vijftiger noem) is eerder beïnvloed deur die Vijftiger-ekspressionisme. Boerneef kom wel waarskynlik van die Afrikaanse digters die naaste aan die avant-garde en organiese ekspressionisme, wat hy (soos Van Wyk Louw met *Klipwerk*) verbind met die volkse (sien Van Zyl, 2000:51-62). Breytenbach is egter 'n digter wat nie skroom om emosie in sy gedigte te uiter nie.

By hierdie lang tradisie en poësiekonvensies sluit het Krog se gedigte kennelik aan, met die gevolg dat nie die passie daarin nie, maar eerder grensoorskrydings ten opsigte van onder meer taalgebruik en tematiek 'n rol gespeel het by negatiewe kommentaar op haar bundel(s). Dit wil nie voorkom of emosie vóór Lina Spies se uitlatings daaroor negatiewe kommentaar by Afrikaanstaliges uitgelok het nie. Oor die verouderingstema sê Hambidge byvoorbeeld in 'n brief in *By* (2006) oor Krog:

> Haar verbluffende beeldvermoë en vreeslose ingaan in die ruimte van wat 'n gemeenskap as 'n taboe ervaar ('n ouerwordende mens durf mos nie so uitlap oor verdwene liggaamsfunksies nie?) sinkopeer sy met die gebruik van kragwoorde soos "pis" en "poes". Hiermee wil sy waarskynlik 'n dubbele skok op die leser lanseer. Nie alleen is die tematiek "skokkend" of vir die meeste lesers beslis nie digterlike materiaal nie, maar die gebruik van kragwoorde wil juis 'n aanstigting by die vroeëre vuur impliseer.

Dit kan wees dat Spies, wat self in Nederland opgelei is en steeds goeie bande met die land behou, as kenner van Eybers se meer subtiele tipe poësie wat ook in Nederland gewild is en hoog geag word, hier sterker van Nederlandse as Afrikaanse konvensies uitgaan, of andersins teruggryp na vroeëre poëtikale opvattinge. Ook haar eie poësie getuig egter meermale van sterk emosie.

'n Opvallende aspek is dat sommige kritici in Nederland wat voorstanders blyk te wees van 'n meer outonomistiese tipe poësie juis fel emosioneel is in hul eie kritiek. Hieruit kan afgelei word dat die ingaan teen emosie dalk nie heeltemal so "Nederlands" is as wat Esther Jansma (1990) beweer nie. Daarvan getuig ook die gewildheid van Enquist se poësie by talle ander lesers én literatore. Hoewel dit in Suid-Afrika daarteenoor al in die verlede by tye emosioneel daaraan toegegaan het in resensies en literêre opstelle, is 'n meer objektiewe, "onderkoelde" kritiek hier egter eerder die norm. Die indruk wat Afrikaanse lesers verder kry by die lees van Nederlandse literêre beskouinge is dat minder kritici in Nederland op die hoogte van sake blyk te wees met postmoderne opvattinge of hul andersins doelbewus daarvan afkeer, terwyl postmoderne gedagterigtings in ander gevalle weer as 'n nuwe soort keurslyf aangewend word. Ook ouer literatore in Suid-Afrika hou hulle nie soseer besig met postmoderne uitgangspunte nie, maar dit gaan hier (met die uitsondering van Spies) gepaard met veel minder weersin.

Ten slotte

Na my mening kan daar dus aansienlike verskille in sowel die Afrikaanse en Nederlandse poësiesisteme as op die vlak van die literêre kritiek aangedui word, wat nóú saamhang met die woorde *emosie* en *passie*. Van Coller en Odendaal (2005) se stuk oor die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme sou hierdeur aangevul en genuanseer kon word.

Daar word tans besef in watter mate lesers se individuele voorveronderstellings hulle onderskeie invalshoeke bepaal. "...[G]een twee literatuurhistorici hebben dezelfde literatuurgeschiedenis", bevestig Schenkeveld-Van der Dussen in *Nederlandse literatuur: een geschiedenis* en wys op die poliperspektiwiese kyk(e) wat 'n sentrale perspektief in die postmoderne samelewing vervang het (1993:vi-vi). Hoewel lesers dus te meer geregtig is op 'n eie mening, is die didaktiese, voorskriftelike uitsprake van sommige Nederlandse kritici beslis agterhaal. Hagar Peeters (2005:11) stem tereg saam met Thomas Vaessens (in *Ontijdig panorama: de poëzie van nu*) dat die tradisionele avant-garde denke nie meer houdbaar is nie, aangesien daar meer as een dominante poëtiese diskoers is.

Dit bevestig dat (poësie)sisteme selde monolities is, en dat daar in die postmoderne samelewing eerder sprake is van 'n veelvoud aan leeshoudinge, van meer as een dominante poëtiese diskoers, en van poliperspektiwiese visies as van 'n sentraal-gerigte perspektief – in ooreenstemming met die uitgangspunte van die polisisteemteorie. Dit geld te meer wanneer die poësiesisteme in verskillende lande met mekaar vergelyk word.

Bronnelys

Adams, Hazard.1988. Canons: Literary Criteria / Power Criteria. *Critical Inquiry*14: 748-804.

Adcock, Fleur. 1978. *20th Century Women's Poetry.* Londen: Faber and Faber.

Anti Antjie. 2006. 'Manifes' hoort in die poniepers. *By*. 2 September: 7.

Anon. 1970. Antjie se 1ste bundel verskyn. *Beeld* 6 Sept.

Anon. s.a. Oor die skrywer [Antjie Krog]. http://www.umuzi-randomhouse.co.za/akrog.html Geraadpleeg op 10 Julie 2007.

Anon. s.a. Anna Enquist. www.kunstbus.nl/verklaringen/anna+enquist.html Geraadpleeg op 11 Julie 2007.

Antonissen, Rob. 1966. *Digkuns van die Nederlande 1100 – 1960. II Van Perk tot Claus.* Stellenbosch, etc.: Universiteitsuitgewers en –Boekhandelaars.

Barnard, Riana. 1998. *Kanoniseringsprosesse in die Afrikaanse literatuursisteem: die rol van N.P. van Wyk Louw.* Ongepubliseerde proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Bezuidenhout, S.M. 2005. Sosio-literêre perspektiewe op die eietydse digkuns van vroue in die Afrikaanse en Nederlandse taalgebiede. Promotor: D.P. van Zyl. Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.

Bindervoet, Erik en Robbert-Jan Henkes. 1994. Waarom zijn de gedichten van

Anna Enquist zulke shitgedichten: een pamflet. Platforum.
Borgers, G. (samest.) 1955. Inleiding voor het geëerd publiek. In: *Music-hall. Een programma vol charlestons, grotesken, polonaises en dressuurnummers.* Den Haag: Daamen N.V.
Cixous, Hélène. 1986. De lach van de Medusa (trans. Margaret Brügmann). *Sarafaan* 1(3):74-91.
De Geest, Dirk. 1996. *Literatuur als systeem, literatuur als vertoog. Bouwstenen voor een functionalistische benadering van literaire verschijnselen.* Leuven: Peeters.
D'haen Theo, Rainer Gröbel and Helmut Lethen. 1989. *The decline and rise of convention. Convention and innovation in literature.* Amsterdam etc.: John Benjamins.
Enquist, Anna. 19924. *Soldatenliederen.* Amsterdam: Arbeiderspers.
Enquist, Anna. 19932. *Jachtscènes*. Amsterdam: Arbeiderspers.
Enquist, Anna. 19934. *De tussentijd.* Amsterdam: Arbeiderspers.
Even-Zohar, Itamar. 1990. The 'Literary System'. *Poetics Today*11(1): 27-44.
Fokkema, Douwe. 1989. The concept of convention in literary theory and empirical research. In: D'haen, Theo, Rainer Gröbel and Helmut Lethen. *Convention and innovation in literature.* Amsterdam etc.: John Benjamins.
Gerbrandy, Piet. 2004. Wanhoopsmoeder. *Volkskrant*. 12 Maart.
Goosen, Jeanne. 1989. Antjie en die vrouedinge maak opslae. *Die Transvaler. 2* November.
Hambidge, Joan. 2001. Krog se tekste nie simplisties nie. *Litnet.* http://www.mweb.co.za/litnet/senet/senet.asp/id=3455.
Hellmann, Noor. 1992. Verlangen naar stilstand. NRC *Handelsblad.* 19 Junie.
Henkes, Robbert-Jan. 2007. nrc.nl, site van NRC Handelsblad en nrc.next. weblogs.nrc.nl/weblog/vertalie/2007/03/23/de-betekeniskant/ Geraadpleeg op 14 Julie 2007.
Johnson, Randall. 1993. Introduction. In: Bourdieu, Pierre. *The field of cultural production. Essays on the art of literature.* Cambridge: Polity Press.
Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* I. Kaapstad en Pretoria: Academica.
Kellerhuis, Tom. 1999. Een avondje Enquist. *HP De Tijd.* 12 Maart: 70-77.
Königk, K. 2006. Krog teenoor MER gestel. *By*. 2 September: 7.
Krog, Antjie. 2005. *'n Ander tongval.* Kaapstad: Tafelberg.
Krog, Antjie. 2006. *Verweerskrif.* Roggebaai: Umuzi.
Leeflang, Ed. 1991. De soldaat in ons. *Vrij Nederland.* 9 November.
Leeflang, Ed. 1993. Mevrouw Onveiligheid, komt u binnen. *Ons Erfdeel* 36(2).
Lefevre, André. 1989. The Dynamics of the System: Convention and Innovation in Literary History. In: D'haen, Theo, Rainer Gröbel and Helmut Lethen. *Convention and innovation in literature.* Amsterdam etc.: John Benjamins.
Lieske, Tomas. 1992. Poëziekroniek. *Tirade* 36(1):87-95.
L**uxemburg, Jan van, Mieke Bal en Willem Weststeijn.** 1990. *Over literatuur.* Muiderberg: Coutinho.
Middag, Guus. 1991. De vlam erin, de zeis erdoor. *NRC Handelsblad.* 6 Desember.
Mulder, Reinjan. 1992. Ik noem de wanhoop bij haar naam. *NRC Handelsblad*. 23 Maart.

Oosterman, Johan. 1992. Dagelijkse ervaringen op een hoger plan. *HN Magazine.* 11 April.

Opperman, D.J. 19622. *Digters van Dertig.* Kaapstad, etc.: Nasionale Boekhandel.

Orford, Margie. 2006. Menopausal power surge. BODY BEREFT. Antjie Krog. 22 April. Beskikbaar by:http://www.businessday.co.za/weekender/index.aspx?Page=BD4P62070&MenuItem=BD4P62070 Geraadpleeg 10 Oktober 2008.

Peeters, Hagar. 2005. Adieu avant-garde!: Naar een onbevangen poëziekritiek. Awater 4 (2) (zomer): 8-12.

Reugebrink, Marc. 1992. Draagbare pijn. Gedichten van Anna Enquist over eeuwigheid en dood. *De Volkskrant.* 31 Januarie.

Reugebrink, Marc. 1994. Don Giovanni in analyse. *Nieuwsblad van het Noorden.* 9 September.

Reugebrink, Marc. 1994. Het omgekeerde doelpunt van de geboorte. Anna Enquist, *Een nieuw afscheid. De Groene Amsterdammer*. 16 Maart.

Reugebrink, Marc. 2005. *Joernaal.* reugebrink.skynetblogs.be/post/1272983/hagar-peeters – geraadpleeg 22 Mei 2007.

Schenkeveld-Van der Dussen, M.A. 1993. *Nederlandse literatuur, een geschiedenis.* Groningen: Nijhoff.

Schmidt, S.J. 1989. *Die Selbstorganisation des Sozialsystems im 18.Jahrhundert.* Frankfurt am Main: Suhrkamp.

Schouten, Rob. 1992. Nee, deze moeder maakt het niet gezellig. *Vrij Nederland.* 21 November.

Sitniakowsky, I. 1992. 'Soldatenliederen' briljante dichtbundel van 46-jarige debutante Anna Enquist alias Christa Widlund. *De Telegraaf.* 3 Januarie.

Spies, Lina. 2006. Ongebluste kole van wellus en geluk. *Die Burger* BY. 15 Julie: 9.

Vaessens, Thomas & Jos Joosten. 2003. *Postmoderne poëzie in Nederland en Vlaanderen.* Nijmeghen: Vantilt.

Van der Merwe, Chris N en Hein Viljoen. 1998. *Alkant Olifant. 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Van Coller, H en Bernard Odendaal. 2005. Die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme. *Stilet* XVII (3). September: 1-46.

Van Gorp, H., R. Ghesquiere, D. Delabastita & J. Flamend. 19933(1980). *Lexicon van literaire termen.* Groningen: Wolters-Noordhoff.

Van Luxemburg, Jan, Mieke Bal & Willem Weststeijn. 1990. *Over literatuur.* Muiderberg: Coutinho.

Vodička, F. 1976. *Die Struktur der literarischen Entwicklung.* München: Fink.

H.W. (Hans Warren) 1992. Onbeteugelde poëzie van Anna Enquist. *Provinciale Zeeuwse Courant.* 23 Oktober.

Ter Wee, Jan. 1985. Gerrit Kouwenaar. In: *Kritisch lexicon van de Nederlandstalige literatuur na 1945.* Groningen: Wolters Noordhoff.

Van Zyl, W.J. 2000. 'n Vijftiger uit die koue Bokkeveld? *Tydskrif vir letterkunde* XXXVIII(1/2). Februarie/Mei: 51-62.

Wieg, Rogie. 1992. De vingers onder de steen. *HP/De Tijd*. 13 November.

Wijgh, Hanneke. 1992. 'Wie kust het jukbeen, vindt de scherpe scouder in mijn

mouw?' Onderhoud met Anna Enquist. *Trouw.* 13 Februarie.
Wijgh, Hanneke. 1994. Anna Enquist: "Uiteindelijk willen we bij vader op schoot, voor goed, voor altijd". *Trouw.* 25 Augustus.
Zuiderent, Ad. 1992. Operatieve poëzie tussen ziel en muziek. *Trouw.* 30 Januarie.

T.N&A

Intekenvorm

Titel:	Prof.	Dr.	Ds.	Mnr.	Mev.	Me.

Voorletters en van: .....

Adres: .....

.....

..... Kode: .....

Tel. (W): ..... (H): ..... (Faks): .....
Sel: ..... E-pos: .....

Betaling: Suid-Afrikaanse Intekenaars: R 100
Buitelandse Intekenaars: R 175

☐ per tjek / posorder uitgemaak aan die SAVN

☐ per direkte deposito aan SAVN, Rekening no. 1190154676
ABSA, Kode: 630125
Pietermaritzburg
Suid-Afrika

Geteken: ..... Datum: .....

Pos of faks asseblief die depositostrokie en rekening as bewys van betaling.

Adres: Me. Renée Marais
E A G
Universiteit van Pretoria
0002 Pretoria
Suid-Afrika

E-pos: renee.marais@up.ac.za

Tel.: +27 12 420-4592
Faks: +27 12 420-3682

Kansellasies geskied op skriftelike versoek. Kwitansies word op versoek gestuur.

Riglyne vir outeurs:

Manuskrip vir T.N&A *bestaan uit die volgende onderdele:*

- U naam, adres, telefoonnommer, faksnommer en e-pos adres op 'n afsonderlike bladsy.
- 'n Uitdruk van die artikel (in drievoud).
- Genommerde illustrasies, indien benodig, met duidelike aanduiding van waar hulle in die teks geplaas moet word.

Aanwysings vir die artikel self:

- Bydraes kan in Afrikaans, Nederlands, Duits of Engels geskryf word.
- Gebruik die geldende spelling van hierdie tale.
- Ná die titel van die artikel volg 'n samevatting van maksimaal 150 woorde. Die samevatting behoort in Afrikaans of Nederlands te wees indien die artikel in Duits of Engels geskryf is.
- Moenie afkortings gebruik nie (skryf "onder meer", nie "o.m." nie).
- Laat die eerste reël van 'n paragraaf inspring, behalwe ná 'n opskrif.
- Laat langer aanhalings inspring, en onderskei hulle deur middel van witreëls van die res van die teks.
- Verwys na notas met behulp van syfers in boskrif.
- Gebruik by aanhalings dubbele aanhalingstekens (" ") behalwe by aanhalings binne aanhalings (" ' ' ").
- By aanhalings val die leesteken slegs binne die aanhalingstekens wanneer dit deel vorm van die aanhaling.
- Die publikasie waarna in die artikel verwys word, verskyn agteraan in 'n bibliografie.
- Gebruik by voorkeur die Harvard-sisteem van titelbeskrywing en verwysing.
- Verwysings in die teks word aangedui deur die name van outeur(s), jaar van publikasie en bladsynommer(s) tussen hakies te plaas. Byvoorbeeld: (Lijphart-Bezuidenhout, 1984: 40-42).
- Titelbeskrywing in die bibliografie aan die einde van die artikel (titels in alfabetiese en kronologiese volgorde):

> **Groeneboer, Kees.** 1993. *Weg tot het Westen: het Nederlands voor Indië: een taalpolitieke geschiedenis.* Leiden: kitlv Uitgeverij.
>
> **Lijphart-Bezuidenhout, Tr.** 1984. Thomas François Burgers - *Toneelen, Tijdschrift voor Nederlands en Afrikaans,* 2 (1): 38-56.

Disket:

- Lewer 'n disket in met die definitiewe teks van die artikels; dit wil sê, nadat enige kritiek verwerk is.
- Skryf die naam van die gebruikte woordverwerkingspakket op die disket. T.N&A gee voorkeur aan die Richtext (rtf) -formaat. Ander formate sal sover moontlik konverteer word.
- Hou 'n oorspronklike kopie.

Redaksionele beleid:

Alle bydraes word anoniem op geskiktheid van publikasie beoordeel deur ten minste twee beoordelaars, onafhanklik van die redaksie van die T.N&A. Die kopiereg van artikels gepubliseer in T.N&A berus by die redaksie. Menings wat in T.N&A uitgespreek word, hoef nie noodwendig deur die redaksie gedeel te word nie.